

DIE INHOUD VAN DIE SPREEKWOORD

IN TSWANA

deur

FRIEDRICH ADOLF JOHANNES DIERKS

Voorgelê ter vervulling van die vereistes

vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die Departement Bantoetale aan die

Universiteit van Suid-Afrika

Datum van indiening: 22 Desember 1972

## DANKBETUIGINGS

Graag betuig ek my opregte dank aan die volgende persone:

Aan prof. dr. D. Ziervogel wat as studieleier gedurende die jare van studie onvermoeid geduld getoon het.

Aan mnr. J.W. Snyman, M.A. wat deur sy wye kennis van Tswana waardevolle hulp by die ontleding van Tswanaspreekwoorde gegee het.

Aan 'n groot aantal Tswanainformante wie se name nie almal genoem kan word nie, maar wat met groot entoesiasme inligting oor spreekwoorde verstrek en my die groot waarde daarvan laat besef het.

Aan mej. A. Wrogemann, dr. H. Stielau en mnr. C.S. van Rooyen, B.A. Hons. wat baie tyd bestee en moeite gedoen het om die Germanismes uit my Afrikaans te verwyder.

Aan my vrou wat al die jare geduldig vele opofferings moes maak.

INHOUDSOPGAWE

	<u>HOOFSTUK 1</u>	bladsy
1	<u>INLEIDING</u>	6
1.1	VERANTWOORDING	6
1.2	METODOLOGIESE OPMERKINGS	6
	1.2.1 Omvang van die navorsingsterrein	6
	1.2.2 Metode van navorsing	7
	1.2.3 Verwysings na bronne	8
	1.2.4 Metode van annotering	9
1.3	ASPEKTE EN VERSKYNSELS BY DIE TSWANASPREEKWOORD	10
	1.3.1 Die verstaanbaarheid	10
	1.3.2 Die intellektuele vlak	12
	1.3.3 Die betekenis en toepassing	13
	1.3.4 Wisselinge	15
	1.3.5 Verskille in die spreekwyse	18
1.4	DIE DIDAKTIESE STREKKING	21
1.5	DIE TSWANASPREEKWOORD EN SPREEKWOORDE UIT ANDER TALE	22
1.6	DIE TSWANASPREEKWOORD EN DIE OU TSWANAKULTUUR	27
1.7	DIE MENS AS SENTRUM VAN DIE TSWANASPREEKWOORD	29
	<u>HOOFSTUK 2</u>	
2	<u>TSWANASPREEKWOORDE MET ANNOTERINGS, GERANGSKIK VOLGENS DIE ASPEKTE VAN DIE TSWANAKULTUUR</u>	31
2.1	ALGEMENE ASPEKTE VAN DIE MENSLIKE LEWE	32
	2.1.1 Menswaardigheid	32
	2.1.2 Rykdom en armoede	34
	2.1.3 Hoop en wanhoop, nood en smarte, gelatenheid en volharding	37

	bladsy	
2.1.4	Slimheid en domheid, skoling uit ervaring	42
2.1.5	Geheime en gevare	44
2.1.6	Waaghalsigheid, dapperheid en roem	46
2.1.7	Die hart en sy gevoelens	49
2.1.8	Ouderdom en dood	51
2.2	DIE MENS IN DIE SAMELEWING	54
2.2.1	Onderlinge hulp binne 'n gemeenskap	54
2.2.2	Die mens binne 'n sosiale orde	57
2.2.3	Kapteinskap	60
2.2.4	Verwantskap	62
2.2.5	Verhouding tussen man en vrou	66
2.2.6	Verhouding tussen ouers en kinders	70
2.2.7	Gaste, vreemdelinge en reisigers	75
2.3	DIE MENS EN SY TEKORTKOMINGS EN OORTREDINGS	78
2.3.1	Die waarskuwende gewete	78
2.3.2	Die klein swakhede van die mens	80
2.3.3	Handelinge wat die gemeenskap skade berokken	83
2.3.4	Rusie, haat en vyandskap	87
2.3.5	Boosheid	89
2.4	DIE MENS EN SY REGSPLEGING	93
2.4.1	Reg met betrekking tot besittings	93
2.4.2	Beginsels vir die regspraak in die <u>lekgotla</u>	94
2.4.3	Getuienis in 'n regspraak	97
2.4.4	Straf, berou en skadevergoeding	99
2.5	WERK EN EKONOMIE	101
2.5.1	Gemeenskaplike werkverrigting	101
2.5.2	Inspanning en teleurstelling wat met werk verbonde is	104
2.5.3	Regte en verkeerde houding teen- oor en metodes van werk	106
2.5.4	Voldoende kos as 'n voorvereiste vir goeie werk	108



	bladsy
2.6 DIE MENS EN DIE BONATUURLIKE	110
2.6.1 Ongeluk, geluk en toeval	111
2.6.2 Voortekens en voorgevoel	113
2.6.3 Onpersoonlike bonatuurlike kragte	115
2.6.4 Die wese en handelwyse van God	117
 <u>HOOFSTUK 3</u>	
3 <u>SAMEVATTENDE OPMERKINGS</u>	119
3.1 DIE OORHEERSENDE ROL VAN DIE GEMEENSKAP	119
3.2 DIE ROL VAN WET, STATUS EN GESAG	120
3.3 POSITIEWE EN NEGATIEWE LEWENSBEKOUINGS	122
3.4 ETIESE TREKKE	123
3.4.1 Die verskil tussen handeling binne en buite die gemeenskap	124
3.4.2 Ontbrekende idealisme by etiese handeling	124
3.4.3 Die bewaring van die menslike lewe as etiese norm	125
 BIBLIOGRAFIE	 127
OPSCHEIDING	130

## HOOFSTUK 1

### 1 INLEIDING

#### 1.1 VERANTWOORDING

Die spreekwoord in Tswana is 'n afdeling van hul tradisionele letterkunde. Soos die res van die tradisionele letterkunde is ook die spreekwoord mondelings van geslag tot geslag oorgelewer. Spreekwoorde vorm 'n groot en dinamiese deel van die tradisionele letterkunde.

Die Tswanaspreekwoord is 'n deel van die gesproke taal. Deur hulle in 'n versameling op skrif te stel, voeg 'n mens noodwendig iets kunsmatigs by die spreekwoord. 'n Spreekwoord word eers heeltemal sinvol wanneer dit in 'n bepaalde situasie toegepas word.

Dit het egter nodig geword om die Tswanaspreekwoorde te versamel en op skrif te stel. Sedert die aanraking van die Tswana met die hedendaagse Westerse kultuur het die gebruik van die spreekwoord onder die Tswana baie afgeneem (vergelyk Plaatje 1916, bl. IX). Dus loop die spreekwoord gevaar om verlore te gaan. Die Tswana sou dan 'n baie waardevolle deel van hulle tradisionele literatuur verloor.

#### 1.2 METODOLOGIESE OPMERKINGS

##### 1.2.1 Omvang van die navorsingsterrein

Daar bestaan twee omvattende versamelings van Tswanaspreekwoorde, naamlik S. Plaatje se Sechuana Proverbs en M.O.M. Seboni se Diane le Maele a Setswana. In die skoolboeke Meleso deur J.C.E. Penzhorn en Buka ya go buisa - 5 & 6 deur P. Leseiyane verskyn daar kleiner en onvolledige versamelings van Tswanaspreekwoorde. 'n Aantal Tswanaspreekwoorde is deur N. Mitchison en A.K. Pilane in 'n artikel The Bakgatla of South-east Botswana As seen through their proverbs gepubliseer en geannoteer. Hierdie spreekwoorde is van A.K. Pilane van Mochudi verkry. In sy boek Lethaku le legologolo het P. Leseiyane spreekwoorde breedvoerig behandel terwyl A.T. Malepe



in sy skoolboek Setswana sa borre 'n sekere aantal Tswanaspreekwoorde aangehaal het. Daar bestaan nistemin nog 'n groot aantal Tswanaspreekwoorde wat nog nie in 'n gepubliseerde versameling opgeneem is nie. 'n Mens kom in gesprekke en in publikasies gedurig op hulle af.

Hierdie ondersoek beperk hom tot één aspek van die Tswanaspreekwoord, naamlik die inhoud. Daar is nog 'n reeks ander aspekte wat ondersoek kan word soos die vorm, tegniek, kulturele funksie, samehang met die spreekwoorde van ander Bantoetale en so meer. Die behandeling van genoemde aspekte val egter buite die bestek van hierdie ondersoek.

### 1.2.2 Metode van navorsing

Die spreekwoorde wat in die verhandeling aangehaal en in hoofstuk 2 geannoteer is, is uit dié bronne verkry waarna in 1.2.3 verwys word. Die versameling van Seboni het by die ondersoek as basis gedien.

Seboni haal in sy versameling eers die spreekwoord aan en voeg dan 'n verklaring en 'n toepassing by. Hierdie gegewens is, waar moontlik, in hierdie ondersoek met dié van ander skriftelike bronne vergelyk. N. Mitchison vertaal in haar artikel die spreekwoorde en verstrek 'n moontlike toepassing. Plaatje het in sy versameling die aangehaalde spreekwoorde vertaal en probeer om 'n Europese ekwivalent te vind.

By die voorondersoek is bogenoemde vertalings, verklarings en toepassings met mekaar vergelyk. Die konteks waarin sekere spreekwoorde deur Tswanskrywers gebruik is, is ook ondersoek om vas te stel of dit lig op die betekenis en toepassing van die betrokke spreekwoord kan werp.

Die versamelde spreekwoorde, hulle betekenis en toepassing is dan in gesprekke met 'n groot aantal proefpersone getoets wat tydens 'n veldondersoek in Wes-Transvaal en Botswana geraadpleeg is. Die proefpersone was kapteins en hulle raadgewers, predikante, onderwysers, maar ook gewone stamlede. Hulle het deurgaans aan die ouer geslag behoort. Jonger persone het min belangstelling getoon.

Die proefpersone het nie slegs die spreekwoorde waaroor hulle uitgevra is, verklaar nie, maar gewoonlik ook ander spreekwoorde aangehaal wat nog in geen versameling verskyn het nie. Gesprekke met die volgende drie persone was uiters vrugbaar: (i) Opperhoof Bathoeng II van Kanye wat vier dekades lank die stam van die Bangwaketse geregeer het; (ii) mnr. M.S. Kitchin van Gaborone, wat ook besig is om 'n studie van Tswana-spreekwoorde te maak en gereeld in Radio Botswana oor spreekwoorde praat; (iii) mnr. A. Pilane van Mochudi, die informant en medewerker van N. Michison, van wie 'n aantal ongepubliseerde spreekwoorde verkry is. Nog baie ander mans en vrouens het waardevolle informasie verstrek. Aan hulle, soos aan die bogenoemde persone, is ek hartlike dank verskuldig vir hulle belangstelling en geduld. So ver moontlik is die gesprekke op band opgeneem en was vir die ondersoek beskikbaar.

Teen alle verwagtings in kon by die ondersoek talryke wisselvorme met betrekking tot die bewoording van spreekwoorde vasgestel word. Daarenteen het die betekenis en toepassing wat deur die informante verstrek is, in die meeste gevalle met dié wat in skriftelike bronne opgeteken is, ooreengestem. Dit is met so min afwykings as moontlik in die verklarende deel B van die annoterings weergegee. Opvallende wisselvorme en afwykende verklarings is gewoonlik aangehaal.

### 1.2.3 Verwysings na bronne

Daar word gepoog om so volledig moontlik te verwys na die bronne waar 'n bepaalde spreekwoord nageslaan is. Eers word verwys na dié bronne waar die spreekwoord presies of naastenby soos in die verhandeling aangehaal word. As in sekere bronne 'n afwykende bewoording voorkom, word na hulle met die afkorting alt: (vir alternatiewe of verwante spreekwoord) verwys. Die afkortings wat gebruik word, is die volgende:

Sb. gevolg deur die betrokke nommer vir Seboni se versameling: Diane le Maele a Setswana.

Pl. gevolg deur die betrokke nommer vir Plaatje se versameling: Sechuana Proverbs.



- Ls. gevolg deur die betrokke nommer vir Leseeyane se versameling in Buka ya go buisa - 5 & 6.
- Ls. gevolg deur 'n bladsynommer vir Leseeyane se boek: Letlhaku le legologolo.
- AP. gevolg deur 'n bladsynommer vir N. Mitchison en A. Pilane se artikel: The Bakgatla of South-eastern Botswana As seen through their proverbs.
- AP. sonder enige nommer verwys na spreekwoorde wat persoonlik van A. Pilane verkry is.
- Br. gevolg deur 'n nommer verwys na 'n geskrewe versameling van Tswanaspreekwoorde deur O. Brümmerhoff.
- D. verwys na ongepubliseerde spreekwoorde wat deur my persoonlik versamel is.

Na spreekwoorde wat uit ander bronne afkomstig is, word op die gebruikelike manier verwys.

Soms word in die ondersoek verwys na verklarings of toepassings wat deur versamelaars van spreekwoorde gemaak is. Indien nie anders vermeld nie, staan hulle in dieselfde bron waarna in verband met die bewoording van die spreekwoord verwys word.

#### 1.2.4 Metode van annotering

In hoofstuk 2 word 'n aantal spreekwoorde geannoteer. Eers word die betrokke spreekwoord letterlik aangehaal en na bronne verwys. By die aanhaling word die amptelike ortografie gebruik, al is die spreekwoord in die betrokke bron ook in 'n ander ortografie geskryf. Daarna volg die eintlike annotering wat in 'n deel A en 'n deel B verdeel is.

Die doel van deel A is om die bewoording van die spreekwoord te verduidelik. Die spreekwoord word dus eers vertaal waarby daar gepoog word om die Tswana-woordorde so ver moontlik te behou. Daarna word, sover nodig, die betekenis van sommige woorde verduidelik. As die spreekwoord 'n beeld bevat, word dit verklaar.

Daarna volg deel B wat die betekenis van die spreekwoord verduidelik. Soms word ook toepassings aangehaal wat dikwels heelwat van die oorspronklike betekenis kan verskil.



### 1.3 ASPEKTE EN VERSKYNSELS BY DIE TSWANASPREEKWOORD

#### 1.3.1 Die verstaanbaarheid

Tswanaspreekwoorde is dikwels nie maklik verstaanbaar nie. Veral mense wat buite die Tswanakultuursfeer leef, ondervind daarmee baie probleme. Dit is ook vir baie van die hedendaagse Tswana wat reeds in 'n groot mate akkulturasie ondergaan het, soms moeilik om van hulle eie spreekwoorde te verstaan.

Tswanaspreekwoorde is meesal baie oud. Soms word woorde gebruik wat in die huidige omgangstaal in onbruik geraak het. Hierdie woorde word egter nie deur moderne ekwivalente vervang nie omdat spreekwoorde vyandig teen veranderings staan (vgl. Guma 1967, bl. 65 - UNISA Tsw. II, bl. 9). Lesevane verwys in sy boek Letlhaku le legologolo na die spreekwoord:

Sakanye a tshela molapo a bo a ikantse boditse jo bo phepa (Ls. bl. 10).

Hy berig dat niemand wat hy ondervra het, die betekenis van die woord sakanye geken het nie, al het hulle van die spreekwoord geweet en dit ook gebruik. A. Pilane wat in Mochudi, Botswana woon, haal hierdie spreekwoord ook aan (AP. bl.259). Blykbaar ondervind hy geen moeilikheid om die woord sakanye te verstaan nie, want hy vertaal die spreekwoord so:

'The bushy-tailed jackal when it crosses the river, relies on it's (sic!) white tail hair'.

Dit blyk dus dat Pilane in die betreklik afgesonderde Mochudi in Botswana nog 'n kennis van ou Tswanawoorde het wat op ander plekke nie meer bekend is nie.

'n Intensiewe ondersoek in Botswana kan miskien nog lig werp op baie ander onverstaanbare woorde wat in spreekwoorde voorkom.

Tswanaspreekwoorde bevat soms verwysings na historiese figure of name wat miskien opsetlik gevorm is en met die betekenis van die spreekwoord verband hou. Al word sulke name ook nie meer verstaan nie, word hulle met die spreekwoord oorgedra. 'n Voorbeeld hiervan is



die spreekwoord wat lui:

Banna ga ba na thwadi, ba bonywe ke Mmamariga.  
(Sb. 9 - Fl. 31 - Ls. 31).

Plaatje vertaal die spreekwoord soos volg:

'Men are just alike, Mrs. Winter found them out'.

Geeneen van die versamelaars gee 'n verklaring vir die feit dat dit juis "Mrs. Winter" is wat die swakhede van die mans uitgevind het nie. Van my informante kon net een 'n verklaring daarvoor gee wat enigsins aanvaarbaar is, naamlik: 'Die mans is verantwoordelik vir die verskaffing van kosvoorrade vir die winter. Maar wanneer die winter kom, moet die vroue uitvind dat die mans hulle beloftes nie nagekom het nie'. Volgens hierdie verklaring blyk Mmamariga 'n personifikasie van mariga 'winter' te wees. Dikwels is daar egter vir soortgelyke eiename geen verklaring verkrygbaar nie. Daar is dan geen ander uitweg nie as om - soos die Tswana dit vandag algemeen doen - die eiename eenvoudig te aanvaar sonder om hulle te kan verklaar.

By Tswanaspreekwoorde is die betekenis ook dikwels opsetlik versluier. So 'n verdoeseling van die betekenis is 'n stylmiddel wat by spreekwoorde dikwels toegepas word. Leseyane verwys hierna wanneer hy die spreekwoord behandel wat lui:

Pheko ya gole e tsewa ka motlha wa tsholo (Ls. bl. 79).  
'Medisyne van 'n verplek word tydens 'n jagparty gehaal'.

Hy toon dan hoe hierdie spreekwoord sonder die verdoeseling in gewone en maklik verstaanbare woorde weergegee kan word, naamlik:

Pheko e e kgakala e tsewa ka sebaka se fa go ilwe letsholo (Ls. bl. 87).

Wanneer 'n mens hierdie vorm met die spreekwoord vergelyk, merk jy dadelik hoe die uitdrukking sy poëtiese bekoring verloor het.

Ons moet dit dus aanvaar dat Tswanaspreekwoorde moeilik verstaanbaar is. Verdoeseling dien egter as 'n stylmiddel wat bekoring aan die Tswanaspreekwoord verleen.

### 1.3.2 Die intellektuele vlak

Tswanaspreekwoorde verskil van mekaar ten opsigte van die intellektuele peil wat in hulle gehandhaaf word. Sommige is maklik verstaanbare gemeenplase terwyl in ander weer 'n mindere of meerdere mate van gesofistikeerdheid aangetref kan word. 'n Voorbeeld van eersgenoemde is die volgende:

Batho ga ba lekane e se meno.

(Sb. 13 - alt: Sb. 154 - Pl. 158)

'Mense is nie eners nie, hulle is nie tande nie'.

Hierdie spreekwoord is 'n gemeenplaas omdat almal weet dat mense nie eners is nie. Sulke spreekwoorde is egter baie populêr omdat die les wat die spreekwoord bevat, so eenvoudig is. Dit is egter 'n feit dat sulke eenvoudige lesse in die alledaagse lewe dikwels nie in ag geneem word nie. Dit gee dan altyd weer aanleiding tot die herhaalde gebruik van sodanige spreekwoorde.

By die meeste spreekwoorde word egter 'n hoër mate van gesofistikeerdheid aangetref. In hulle word diepere gedagtes bevat wat nie bloot vanselfsprekend is nie. Dit geld byvoorbeeld van die volgende spreekwoord:

Bo a re go tsholwa go le molelo, e re ka moso bo bo bo fodile. (Sb. 16 - alt: AP. bl. 256).

'Wanneer (die pap) opgeskep word, is dit warm.

Die volgende oggend het dit koud geword'.

Dié spreekwoord bevat 'n diepe lewenswysheid. Die warm pap dien as beeld van intense woede. Maar net soos pap oornag afkoel, koel die woede ook na 'n rukkie af. Die betekenis van die spreekwoord is dus dat 'n mens hom nie tot 'n onbesonne daad moet laat verlei wanneer hy woedend is nie. Eers na 'n tydverloop kan hy 'n saak weer reg beoordeel.

In Tswanaspreekwoorde kom 'n baie hoë mate van gesofistikeerdheid betreklik selde voor. 'n Voorbeeld hiervan is die volgende:

Molelo o o timang, o timela go tla o tuka, o o kuelang, o kuelela go tla wa tima (Sb. 811).

'Vuur wat wegkwyn, kwyn weg om weer op te vlam.



(Vuur) wat hoog brand, brand hoog om weer dood te gaan!.

Dit is 'n ongewoon lang en gesofistikeerde spreekwoord. Dit wil mense wat in nood verkeer, troos en tergelykertyd vermaan. 'n Mens moet ten tye van nood nooit die hoop laat vaar nie omdat swaar tye gewoonlik deur voorspoedige tye gevolg word. Aan die ander kant mag 'n mens ook nooit hoogmoedig word wanneer dit goed met jou gaan nie omdat 'n ramp dikwels op voorspoed volg.

Geeneen van my informante het hierdie spreekwoord wat alleen in Seboni se versameling voorkom, geken nie. Daarvan kan afgelei word dat hierdie spreekwoord wat sowel in sy vorm as in sy betekenis baie ingewikkeld is, selde deur die volk gebruik word.

### 1.3.3 Die betekenis en toepassing

"Betekenis" verwys in hierdie samehang na die les wat die spreekwoord wil oordra. Daar moet onderskei word tussen (i) 'n oorspronklike betekenis van die spreekwoord en (ii) die betekenis wat die spreekwoord aanneem wanneer dit onder bepaalde omstandighede toegepas word. So 'n gebruik wyk gewoonlik van die oorspronklike betekenis in 'n mindere of meerdere mate af. Op hierdie wyse kan verskillende verklarings van een en dieselfde spreekwoord ontstaan soos 'n mens dit dikwels by die ondervraging van informante ondervind.

Wat Junod hieroor in verband met Tsongaspreekwoorde skryf, is ook op Tswanasprekwoorde van toepassing. Hy skryf:

"Students of folklore know that the proverb may have an apparent meaning which is quite clear and obvious, and that it may, at the same time, have in actual use a completely different intention..." (Junod 1936, bl.77).

Tswanasprekendes beweer insgelyks dat 'n Tswana-sprekwoord saam met sy verwante vorme en wisselvorme net één basiese betekenis het. Teenoor hierdie bewering staan egter die feit dat 'n mens dikwels verskillende

verklarings van dieselfde spreekwoord kry wat nie met mekaar versoenbaar is nie. 'n Voorbeeld hiervan is die verklarings vir die volgende spreekwoord:

Setshwarwa ke ntša pedi ga se thata (Sb. 1078 - Pl. 614 - Seboni 1961, bl. 30 - alt: Moloto 1963, bl. 59 - AP. bl. 246).

Seboni verklaar die betekenis van die spreekwoord soos volg (in vertaling):

'n Werk kan maklik gedoen word as dit gesamentlik aangepak word'.

Plaatje se verklaring gaan in dieselfde rigting, naamlik dat mense mekaar moet help. 'n Verklaring wat hiervan verskil, vind ons by A. Pilane wat die spreekwoord soos volg vertaal:

'Whatever can be surrounded by two dogs, has no power'.

Sy verklaring van die spreekwoord lui:

'Used when someone is misbehaving and two people get together to tell him he is doing wrong'.

'n Soortgelyke verklaring word ook in Moloto se boek Motimedi en in Seboni se boek Kgosi Isang Pilane veronderstel. Hulle gebruik die spreekwoord om uit te druk dat 'n mens nie voor 'n oormag moet swig nie. Hierdie verklarings is myns insiens nie met dié wat deur Seboni en Plaatje in hulle versamelings gegee word, versoenbaar nie.

Seiler wat 'n omvattende studie van Duitse spreekwoorde gemaak het, beweer dat dit by die interpretasie van Duitse spreekwoorde belangrik is of die beeld in 'n spreekwoord bestaan het voor die betekenis by die beeld gevoeg is, of omgekeerd (Seiler 1967, bl. 151). Lese-yane probeer in sy boek Letlhaku le legologolo aan die hand van 'n reeks spreekwoorde uiteensit hoe toestande, omstandighede en gebeure in die natuur of in die lewe van die Tswana aanleiding tot die vorming van spreekwoorde gegee het. As 'n mens veronderstel dat dit die wyse is waarop Tswanasprekwoorde gewoonlik ontstaan het, naamlik dat 'n sekere betekenis by 'n bestaande



beeld gevoeg is en nie omgekeerd nie, dan is dit ook verstaanbaar dat een en dieselfde spreekwoord verskillende betekenis kan hê. Omstandighede en gebeure wat in spreekwoorde as "beelde" gebruik word, kan immers verskillend geïnterpreteer word.

#### 1.3.4 Wisselinge

Tswanaspreekwoorde het gewoonlik 'n betreklik vaste vorm waarin hulle voorkom (vgl. UNISA, Tsw. II, bl. 9 - Guma 1967, bl. 65). 'n Kenmerk van Tswana is egter sy groot aantal dialekte. By die veldondersoek kon behalwe dialektiese wisselings ook die verskynsel van verwante vorms van een en dieselfde spreekwoord aangetref word. 'n Voorbeeld van sulke wisselinge is die volgende:

Matlo go ša mabapa (Sb. 724 - Pl. 368).

'Huisse brand wanneer hulle langs mekaar staan'.

Van hierdie spreekwoord is twee wisselvorme teëgekem, naamlik:

Matlo go ša mabapi (D.)

Matlo a ša mabapa (Brown, Secwana Dictionary, bl. 172).

In 'n verwante vorm van hierdie spreekwoord word van matlhaku 'afgekapte doringbome (of takke) wat vir 'n laning gebruik word' (vgl. Brown, Secwana Dictionary, bl. 172) gepraat. Hierdie spreekwoord met sy twee wisselvorms lui so:

Matlhaku go ša mabapi (Penzhorn 1926, bl. 76).

'Afgekapte doringbome in 'n laning brand saam'.

Matlhaku go ša a babapi (AP. bl. 256).

Matlhaku go ša mabapa (Br. 43).

Al verskil die bewoording van die wisselvorme in 'n kleiner of groter mate, is hulle betekenis eners, naamlik dat 'n ongeluk nie net 'n enkeling nie, maar die lede van 'n gemeenskap saam tref. Mense word met hierdie spreekwoord vermaan om hulle rusies te laat vaar en saam te staan.

Die informante het òf die een òf die ander van die wisselvorms gebruik, al het hulle ook meer as een gekem.

'n Ander voorbeeld van wisselinge by 'n Tswanaspreekwoord is die volgende:

Maropeng go a boelwa, go sa boelweng ke maleng  
(Sb. 703).

'Na ruïnes word teruggekeer, waarna nie teruggekeer word nie, is die maag (= moederskoot)'.

Lesopeng go a boelwa, go sa boelweng ke maleng  
(Sb. 629).

Go sa boelweng ke maleng, maropeng go a boelwa (AP.).

Mpeng ga go boelwe, sopeng go a boelwa (Pl. 447).

Sopeng go a boelwa, sebopelong ke gona go sa boelweng (Pl. 629).

By die gebruik van Tswanaspreekwoorde kom soms ook individuele wisselings voor, al gebruik een en dieselfde spreker gewoonlik net één van die wisselvorme. Seboni het in sy versameling die volgende spreekwoord opgeneem:

Baratamotho ba kana ka bamotlhoi (Sb. 11).

'Diegene wat jou liefhet, is net so veel soos dié wat jou haat'.

Hy haal egter in sy boek Kgosi Isang Pilane (bl. 38) 'n verwante vorm van hierdie spreekwoord aan wat lui:

Batlhoamotho ba kana ka bamorati.

'Diegene wat jou haat, is net soveel soos dié wat jou liefhet'.

'n Verdere voorbeeld vir 'n individuele wisseling vind ons by Leseyane. In sy versameling het hy die volgende spreekwoord opgeneem:

Ke motho ka ba bangwe (Ls. 233).

'Ek is 'n mens deur ander (mense)'.

Maar in sy boek Letlhaku le legologolo haal hy 'n verwante vorm van hierdie spreekwoord aan wat lui:

Motho ke motho ka yo mongwe (Ls. bl. 163, 168).

''n Mens is 'n mens deur 'n ander (mens)'.

Wisselinge by Tswanaspreekwoorde word nog vermeerder deur die inskakeling van spreekwoorde by 'n sin. By so 'n inskakeling word die vaste vorm van 'n spreekwoord in 'n groter of kleiner mate ontbind en òf die hele spreekwoord òf dele daarvan in 'n sin ingebou.



D. P. Moloto skryf in sy boek Motimedi:

Ga go selo se se itseng go bolaya mong wa sone jaaka lefufa, le go tweng le kile la apewa le leje, leje la butswa lefufa la sala le ntse le gwagwa-retse (Moloto 1961, bl. 22).

'Daar bestaan niks wat sy eie baas so seer kan maak nie soos die jaloesie wat, soos gesê word, eendag saam met 'n klip gekook is, die klip het gaar geword, maar die jaloesie het oorgebly en aangehou om weerstand te bied'.

Die spreekwoord wat in hierdie sin ingeskakel is, lui soos volg:

Lefufa le apeetswe le lentswe, lentswe la butswa, ga sala lefufa (Sb. 593 - Pl. 286).

'Jaloesie is saam met 'n klip gekook, die klip het gaar geword, die jaloesie het oorgebly'.

Dit wil voorkom asof sommige Tswanasprekendes, veral van die ouer geslag, so 'n inskakeling van 'n spreekwoord in 'n sin as ongeoorloof beskou. In 'n gesprek het Opperhof Bathoeng II van Kanye die plaaslike predikant gekritiseer omdat hy die aankondiging van 'n kollekte afgesluit het met die woorde:

Kana gopolang kgetsi ya tsie.

'Onthou tog die sak vir die sprinkane'.

Bathoeng II het dit gekritiseer dat die predikant net 'n deel van die spreekwoord in plaas van die hele spreekwoord aangehaal het en dat hy buitendien die formele inleiding uitgelaat het. Volgens Bathoeng II moes die predikant gesê het:

Kana ba bogologolo ba re: Kgetsi ya tsie e kgonwa ka go tshwaraganela (Sb. 551 - Pl. 246 - Ls. 244).

'Die mense van die outyd het gesê: Die sak vir (die vang van) sprinkane kan gehanteer word as mense gesamentlik hand bysit'.

Die feit dat wisselvorme van spreekwoorde bestaan en gebruik word, was aan die informante wat daarvoor ondervra is, bekend. Hulle was daarvoor nie bekommerd nie omdat hulle 'n letterlike ooreenstemming van die spreekwoorde nie as belangrik beskou het nie. Hulle

het ansgelyks beweer dat alle wisselvorme basies dieselfde betekenis het. Dit was vir hulle van groter belang as 'n letterlike ooreenstemming van die bewoording van die spreekwoorde.

Vir die versamelaar van Tswanaspreekwoorde skeep die wisselvorme nogal probleme. As hy alle wisselvorme wil aanhaal, sal sy versameling baie omslagtig word. Hy sal dus een van die wisselvorme moet kies om as grondslag te dien. So 'n keuse is uit die aard van die saak altyd subjektief en arbitrêr. Dit is onmoontlik om vandag vas te stel watter een van die wisselvorme die oorspronklike spreekwoord daarstel.

### 1.3.5 Verskille in die spreekwyse

Vir die meeste Tswanaspreekwoorde is dit kenmerkend dat hulle nie die alledaagse taalgebruik verteenwoordig nie, maar dat hulle as gevolg van die toepassing van verskeie stylmiddele 'n poëtiese klank het. Dit is hierdie poëtiese klank wat die Tswanaspreekwoord so onvergeetlik in die geheue van die mense inprent. Die ondersoek van die gebruik van stylmiddele val egter buite die bestek van hierdie verhandeling omdat die ondersoek tot die inhoud van die Tswanaspreekwoord beperk is.

Daar is egter ander aspekte van die spreekwyse van die Tswanaspreekwoord wat 'n noue verband met sy inhoud het. As 'n mens die inhoud van die spreekwoord wil bepaal, moet jy eers ondersoek of die betrokke spreekwoord letterlik of figuurlik verstaan moet word. By baie Tswanaspreekwoorde word beelde gebruik wat ten doel het om die betekenis van die spreekwoord in 'n sekere mate te versluier. Die bewoording van so 'n spreekwoord is dus figuurlik. As 'n mens die betekenis van 'n spreekwoord waarin beeldspraak gebruik word, wil vasstel, moet jy eers ondersoek wat deur die betrokke beeld aangedui word.

Alle spreekwoorde is egter in 'n sekere mate figuurlik en nie eenvoudig letterlike bewerings nie. Dit lê in die aard van die spreekwoord dat dit toegepas word op omstandighede en gebeure wat verskil van dié wat tot die ontstaan van die spreekwoord aanleiding gegee het. Al is 'n spreekwoord ook hoe letterlik, word dit nogtans



weens sy toepassing op ander omstandighede in 'n sekere opsig "figuurlik". Om verwarring te vermy, noem ons egter hierdie verskynsel in hierdie ondersoek nie "figuurlik" nie maar wel "spreekwoordelik" omdat hierdie verskynsel by alle spreekwoorde teenwoordig is.

As ons egter van die "spreekwoordelikheid" afsien en die bewoording van Tswanaspreekwoorde ondersoek, merk ons 'n verskil op tussen spreekwoorde wat in hulle bewoording òf 'n letterlike òf 'n figuurlike òf 'n gemengde spreekwyse gebruik. Die volgende spreekwoord is 'n voorbeeld vir 'n letterlike spreekwyse:

Letlaleanya, ntwá (Sb. 633 - Pl. 303).

'n Stiefkind beteken rusie'.

Die bewoording van hierdie spreekwoord bevat geen beeldomhulsel nie. Daar word letterlik bedoel wat die spreekwoord sê, naamlik dat as 'n man met 'n vrou wil trou wat kinders in die huwelik saambring, hy moet besef dat deur die stiefkinders rusie in die familie sal ontstaan.

In watter mate 'n letterlike spreekwyse van 'n figuurlike spreekwyse verskil, kan ons by die volgende spreekwoord sien:

E maši ga e itsale (Sb. 118 - Pl. 117 - Ls. 117 - Malepe 1969, bl. 179 - Penzhorn 1926, bl. 78 - Br. 28).

'('n Koei) wat goed melk gee, herskep haarself nie in haar kalf nie'.

Die spreekwoord praat van 'n koei, van die baie melk wat sy gee en van haar kalf wat nie na die moeder aard nie. Dit is egter net 'n beeld wat as omhulsel vir die betekenis dien. In werklikheid verwys die spreekwoord na 'n mens wat 'n goeie karakter het. Ongelukkig aard sy kind nie na hom nie.

Dit is egter nie altyd moontlik om 'n letterlike of 'n figuurlike spreekwyse so duidelik te bepaal soos by die twee spreekwoorde wat ons aangehaal het nie. By baie spreekwoorde bevat die bewoording sowel letterlike as ook figuurlike dele. 'n Voorbeeld van so 'n gemengde spreekwyse is die volgende spreekwoord:

Kgomo e tshwarwa ka dinaka, motho o tshwarwa ka mafoko (Sb. 556 - Ls. bl. 77 - AP. bl. 247 -

Moloto 1963, bl. 25).

'n Bees word by sy horings gegryp, 'n mens word by sy woorde gegryp'.

Die eerste gedeelte van die spreekwoord, naamlik Kgomo e tshwarwa ka dinaka 'n Bees word by sy horings gegryp', is 'n beeld wat die betekenis in 'n versluiserde vorm bevat. Waarvoor hierdie beeld staan, openbaar die letterlike gedeelte van die spreekwoord, naamlik: Motho o tshwarwa ka mafoko 'n Mens word by sy woorde gegryp'. Die spreekwoord verwys na 'n ondervraging van 'n oortreder. Sowel die figuurlike asook die letterlike gedeelte het dieselfde betekenis: Dit is 'n mens se eie woorde waaruit sy skuld bewys en hy skuldig bevind word.

'n Hele aantal spreekwoorde bevat sowel 'n figuurlike asook 'n letterlike gedeelte. Dikwels bestaan een van die twee gedeeltes net uit 'n kort gesegde of 'n enkele woord soos by die volgende twee spreekwoorde:

Motho ga a itsiwe e se naga (Sb. 871 - Pl. 462 - Ls. bl. 73 - Monyaise 1960, bl. 70 - Modise 1967, bl. 29 - Ntsime, Pelo, bl. 67).

'n Mens word nie deurgrond nie (omdat) hy nie 'n landstreek is nie'.

Die letterlike gedeelte lui: Motho ga a itsiwe 'n Mens word nie deurgrond nie'. Die figuurlike gedeelte word met e se naga 'nie 'n landstreek synde' aangedui.

Mpa thotobolo, e olelwa gotlhe (Sb. 907).

'Die maag is 'n vullishoop, alles word in hom ingelaai'.

Die figuurlike gedeelte bestaan net in die woord thotobolo 'vullishoop'. Die letterlike gedeelte lui: Mpa e olelwa gctlhe 'in die maag word alles ingelaai'.

Opmerking: Weens die neiging van die spreekwoord tot beknoptheid staan gotlhe 'heeltemal' in plaas van ka tsotlhe 'met alles'.



#### 1.4 DIE DIDAKTIESE STREKKING

Die meeste Tswanaspreekwoorde het 'n duidelik didaktiese strekking. Hulle dra die etiese beginsels en gedragspatrone wat deur die volk aanvaar is, van geslag tot geslag oor. Spreekwoorde bevat vermanings vir die mens in sy verhouding tot sedes en die maatskaplike orde, tot sy werk en tot die wet van sy gemeenskap. Hierdie vermanings hou gewoonlik met gebeurtenisse en omstandighede van die alledaagse lewe verband en is nie abstrak nie. Soms bevat spreekwoorde ook net eenvoudige lewenswysede of rigsgoere vir die regte verhouding in bepaalde situasies. Dit is veral die ouer geslag wat met behulp van spreekwoorde die jongeres wil leer, vermaan, waarsku of aanmoedig. Gewoonlik kom die didaktiese strekking duidelik na vore, soos by die volgende spreekwoord:

Tsela kgopo ga e latse nageng (Sb. 1126 - Pl. 68).

'n Ompad laat jou nie in die veld slaap nie'.

Hierdie spreekwoord moedig 'n mens aan om nie vir groot moeite terug te deins nie, as jy daardeur van sukses versker en van ongeluk gevrywaar kan word.

Die didaktiese strekking van spreekwoorde is egter nie altyd ooglopend nie. Dikwels lê dit verborge in eenvoudige stellings wat geen raad of vermaning bevat nie. Die vermaning moet eers deur die samehang geïmpliseer word. 'n Voorbeeld hiervan vind ons by die volgende spreekwoord:

Tlhagala e dule ngwana wa ngaka (Sb. 1111).

'n Sweer het by die dokter se kind uitgekóm'.

Hierdie spreekwoord blyk met die eerste oogopslag 'n eenvoudige stelling te wees wat geen vermaning bevat nie. Nogtans lê 'n les in hierdie spreekwoord opgesluit. Die les kom te voorskyn wanneer 'n mens besef dat 'n dokter veronderstel is om siekte te voorkom of te genees. Die dokter kan dit egter nie verhoed dat by sy eie kind 'n sweer uitkom nie. Daardeur word die les geïmpliseer wat in die spreekwoord skuil, naamlik dat 'n mens sy hoop liewers nie op die groot kennis en vermoë van 'n dokter moet plaas nie omdat jy dan

waarskynlik teleurgestel sal word. Dit is raadsamer om in siekte maar ook in ander nood en ongeluk gelatenheid aan te leer en die nood daardeur te oorkom.

In Tswana kan egter ock spreekwoorde aangetref word wat blykbaar geen didaktiese element bevat nie. Sulke spreekwoorde beskryf net 'n bepaalde situasie. 'n Soortgelyke spreekwoord is die volgende:

Moeng, goroga, re je nama,

(Sb. 769 - Pl. 394 - alt: Seboni, Ramone, bl.25).

'Gas, arriveer, dat ons vleis (kan) eet'.

Hierdie spreekwoord weerspieël die gasvryheid wat onder die Tswana beoefen word. Vir 'n gas moet geslag word. Daardeur kry nie net die gas alleen nie, maar ook die gasheer kos, en daarmee gepaard, ook vreugde en vrolikheid.

Spreekwoorde soos hierdie gee wel inligting oor sedes en gewoontes van die Tswana, maar bevat geen eintlike les nie. Sulke spreekwoorde sonder enige didaktiese element kom egter selde voor.

#### 1.5 DIE TSWANASPREEKWOORD EN SPREEKWOORDE UIT ANDER TALE

Wanneer sekere spreekwoorde nie net in één nie, maar in verskeie Bantoetale voorkom, dui dit waarskynlik op 'n gemeenskaplike kultuurtradisie. 'n Betreklik groot aantal spreekwoorde kom in alle Sothotale voor. Daarenteen is spreekwoorde wat behalwe in die Sothotale ook in Zulu en Xhosa voorkom, betreklik min. 'n Voorbeeld is die volgende spreekwoord:

Ngwana o sa leleng, o swela tharing (Tswana)

(Sb. 935 - Pl. 510 - Ls. bl. 89 - AP. bl. 258 - Penzhorn 1926, bl. 76 - Malepe 1969, bl. 179 - Monyaise 1960, bl. 6).

'n Kind wat nie huil nie, sterf in die abbavel'.

Hierdie spreekwoorde lui in ander Bantoetale so:

Ngwana a sa llogo o hwela tharing (Noord-Sotho)

(Rakoma 1970, bl. 184).

Ngwan' a sa lleng o shwela tharing (Suid-Sotho)

(Mabille - Dieterlen 1961, bl. 321).



Ingan' engakhal' ifel' embelekweni (Zulu)

(Nyembezi 1954, bl. 197).

Usana olungakhaliyo lufel' embelekweni (Xhosa)

(Mesatywa 1954, bl. 206).

Vervolgens word twee van die talryker spreekwoorde aangehaal wat in Tswana, Noord-Sotho en Suid-Sotho gemeenskaplik voorkom:

- (i) Noga ga e ke e latelwe mosimeng (Tswana)  
(Sb. 958 - Pl. 143 - AP.).  
'n Slang word nie tot in sy gat agtervolg nie'  
Noga ga e latelelwe moleteng wa yona (Noord-Sotho)  
(Rakoma 1970, bl. 186).  
Noha ha e qalwe mokoting (Suid-Sotho)  
(Mabille-Dieterlen 1961, bl. 308).
- (ii) E maši ga e itsale (Tswana)  
(Sb. 118 - Pl. 117 - Ls. 117 - e.a.).  
E mafsi ga e itswale (Noord-Sotho)  
(Rakoma 1970, bl. 117)  
Kgomo ya lebese ha e itswale (Suid-Sotho)  
(Guma 1967, bl. 83).

Tswana, Noord-Sotho en Suid-Sotho behoort aan dieselfde taalgroep. In hulle kultuuragtergrond is daar groot ooreenkomste. Spreekwoorde kan dus maklik van die een na die ander taal oorgedra word. Blykbaar kom sulke oornames ook soms voor, veral in die jongste tyd waar die Bantoevolke in 'n groter mate met mekaar in aanraking gekom het. In gesproke Tswana kom 'n mens dikwels spreekwoorde teë wat in geen versameling van Tswanasprekwoorde opgeneem is nie. Die volgende twee spreekwoorde wat in Tswana dikwels gebruik word, verskyn in 'n spreekwoordversameling in Noord-Sotho:

- (i) Lebitla la mosadi ke bogadi (Rakoma 1970, bl. 140).  
'Die graf van 'n vrou is die bruidskat'.
- (ii) Dipelo ga di etelane (Rakoma 1970, bl. 115).  
'Harte kuier nie vir mekaar nie'.

'n Aantal spreekwoorde wat in Tswana gebruik word, is net in Suid-Sotho publikasies aangetref. Die volgende is twee voorbeelde:

- (i) Tieho e tswala tahleho  
(Mabille-Dieterlen 1961, bl. 48)  
'Weifeling bring verderf voort'.
- (ii) Lefura la ngwana ke ho rongwa  
(Mabille-Dieterlen 1961, bl. 93).  
'Vet van (=vir) 'n kind is om gestuur te word'.

In Tswana kom ook 'n aantal spreekwoorde voor wat duidelike ooreenkomste met spreekwoorde uit Europese tale toon. By sulke ooreenkomste moet ondersoek word of dit waarskynlik is dat in sulke verskillende kulture ooreenstemmende spreekwoorde onafhanklik van mekaar kon ontstaan het en of die betrokke Tswanaspreekwoorde nie uit Europese tale ontleen is nie. Sulke ontlenings is moontlik en kom ook werklik voor. Sowel Seboni asook Plaatje en Leseyane het spreuke uit die Bybel as spreekwoorde in hulle versamelings opgeneem soos byvoorbeeld:

Tsholofelo ga e tlabise ditlhong  
(Sb. 1128 - Pl. 69 - Ls. 69).

'Die hoop beskaam nie' (vgl. Romeine 5,5).

Kgasi haal 'n Bybelvers aan en lei dit net soos 'n Tswanaspreekwoord in:

Etswe go twe: Go ja morogo kwa go nang le lorato  
go molemo bogolo go go ja pholo e e nonneng kwa  
go nang le kilo (Kgasi 1951, bl. 34).

'Dit heet mos: Om groente te eet waar liefde is, is beter as om 'n vet os te eet waar haat is'.

Kgasi het dit feitlik letterlik uit Spreuke van Salomo hoofstuk 15, vers 17 oorgeneem.

In Tswana word egter 'n aantal spreekwoorde gebruik waarvan daar nie met sekerheid gesê kan word nie of hulle werklik oorspronklik Tswana is en of hulle uit Europese tale oorgeneem is. Die informante wat in verband met sulke spreekwoorde ondervra is, het almal beslis beweër dat hulle oorspronklik Tswana is. 'n Voorbeeld van sulke spreekwoorde is die volgende:

Ngwana yo o šeleng o tshaba molelo (D.)

Hierdie spreekwoord is in Europese tale goed bekend. Die ekwivalente in Europese tale lui soos volg:



Afrikaans: 'n Kind wat gebrand het, is bang vir die vuur'.

Engels: 'A burnt child dreads the fire'.

Duits: 'Gebranntes Kind scheut das Feuer'.

Nieteenstaande die ooreenkomste met Europese spreekwoorde is dit seker moontlik dat die spreekwoord aan Tswana eie is. In Lefurutshe (Wes-Transvaal) het iemand, wat ek in verband met hierdie spreekwoord onder-  
vra het, beweer dat die spreekwoord verband hou met 'n gewoonte van sy volk: Wanneer 'n klein kind nuuskierig die vuur nader, word hy toegelaat hom homself te brand. Die doel hiervan is dat die pynlike ondervinding die kind 'n les sal leer en hy in vervolg die vuur sal vermy.

'n Ander spreekwoord wat sowel in Tswana asook in Europese tale voorkom, lui:

Letsogo le tlhapisa le lengwe (Sb. 645 - Pl. 279).

'n Hand was die ander een'.

'n Verwante vorm hiervan lui:

Matsogo a tlhapisana (Sb. 729 - AP.).

'Hande was mekaar'.

Ekwivalente uit Europese tale is die volgende:

Afrikaans: 'Die een hand was die ander'.

Duits: 'Eine Hand wäscht die andere'.

Die informante het ook by hierdie spreekwoorde beweer dat hulle oorspronklik Tswana is. Hulle moes egter erken dat die betekenis van hierdie spreekwoord beter deur 'n ander Tswanasprekwoord uitgedruk kan word wat lui:

Mabogo dinku a thebana (Sb. 664 - AP. bl. 245).

'Hande is soos skape, hulle staan kop aan kop'.

In Noord-Sotho lui die spreekwoord:

Letsogo le lengwe le hlatswa le lengwe

(Rakoma 1970, bl. 149).

In Suid-Sotho word dit op die volgende manier aangehaal:

Diatla di a hlatswana

(Mabille-Dieterlen 1961, bl. 12).

Nogtans is dit twyfelagtig of hierdie spreekwoord en sy wisselvorme aan Tswana of aan ander Bantoetale eie is. Die Sothovolke was meer as 'n eeu en 'n half met blankes in aanraking sodat oornames as 'n moontlikheid beskou moet word. Die moontlikheid van 'n parallele ontstaan van spreekwoorde onder Europese volke en Bantoevolke kan egter ook nie summier verwerp word nie.

'n Spreekwoord waarvan aangeneem kan word dat dit uit Europese tale oorgeneem is, is die volgende:

O se rekele kolojane kgetsing

(Pl. 714 - Penzhorn 1926, bl. 76 - alt: Sb. 430).

'Jy moet nie 'n varkie in 'n sak koop nie'.

In hierdie spreekwoord kan net van 'n huisdier en nie van 'n wilde dier sprake wees nie, want kgetsi is 'n knapsak, en dit is baie onwaarskynlik dat 'n wilde vark in 'n knapsak sal gehou kan word. Die beeld wat in die spreekwoord gebruik word, hoort waarskynlik nie by die ou Tswanakultuur nie.

Daarenteen berig Taylor dat reeds in die Middeleeue die 'proverbial phrase' van 'iets in 'n sak koop' gebruiklik was. Vanaf die sewentiende eeu praat 'n mens in Europa daarvan om 'n vark of 'n kat in 'n sak te koop' (Taylor 1931, bl. 187). In Engels word gepraat van 'to buy a pig in a poke' en in Duits van 'die Katze oder das Schwein im Sack kaufen' (vgl. Taylor 1931, bl. 187 - Seiler 1967, bl. 264).

Ook in Noord-Sotho is die idioom Go rekela kolobe kgetsing bekend (Rakoma 1970, bl. 68). Nogtans vermoed ek dat die spreekwoord uit Europese tale oorgeneem is. Die betekenis van die spreekwoord is: 'n Mens moet niks aanvaar sonder om dit eers te beproef nie'. 'n Spreekwoord met 'n soortgelyke betekenis kom in Suid-Sotho voor en lui:

Mohoma o rekwa ka go bonwa

(Mabille-Dieterlen 1961, bl. 426).

'n Pik word gekoop deur bekyk te word'.

Die 'pik' in hierdie spreekwoord hoort duidelik by die kulturele agtergrond van die Bantoe, terwyl die



'vark in 'n sak' nie by hierdie agtergrond pas nie.

By die annotering van spreekwoorde in Hoofstuk 2 is daarvan afgesien om ooreenstemmings met Europese spreekwoorde aan te toon. Sulke ooreenstemmings kom soms voor. Al is die kulturele agtergrond tussen die Westerse volke en die Tswana nog so verskillend, bestaan daar 'n reeks universeel-menslike ondervindings wat aanleiding tot die vorming van ooreenstemmende spreekwoorde gegee het.

'n Voorbeeld is die volgende:

Lore lo ojwa lo sa le metsi (Sb. 648 - Pl. 311 - Br. 1).

'Die stok word gebuig solank hy nog nat is'.

Hierdie spreekwoord het in Europese tale die volgende ekwivalente:

Afrikaans: 'Buig die boompie solank hy nog jonk is'.

Engels: 'Best to bend while it's a twig'.

Duits: 'Das Bäumchen biegt sich, der Baum nimmermehr'.

Die meeste Tswanaspreekwoorde is egter met betrekking tot sowel die bewoording asook die betekenis in so 'n groot mate in die Tswanakultuur ingelas en so heg daarmee verbind, dat verwysings na soortgelyke spreekwoorde in Westerse tale nie juis help om die bewoording en betekenis van die Tswanaspreekwoord op te helder nie.

#### 1.6 DIE TSWANASPREEKWOORD EN DIE OU TSWANAKULTUUR

Alle informante het daarin ooreengestem dat die Tswanaspreekwoord baie lank gelede ontstaan het. Daar kom net 'n klein aantal spreekwoorde voor wat dinge aanhaal wat uit 'n Westerse kultuuragtergrond afkomstig is. Dit kan dan as 'n duidelike teken beskou word dat die betrokke spreekwoord eers na akkulturasie ontstaan het.

Daar is verskeie redes vir die aanname dat die meeste Tswanaspreekwoorde baie oud is en deel vorm van die ou Tswanakultuur. Die aanhef wat dikwels by die aanhaling deel uitmaak van die Tswanaspreekwoord, beklemtoon byvoorbeeld die ouderdom daarvan. Daar word soms 'n aanhef soos die volgende aangetref:

Mogologolo o rile (Kgasi 1951, bl. 32).

'Die oervoorvader het gesê'.

Bagologolo ba re (Monyaise 1960, bl. 8).

'Die (mense) van die outyd sê'.

Borraetsho-mogologolwane bone ba re

(Seboni 1961, bl. 41).

'Ons vaders uit die verre verlede, hulle sê'.

In Tswanaspreekwoorde kom soms ook woorde voor wat waarskynlik baie oud en vir die hedendaagse Tswana moeilik verstaanbaar is (vgl. 1.3.1). As Tswanasprekendes in verband met sulke moeilik verstaanbare woorde ondervra word, verwys hulle gewoonlik eenvoudig na die feit dat dit presies so deur hulle ouers aan hulle oorgedra is, en dat hulle ouers dit ook reeds presies so van hulle ouers gehoor het. Hulle sal nie die moeilik verstaanbare woorde met moderne en gebruiklike woorde vervang nie, want spreekwoorde is 'n ou tradisie wat geëerbiedig en - volgens hulle mening - nie verander mag word nie.

Die Tswana beskou hulle spreekwoorde as 'n erfenis wat hulle uit die vroegste tye van hulle bestaan as nasie geërf het. Spreekwoorde is dus vir hulle ook nie eenvoudig wyskede nie, maar dit is gesegdes wat gesag het, omdat die ondervindings en beslissings van baie geslagte van voorvaders daarin vervat is. Guma beweer dieselfde in verband met spreekwoorde by die Suid-Sotho (Guma 1967, bl. 99).

Bo en behalwe die spreekwoorde het die ou Tswanakultuur nog ander afdelings van sy 'tradisionele literatuur' gehad soos mites, legendes, liedere en raaisels. Hierdie tradisionele literatuur is van geslag tot geslag mondeling oorgedra omdat die Tswana geen skrif geken het nie. Die mites, legendes en liedere dek net 'n beperkte gebied van die Tswanakultuur. Slegs raaisels en spreekwoorde dek die meeste dele en aspekte van die Tswana se lewe en denkwyses. Raaisels toon in vergelyking met spreekwoorde 'n groot aanpasbaarheid by nuwe dinge. Die hedendaagse raaisel in Tswana verwys na baie dinge wat in die proses van akkulturasie uit ander kulture oorgeneem is. Die spreekwoord word daarenteen gekenmerk deur sy neiging om vyandig teen veranderings te staan (vgl. UNISA, Tswana II, boek 3, bl. 9). As gevolg van hierdie kenmerk kan aangeneem word, dat spreekwoorde weens hulle ouderdom en weens hulle



betreklike onveranderlikheid betroubare inligting oor die ou Tswanakultuur kan verstrek.

As die Tswanaspreekwoord ondersoek word, moet in ag geneem word dat die ou Tswanakultuur vandag as gevolg van akkulturasie in 'n groot mate verdwyn het. Baie Tswana leef reeds vir 'n aantal dekades onder die invloed van die Westerse kultuur en leefwyse. Dit het ook op die Tswanaspreekwoord 'n invloed gehad. Die jong geslag van die hedendaagse Tswana heg geen groot waarde meer aan die Tswanaspreekwoord nie. Hy voel dikwels reeds 'n behoefte om hom in Europese taalidiome en spreekwoorde uit te druk. Die Tswanaspreekwoord ondergaan ook self in sy gebruik en betekenis allerlei veranderings. Hierdie veranderings toon soms 'n afwyking van die oorspronklike gebruik en inhoud wat in die ou Tswanakultuur aanwesig was, en openbaar 'n aanpassing by die huidige leefwyse en lewensbeskouings.

Dit bly egter 'n feit dat die Tswanaspreekwoord oorspronklik in die ou Tswanakultuur tuis hoort. Dit is sy "Sitz im Leben" en teen hierdie agtergrond moet hy verstaan en verklaar word. Niemand sal die proses van verandering en aanpassing tot stilstand kan bring nie. Nogtans moet 'n ondersoek van die Tswanaspreekwoord die oorspronklike gebruik en betekenis in die ou Tswanakultuur as grondslag neem.

#### 1.7 DIE MENS AS SENTRUM VAN DIE TSWANASPREEKWOORD

Die Tswanaspreekwoord dek 'n wye veld ten opsigte van voorwerpe en gedagtes. Veral as daar in die bewoording van spreekwoorde beelde vervat is, word baie uiteenlopende dinge uit die Tswana se kultuur en die natuur wat die volk omring, aangehaal. In spreekwoorde kom huisdiere en wilde diere, die landbou en veeteelt, die regering en maatskaplike lewe, werk en die wet, medisyne en die godsdiens voor. Nieteenstaande hierdie veelvuldigheid het die Tswanaspreekwoord net één middelpunt waarom die betekenis van die spreekwoord draai. Hierdie middelpunt is die mens. Spreekwoorde het nie eintlik betrekking op die verskeie dinge wat daarin aangehaal word, as sodanig nie. Die belangrikheid is geleë in hoeverre hierdie dinge verband hou met die mens en die verskillende aspekte van die



menslike lewe. Daar is net 'n paar spreekwoorde wat op hierdie reël 'n uitsondering is.

Dit is nie toevallig dat by die Tswanaspreekwoord die mens in die middelpunt staan en dat hy deur dinge uit sy kultuur en die natuur uitgebeeld word nie. Dit kom met die Tswana se beskouing ooreen dat hierdie dinge 'n diep verband met die mens hou. Die dinge het behelwe hulle uiterlike en stoflike bestaan nog 'n tweede, nie in die oog lopende bestaansvlak, waar hierdie dinge as dinamies en "met 'n siel" voorgestel word. Ons kan hierdie tweede bestaansvlak van die dinge die "mitiese wêreld" van die Tswana noem waarin die dinge, omdat hulle as "met 'n siel" voorgestel is, met die mens in verbinding staan. In hierdie mitiese wêreld word die mens egter nie so seer as 'n individu nie, maar eerder as 'n deel van 'n menslike lewenstroom beskou wat van die voorvaders deur die hedendaagse geslag tot die nog ongeboore geslagte vloei. Hierdie mitiese wêreld kom ons nie net in Tswanasprokies nie, maar ook in hulle geneeskunde, hulle filosofie en godsdiens teë. Iemand wat nie tot die Tswanagemeenskap behoort nie, het selde of ooit toegang tot hierdie mitiese wêreld.

By die ondersoek van die Tswanaspreekwoorde kan 'n mens groot probleme ondervind, as jy die verband tussen 'n bepaalde beeld, wat in die spreekwoord voorkom, en die betekenis van die spreekwoord wil vasstel. As jy die Tswana daaromtrent ondervra, verstaan selfs diegene met 'n filosofiese aanleg nie die vraag nie. Vir die Tswana self is die verband tussen die beeld en die mens waarop dit toegepas word, heeltemal duidelik, maar hy kan dit nie aan ander mense en veral nie aan buitestaanders duidelik maak nie. Dit is dinge wat hy met sy gevoel benader en waarin hy eenvoudig leef. Die informante het op vrae na die verband tussen die beeld en die toepassing daarvan op die mens sonder meer daartoe oorgegaan om die betekenis van die spreekwoord te verduidelik. Tot op enkele uitsonderings het hierdie betekenis altyd met die mens verband gehou.



HOOFSTUK 22 TSWANASPREEKWOORDE MET ANNOTERINGS, GERANGSKIK VOLGENS DIE ASPEKTE VAN DIE TSWANAKULTUUR

In hierdie hoofstuk word omtrent 200 Tswanaspreekwoorde aangehaal, geannoteer en verklaar. Hulle is geselekteer uit 'n totaal van meer as 900 spreekwoorde wat uit verskillende bronne en deur eie versamelwerk verkry is.

By die keuse van die spreekwoorde wat aangehaal en geannoteer is, is gepoog om soveel moontlik aspekte van die Tswana se lewe en aktiwiteite wat in spreekwoorde voorkom, in ag te neem. By die indeling is nie die bewoording of, as die spreekwyse figuurlik is, die beeld nie maar die betekenis van die spreekwoord in aanmerking geneem.

Die betekenis van die Tswanaspreekwoord het tot op enkele uitsonderings met die mens te doen. Dus kom die mens voor in alle opskrifte van die ses hoofgroepe waarin die spreekwoorde verdeel is. Die opskrifte is die volgende:

- 2.1 Algemene aspekte van die menslike lewe
- 2.2 Die mens in die samelewing
- 2.3 Die mens en sy tekortkominge en oortredinge
- 2.4 Die mens en sy **regspiegeling**
- 2.5 Die mens en sy werk en ekonomie
- 2.6 Die mens en die bonatuurlike

Hierdie hoofgroepe is nog weer in subgroepe onderverdeel om spreekwoorde wat sekere ooreenkomste toon, saam te groepeer. By hierdie indeling in groter en kleiner groepe is nie uit die oog verloor dat die verskeie aspekte van die menslike kultuur onderling saamhang en 'n funksionele geheel vorm nie. Elke indeling van spreekwoorde in groepe is dus noodwendig in 'n sekere mate kunsmatig omdat die groepe mekaar dikwels oorvleuel en sekere spreekwoorde in meer as een groep sou inpas. Nogtans help 'n indeling om 'n oorsig te verkry oor die gebiede wat deur die spreekwoorde gedek word. Veral help die

indeling om samevattend sekere kenmerke wat in spreekwoorde na vore kom, aan te toon.

Oor die metode van annotering en die funksie van die dele A. en B. by die annotering vergelyk 1.2.4.

## 2.1 ALGEMENE ASPEKTE VAN DIE MENSLIKE LEWE

Onder hierdie opskrif is 'n groot aantal spreekwoorde in 'n reeks subgroepe saamgevat. Verskeie aspekte van die menslike lewe word aangeroer. Die sienswyse van die Tswana met betrekking tot die veelvuldige vreugdes en smarte asook die mens se bepeinsinge en sy gesindheid teenoor die lewe word hier behandel.

### 2.1.1 Menswaardigheid

In die menslike samelewing geld sekere basiese beginsels waarvolgens elke mens op 'n menswaardige behandeling geregtig is.

#### 2.1.1.1 Ga le ke le epa le kgatlhana e se la diphologolo (Sb. 156 - Pl. 153 - Ls. 153)

- A. 'Die jagparty sal nie saamgeroep word en met 'n sirkelvormige beweging omsingel nie, tensy dit ('n jagparty) vir diere is'.

Die veronderstelde onderwerp waarna die skakel le verwys, is letsholo 'jagparty'.

Dit wil voorkom asof die bedrywende vorm by die werkwoord epa (hier in verbinding met jagparty: 'saamroep') in plaas van die verwagte lydende vorm gebruik is as 'n stylmiddel om deur 'n ongewone uitdrukkingswyse die aandag te trek.

Die beeld: 'n Jagparty word saamgeroep en voer 'n sirkelvormige beweging uit om diere te omsingel. Die omsingelde diere kan nie meer ontsnap nie en word deur die jagters doodgemaak.

- B. Jy mag nie 'n mens soos 'n dier jag of doodmaak nie, maar moet hom menswaardig behandel. Nie uitgesproke maar veronderstel is die eis dat teen 'n mens, as hy oortree het, wetlike prosedure ingestel moet word.



2.1.1.2 Ga le ke le feta kgomo le tlhaba motho  
(Sb. 157 - Pl. 154 - Ls. 154)

- A. 'Die (assegaai) sal nie by 'n bees verbygaan en 'n mens tref nie'.

Die veronderstelde onderwerp waarna die skakel le verwys, is lerumo 'assegaai'.

Die beeld: 'n Bees word doodgemaak deur hom met 'n assegaai te steek. Die beeld veronderstel wat nie mag gebeur nie, naamlik dat die assegaai die bees mis en 'n mens tref.

- B. 'n Mens is van groter waarde as 'n bees of enige ander besitting. As iemand vir 'n oortreding veroordeel word, kan sy mense 'n bees opoffer en hom daarmee loskoop. Die spreekwoord keur dit af as hulle hom nie loskoop nie maar hom liewers die liggaamlike straf laat verduur. So 'n behandeling is nie menswaardig nie.

2.1.1.3 Moswelagae ga a jewe, o tshwana le moswelanageng  
(AP. bl. 244 - alt: Sb. 869 - Pl. 458 - Modise 1967, bl. 47)

- A. 'n Tuisgestorwene word nie geëet nie, hy is gelyk aan 'n in-die-veld-gestorwene'.

Die beeld: Die spreekwoord suggereer 'n beeld wat egter onmiddellik weer ontken word, naamlik dat 'n lyk opgeëet word. Die Tswana vertel wel in sprokies van madimo-bajabatho 'menvreters', maar beskou mensvretery as iets afgrysligs.

Insgelyks gebeur dit by hulle nooit dat lyke nie begrawe word nie, maar uitgesit word om deur die wilde diere opgevreet te word. Volgens verskeie bronne blyk dit dat hierdie gewoonte onder ander Bantoevolksgroepe in die ou tye aangetref kon word (vgl. Schapera 1939, bl. 248<sup>3</sup>)

Die meeste informante is egter van mening dat ga a jewe 'hy word nie geëet nie' nie letterlik bedoel word nie maar in die betekenis van 'oneerbiedig behandel' verstaan moet word.

- B. Elke mens is op 'n menswaardige begrafnis geregtig. Orals is daar medemens wat 'n lyk eerbiedig behandel. Dus maak dit geen verskil of iemand tuis of in die vreemde sterf nie. Die spreekwoord se funksie is om te troos as iemand op 'n reis gaan of op 'n verafgeleë plek moet werk.

Opmerking: Onder die Tswana is vandag 'n wisselvorm baie bekend wat lui:

Moswelagae ga a jewe, o tshwana le moswela-Matebeleng (D.).

'n Tuisgestorwene word nie geëet nie, hy is gelyk aan dié wat by die Matebele gesterf het'.

2.1.1.4 Ga go mogakajwane o se keng o nnelwa sebibi  
(Sb. 155 - Pl. 145 - Ls. 145 - Modise 1967, bl. 17)

- A. 'Daar is geen kraaitjie by wie se sterfplek nie gesit word nie'.

Mogakajwane is die verkleinwoord van mogakabe 'kraai' en is neerhalend bedoel: 'n Onbeduidende kraaitjie'.

Sebibi: 'A place where an animal has died or been killed' (Brown, Secwana Dictionary, bl. 268).

Die beeld: 'n Kraai het doodgegaan en ander kraaie sit by sy sterfplek en rou oor hom.

- B. Daar is niemand oor wie daar by sy afsterwe nie gerou word nie. Rou is 'n teken van eerbewys wat elkeen toekom al het hy nie 'n hoë status gehad of roem verwerf nie.

2.1.2 Rykdom en armoede

Rykdom en armoede was onder die Tswana welbekend. In Tswanaspreekwoorde word rykdom as sodanig nie gekritiseer of die verwerwing daarvan as verkeerd beskou nie. Daar word egter op die onbestendigheid van rykdom gewys en die mense word gewaarsku om nie op aardse besittings te vertrou nie.



2.1.2.1 Go nwa tse di tšhopša, tse di dinaka di a faralala fela

(Sb. 196 - Pl. 203 - alt: Sb. 207 - Ls. 202)

- A. 'Die poenskop-beeste drink, dié met horings steek net vas'.

Die skakel tse di verwys na 'n veronderstelde selfstandige naamwoord, naamlik dikgomo 'beeste'.

Die beeld: Poenskop-beeste kry by die drinkplek almal genoeg water omdat hulle mekaar nie hinder as hulle drink nie. Die beeste met lang horings raak verstrik sodat nie een van hulle die water kan bykom nie.

- B. Welgestelde mense en mense met 'n hoë status is bevoorreg bo arm mense en mense met 'n lae status. Hulle word nie in hulle planne deur gebreke en ontberings belemmer nie. 'n Mens kan armoede die beste oorkom deur dit te aanvaar en met gelatenheid te berus.

Opmerking: Informante kon geen verduideliking gee hoekom poenskop-beeste as 'n beeld vir rykes en vir mense met 'n hoë status, maar horingbeeste vir armes en vir mense met 'n laë status gebruik is nie. Dit blyk asof die rede daarvoor eenvoudig die feit is dat poenskoppe die water bereik maar horingbeeste mekaar hinder. Die vorm van die horings speel blykbaar by die betekenis van die spreekwoord geen rol nie.

2.1.2.2 Khumo le lehuma di lala mmogo (Sb. 575 - Pl. 271 - Ls. 269 - Malepe 1969, bl. 179)

- A. 'Rykdom en armoede slaap bymekaar'.

Die beeld: In die spreekwoord word rykdom en armoede gepersonifiër. Hulle word uitgebeeld as persone wat bymekaar hoort en dus bymekaar slaap.

- B. Rykdom en armoede is nie soos dit gewoonlik beskou word, ver van mekaar verwyder nie. Dus word die rykes teen die onbestendigheid daarvan gewaarsku. Daarenteen moet die armes moed hou want ook hulle kan eendag voorspoedig wees.

2.1.2.3 Khumo, taka (D.).

- A. 'Rykdom flikker en gaan dood'.

Die beeld: 'n Lig flikker vinnig op en gaan gou weer dood.

Die vertaling kan net onvolledig die beknoptheid van die klankbeeld taka weergee wat die vinnige opflikkering van 'n lig wat gou weer dood gaan, uitbeeld.

- B. Rykdom is kortstondig. 'n Mens besef dit eers wanneer jy alles verloor het. 'n Mens behoort altyd daaraan te dink dat jy skielik jou besittings kan verloor.

2.1.2.4 Khumo matlhare, e a tlhotlhorega

(Sb. 576 - alt: AP. bl. 252)

- A. 'Rykdom is blare, dit val (soos blare van 'n boom) af'.

Die beeld: Blare is nie vas aan 'n boom nie. Hulle val maklik af as die winter kom. Ook die boom met baie blare word in die winter kaal.

- B. Rykdom is nie noodwendig permanent nie. 'n Mens se besittings kan jou een vir een ontval en jy besef dit eers wanneer dit nie meer daar is nie.

Opmerking: Pilane haal 'n verwante vorm van hierdie spreekwoord aan. Blykbaar ken hy dit in verbinding met 'n ander spreekwoord want hy gee die bewoording soos volg:

Leruo ke segwagwa le ya mathuma, ke matlhare le a tlhotlhorega.

'Lewende hawe is 'n padda, dit spring van plek tot plek, dit is blare, hulle val af'.

Seboni en Malepe ken die eerste gedeelte van Pilane se spreekwoord, waar die rykdom met 'n springende padda vergelyk word, as 'n selfstandige spreekwoord en haal 'n wisselvorm daarvan aan (Sb. 620, - Malepe 1969, bl.183).



### 2.1.2.5 Pelo go tswa tsa baji (AP. bl. 253)

- A. 'Die harte van die eters kom uit (= begeer)'.

Die beeld: Met 'eters' word welgestelde mense bedoel wat alles het en net kan eet wat hulle begeer. Hierdie begeerte bly nadat hulle arm geword het.

- B. Ryk mense kry swaar wanneer hulle arm word. Hulle was aan 'n lewe van oorvloed gewoond. Hulle ly meer onder armoede as iemand wat altyd in armoede geleef het.

### 2.1.3 Hoop en wanhoop, nood en smarte, gelatenheid en volharding

Die lewe van die mens is vol beproewinge. Dus word 'n mens tussen hoop en wanhoop heen en weer geslinger. Die spreekwoorde van hierdie groep vermaan 'n mens om die swaar in die lewe maar te aanvaar en daarby te berus. Dit sal niks help om sy hoop op onsekere dinge te vestig nie. Dit is veral belangrik om in beproewinge nie moed te verloor nie.

Dit is opmerklik in watter mate spreekwoorde op 'n fatalistiese wyse die klem op gelatenheid lê. Soms ontmoedig hulle selfs die vooruitberaming van planne om nood en ongeluk te probeer afweer. Al kom hierdie ontmoediging ook nie altyd in die bewoording van die spreekwoorde na vore nie, bewys verklarings en toepassings van informante dat die spreekwoorde in so 'n fatalistiese betekenis verstaan word.

#### 2.1.3.1 Sedibana se pele ga se ikangwe

(Sb. 1042 - Pl. 81 - Penzhorn 1926, bl. 76 - Motlhasedi 1964, bl. 14 - Ls. bl. 109 - Ls. 81)

- A. ' 'n Putjie wat vorentoe lê, moet nie vertrou word nie'.

Die verkleinwoord sedibana 'putjie' bevat 'n verkleinerende spot. Sarkasme word as 'n stylmiddel gebruik.

Die beeld: Iemand vermoed dat êrens vorentoe 'n putjie lê. Die onsekerheid word nog vergroot deur

die feit dat hy nie weet of hy die plek waar die putjie is, sal vind nie.

- B. 'n Mens moet jou nie self bedrieg deur jou hoop op twyfelagtige dinge te vestig nie. 'n Onsekere hoop beteken geen hulp nie. Dit is baie verstandiger as jy jou haglike posisie realisties en gelate aanvaar.

2.1.3.2 O se ka wa ipelela mooka go nya, tlotlo le bokwa le le mpeng (Sb. 977)

- A. 'Wees nie bly omdat die soetdoringboom gom gaan drup nie, oorvloed word geprys wanneer dit in die maag lê'.

Die spreekwoord het twee dele. Die eerste deel bevat 'n beeld en die tweede deel die toepassing daarvan.

Die beeld: 'n Soetdoringboom drup gom. Iemand verbly hom daaroor omdat gom 'n gesogte lekkerny is. Hy word egter gewaarsku om nie voor die tyd bly te wees nie omdat daar nog geen sekerheid bestaan dat hy die gom sal kry nie.

- B. 'n Mens moet nie reeds bly wees oor iets waarop jy maar net kan hoop nie, want jou hoop kan nog verydel word. As jy nie optimisties is nie, sal jy ook nie teleurgestel word nie.

2.1.3.3 Letlotlo le bonwa ka matlho, molomo o sa tlo go le ja (AP. bl. 252)

- A. 'Oorvloed word met oë gesien, (maar) die mond sal dit nie eet nie'.

Die beeld: Die koring op die lande is mooi en 'n groot oes kan verwag word. 'n Ramp kom egter en vernietig alles sodat niks vir die mond oorbly nie.

- B. As 'n mens hom reeds verheug het oor belowende dinge, tref 'n ramp wat alles vernietig, hom baie swaar. So 'n ramp sal hom nie so seer maak nie as hy altyd vir die ergste gereed is en hom nie reeds voor die tyd oor onsekere dinge verheug nie.



2.1.3.4 Teleka ka senya e e se nang mokgosi, tlala  
(Sb. 1109 - Pl. 653)

- A. 'n Agtervolging in stilte sonder geskreeu, is (nie) honger'.

Teleka: deverbatief van leleka 'uitdryf, agtervolg, jag'.

Ka senya 'in stilte' en e e se nang mokgosi 'sonder geskreeu' is 'n tautologie wat 'algehele geruisloosheid' uitdruk.

Die beeld: Die spreekwoord suggereer met teleka 'n lawaaierige jagtog, maar voeg dadelik die paradokse bewering by dat dit heeltemal geruisloos geskied. Die spreekwoord het met hierdie stylfigure die honger meesterlik en onvergeetlik uitgebeeld.

- B. Honger is daarom so gevaarlik omdat dit ongemerk kom. 'n Mens kan nie daarvoor vlug en jou ook nie daarteen verdedig nie. Dus bly niks anders oor as om daarop voorbereide wees en dit gelate te aanvaar as dit kom.

2.1.3.5 Tlhapi, solofela loraga, metsi a tšhele o a lebile (Sb. 1112 - Pl. 672 - Penzhorn 1926, bl. 76 - alt:Sb. 18 - Pl. 39 - Ls. 40)

- A. 'Vis, vestig jou hoop op modder, die water het opgedroog, terwyl jy toegekyk het'.

Die beeld: 'n Kuil het opgedroog. Die visse wat nog in die kuil is, probeer al spartelende om in die modder aan die lewe te bly.

- B. Wanneer die noodlot jou tref, moet 'n mens nie treur oor dinge wat jy verloor het nie, maar jou so goed moontlik na omstandighede skik. - Die spreekwoord word soms toegepas op kinders wat hulle ouers verloor het. Hulle moet nou leer om op eie voete te staan en selfstandig op te tree wanneer moeilikhede opdaag.

2.1.3.6 Phiri o rile: "Ga bo se gangwe" (Sb. 1002 - Pl. 584 - Penzhorn 1926, bl. 78 - AP.)

- A. 'Die wolf het gesê: "Dit word nie net eenmalig nie"'.  
 Die beeld: Die wolf het by dagbreek probeer om 'n prooi te vind, maar het nie daarin geslaag nie. Hy troos homself met die gedagte dat dit môre weer lig sal word en dat hy dan weer op jag sal gaan.

B. In mislukkings moet 'n mens nie tou opgooi of moed verloor nie. 'n Mens moet ook mislukkings kan aanvaar sonder om jou onnodig daaroor te kwel.

2.1.3.7 Go re tshologa bo segong, o solofele bo seatleng (Kgasi 1951, bl. 32 - alt: Sb. 187 - Pl. 200 - Modise 1967, bl. 17)

- A. 'Wanneer die (pap) uit die kalbas stort, vertrou dan op dié wat in die hand is'.  
 Die veronderstelde onderwerp waarna die skakel bo verwys, is bogobe 'pap'.

Die beeld: 'n Kalbas wat as houer vir pap dien, het omgeval en die pap het uitgestort. Iemand was besig om met die hand uit die kalbas te eet. Toe die kalbas omval, het hy nog 'n bietjie in die hand oorgehou.

- B. By 'n verlies moet 'n mens tevrede wees met wat jy oorgehou het. Dit help niks om oor dinge te kla wat jy nie ongedaan kan maak nie. Dit is dus die beste om verliese te aanvaar en genoeg te neem met wat oorgebly het.

2.1.3.8 Seileng se a bo se ile, lesilo ke moselatedi (Sb. 1048 - Pl. 619 - AP. bl. 258 - Kgasi 1951, bl. 45 - Ntsime, Pelo, bl. 61)

- A. 'Wat weggegaan het, is weg, 'n dwaas is hy wat dit agtervolg'.  
 Die beeld: Iets het so finaal weggeraak dat dit nie weer teruggevind kan word nie. Nóg tans is mense gewoonlik so dom en probeer sonder hoop op sukses om dit terug te kry.



2.1.3.9 Maši mannye a mmutla a baya mmutlana pelo  
(Sb. 713)

- A. 'Die min melk van 'n wyfiehaas verbly die hart van die klein hasie'.

Die beeld: Die wyfiehaas wat haar kleintjie laat drink, het maar min melk. Die behoefte van die hasie is egter ook maar klein sodat die melk voldoende is om die hasie te versadig.

- B. Plesier is nie noodwendig afhanklik van groot dinge of van groot hoeveelhede nie. As iemand net klein behoeftes het, sal klein dinge hom maklik verheug en plesier gee. Dit is dus voordelig om matig te wees en jou behoeftes te beperk.

2.1.3.10 Lemme ga le bolaye, go bolaya lefifi  
(Sb. 609 - Pl. 290 - Ls. bl. 111 -  
alt: Monyaise 1965, bl. 31)

- A. 'n Klein hoeveelheid maak nie dood nie, wat wel dood maak, is duisternis'.

Lemme 'n klein hoeveelheid', gewoonlik van kos. Lefifi 'duisternis' is hier 'n metonimia vir 'totale afwesigheid van kos'.

In die spreekwoord word gesê dat dit beter is om 'n klein hoeveelheid kos te hê sodat jy kan bly leef, as om geen kos te hê nie wat die dood beteken.

- B. 'n Mens moet tevrede wees al het jy slegs 'n minimale hoeveelheid kos. Jy behoort te besef dat jou posisie nog erger kon gewees het. Met 'n klein bietjie kan jy nog bly leef, maar as jy glad niks het nie, beteken dit die dood.

#### 2.1.4 Slimheid en domheid, skoling uit ervaring

In Tswana hou die begrippe slim en dom nie so seer verband met 'n mens se verstandelike vermoëns nie. Wat belangrik is, is om die regte benadering en gesindheid teenoor jou werk of teenoor gevaar aan die dag te lê. Die hele menslike lewe van die jeug tot die ouderdom word as 'n skool beskou waarin jy behoort te leer en na ander te luister wanneer 'n geleentheid hom daarvoor voordoet. Hierdie lewenswysheid is in 'n groot mate in spreekwoorde vervat en word deur middel daarvan deur die ouer geslag aan die jongeres oorgedra.

##### 2.1.4.1 E tlhale e amusa e eme, e tshilo e amusa e letse (Sb. 132 - Pl. 124 - Ls. 124)

- A. 'n Slim ooi laat (haar lam) drink terwyl sy staan, 'n dom een laat (haar lam) drink terwyl sy lê'.

Die beeld: Die skakel e verwys na 'n ooi of 'n koei wat haar lam of kalf laat drink. Daar kan van die wyse hoe sy haar lam of kalf laat drink, afgelei word of sy slim of dom is. As sy slim is, laat sy haar lam of kalf drink terwyl sy self staan sodat sy in geval van gevaar dadelik op die vlug kan slaan. As sy onverskillig is, lê sy gemaklik terwyl die kleintjie drink, maar word dus ook maklik deur 'n vyand oorrompel.'

- B. Onverskilligheid is gelykstaande aan domheid. 'n Mens mag nooit onversigtig wees nie. Daarenteen is versigtigheid gelykstaande aan slimheid. Dit hang van jou slimheid af of jy aan die lewe bly.

##### 2.1.4.2 Masilo letlotlo la matlhale (Sb. 711 - Pl. 359 - alt: AP. bl. 263 - Sb. 628 - Pl. 301 - Br. 53)

- A. 'Dommes (is) oorvloed vir slimmes'.

Matlhale 'slimmes' word hier gebruik met die betekenis van 'sluwe slimmerds'.

Wisselvorme het in plaas van letlotlo 'oorvloed' die volgende woorde: tshimo 'tuin'; letlhogonolo 'geluk'; sesolo 'nut'; kgetsi 'sak'.



In die spreekwoord word gesê dat die slimmes die dommes kul en voordeel uit hulle domheid trek.

- B. Die dommes word altyd deur die slimmerds uitgebuit. Dit is dus vir 'n mens lewensbelangrik om baie ondervindings op te doen en daardeur te leer sodat jy daarteen kan waak om deur slimmerds gekul te word.

2.1.4.3 Pharela-banneng ga e site banneng  
(Sb. 999 - alt: AP. bl. 259)

- A. ('n Koei) wat swaar kalf terwyl mans teenwoordig is, is vir mans nie 'n onoorkomelike probleem nie'.

Pharela in die saamgestelde selfstandige naamwoord pharela-banneng is 'n deverbatief van die werkwoord go farela 'hinder in the birth' (Brown, Secwana Dictionary, bl. 84). Dit verwys na 'n koei wat swaar kalf omdat die kalf verkeerd lê.

Die lokatief banneng 'by mans' aan die einde van die spreekwoord is blykbaar na analogie van die voorafgaande lokatief in pharela-banneng gevorm. Grammatikaleal moet dit as voorwerp van ga e site '(die koei) oortref nie' verstaan word, al verskyn dit ook in die spreekwoord in die lokatief.

Die beeld: 'n Koei kalf swaar en ervare mans is teenwoordig en verleen hulp. Hulle kan weens hul groot ondervinding die probleem oorkom.

- B. Mans wat in hulle lewe reeds baie ondervindings opgedoen het, is veronderstel om groot probleme te kan bemeester. Die spreekwoord spoor jong mans aan om na ervare mans te luister en van hulle te leer.

2.1.4.4 Ngwana wa monna molao o o tsaya seolong  
(Sb. 943)

- A. 'n Kind van 'n man (= seun) ontvang die wet by die miershoop'.

Molao 'wet' is hier 'n metonimia en staan in 'n omvattende betekenis vir 'opleiding'.

Seolong 'by die miershoop' is 'n metonimia en staan vir 'praktiese ondervinding by die veepos'.

Die beeld: 'n Seun is veronderstel om na sy eerste kinderjare by die veepos op te groei en net die meisies bly by die huis. By die veepos word die seun prakties in die sedes en gewoontes van sy volk opgelei. Hy word opgelei hoe om sy werk te doen en sy pligte na te kom. Hy word geleer om hom aan gesag te onderwerp.

- B. 'n Bloot teoretiese opleiding is vir 'n seun van geen nut nie. Praktiese ondervindings in die lewe is die beste lesse. Jong manne moet dus daadwerklik by die aktiwiteite van die mans ingeskakel word.

### 2.1.5 Geheime en gevare

Volgens die beskouings van die Tswana is hulle lewe vol van dinge wat onverstaanbaar, geheimsinnig en gevaarlik is. Kragte en magte in die natuur bedreig hulle en dreig ook om hulle werk en hulle planne te verydel. Behalwe hierdie onverstaanbare dinge ken die Tswana nog ander geheime wat verband hou met die tradisies van hulle familie en volk. Hierdie geheime mag nie aan buitestaanders verklap word nie. Nog ander geheime staan in verband met skurke wat in die geheim bese planne beraam. Hierdie planne moet blootgelê en teëgewerk word as die gemeenskap daardeur bedreig word.

#### 2.1.5.1 Motho ga a itsiwe e se naga (Sb. 871 - Pl. 462-- Ls. bl. 73 - Monyaise 1960, bl. 70 - Ntsima, Pelo, bl. 67 - Modise 1967, bl. 29)

- A. 'n Mens word nie deurgrond nie, hy is mos nie 'n landstreek nie'.

Die beeld: 'n Landstreek kan 'n mens tot in die fynste besonderhede leer ken sodat daar ten opsigte daarvan niks onbekends of geheimsinnigs meer bestaan nie. Die spreekwoord gebruik hierdie beeld in 'n negatiewe wyse deur van die mens die teenoorgestelde te beweer, naamlik dat hy nie deurgrond kan word nie.



- B. Die geaardheid van 'n mens lê nie oop en bloot en kan ook nie deurgrond word nie. Die onder-  
vinding leer dat 'n mens tot bose daede geneig  
is. Daarom moet jy jou medemens nie sommer ver-  
trou nie al ken jy hom reeds vir 'n lang tyd.

2.1.5.2 Khudu ya mariga e itsiwe ke mmei

(Sb. 570 - Pl. 263 - Ls. 260 - Sandilands  
1953, bl. 138)

- A. 'Die skilpad van die winter is net bekend aan  
diegene wat hom weggesit het'.

Die beeld: Die skilpad kruip in die winter weg  
vir sy winterslaap. Niemand kan dus in die win-  
ter 'n skilpad vind nie. As iemand nogtans in  
die winter 'n skilpad gekry het, het hy dit reeds  
in die somer gevang en gebêre. - Skilpadvleis  
is vir die Tswana 'n lekkerny.

- B. Mense het geheime wat hulle nie verklap nie.  
Hierdie betekenis van die spreekwoord word ver-  
skillend toegepas, soos byvoorbeeld op mense wat  
'n groot vaardigheid by 'n moeilike taak openbaar.  
Die kuns hoe om iets moeiliks reg te kry, verklap  
hulle nie. - Seboni gee nog 'n ander toepassing:  
As iemand iets soek en nie kan vind nie, moet hy  
hom afvra wie dit die laaste gebruik het. Hy  
sal weet waar hy dit gebêre het.

1.2.5.3 Kgori e bona mae, lorapo ga e lo bone

(Sb. 560 - Ls. 255 - alt: Pl. 258 - Penzhorn  
1926, bl. 76 - Br. 22 - AP. bl. 247 - Moloto  
1963, bl. 13)

- A. 'Die gompou sien net die eiers, die strik sien  
hy nie'.

Die beeld: Die gompou keer na sy nes terug. Hier  
verwag hy geen gevaar nie. Maar hy beland in 'n  
strik wat juis hier vir hom gestel is.

- B. 'n Mens mag nooit nalaat om teen gevare op jou  
hoede te wees nie. Orals, selfs tuis, word jy  
deur gevare bedreig. Gevare slaan veral dan toe  
wanneer jy nalaat om daaraan te dink.

2.1.5.4 Mpotse tsa kwa ke tswang, tsa kwa ke yang ga ke di itse (Penzhorn 1926, bl. 76 - AP. bl. 251 - alt: Modise 1967, bl. 31)

- A. 'Vra my na dié (dinge) vanwaar ek kom, dié waarnatoe ek gaan, ken ek nie'.

Die spreekwoord gebruik chiasme as 'n stylmiddel. Tsa kwa ke tswang 'dié dinge vanwaar ek kom', en tsa kwa ke yang 'dié dinge waarnatoe ek gaan' sê letterlik iets oor lokaliteite, maar moet metonimies as 'ondervindings van die verlede' en 'gevare in die toekoms' verstaan word.

- B. Die ondervindings van jou verlede kan jy aan ander mense oordra sodat ook hulle daaruit kan leer. Die toekoms met sy beproewinge en gevare is egter vir almal 'n geslote boek. Dit help nie om planne vir die toekoms te beraam of iemand anders raad vir die toekoms te gee nie. Die toekoms bly vir ons onseker, en gevare wat vorentoe skuil, kan alle planne verydel.

2.1.6 Waaghalsigheid, dapperheid en roem

Die Tswana was nie 'n oorlogsugtige volk nie (vgl. Plaatje 1916, bl. 2 e.v.). Ook hulle spreekwoorde beklemtoon vredeliewendheid en wetsgehoorsaamheid. Terwyl heldhaftigheid wel waardeer en lafhartigheid verag word, word vredeliewendheid en wetsgehoorsaamheid as groter deugde beskou, want dit bewaar en beskerm die menslike lewe.

2.1.6.1 Marope a bagale melora, ba bonolo ba tshela ka bonolo jwa bona (Sb. 701 - alt: Pl. 352)

- A. 'Die ruïnes van kwaai mense is ashope, (maar) die sagmoediges leef deur hulle sagmoedigheid'.

Marope 'ruïnes' en melora 'ashope' is hiperbole.

Die wonings van strydsugtige mense word in die spreekwoord as ruïnes en ashope beskryf. Daar word bedoel dat strydsugtige mense gedurig rusie maak en as gevolg daarvan geen tyd en krag oor het om dit aan hulle tuistes te bestee nie.



- B. 'n Strydsugtige mens kan geen voorspoed hê nie en sy sake gaan agteruit. Daarenteen gaan vreedeliewende mense vooruit. Hulle kan hul tyd en krag aan die bevordering van hulle sake bestee.

2.1.6.2 Bopodi ba kgonwa ke ba ba dinaka

(Sb. 34 - AP. bl. 258 - Moloto 1963, bl. 36)

- A. 'Bok-hulle word in toom gehou deur dié wat horings het'.  
Bopodi 'bok-hulle' is 'n personifikasie van podu 'bok'. Sulke personifikasies kom veral by diere-stories dikwels voor.  
Die beeld: Bokke gedra hulle baasspelerig tussen horingloses en kan deur gehoringdes op hulle plek gesit word.
- B. Baasspelerige en rusiesoekende mense moet hardhandig behandel en op hulle plek gesit word. Dit help niks om met hulle soos met verstandige mense te praat nie. Vir so 'n behandeling is hulle nie vatbaar nie.

2.1.6.3 Ngwana wa mosimane o swa a sikere thebe

(Sb. 947)

- A. 'n Seunskind sterf terwyl hy 'n skildvel op die rug dra'.  
A sikere thebe 'hy dra 'n skildvel op die rug' is 'n metonimia vir 'oorlog toe gaan'.  
 Dit is nie algemeen nie dat 'n seun sommer in tyd van vrede sterf. As hy egter oorlog toe gaan om sy mense te verdedig, kan verwag word dat hy gaan sterf.
- B. 'n Seun moet gaan veg. As hy in 'n oorlog sterf, sterf hy 'n eervolle dood.

2.1.6.4 Thamaga go duma di na le beng

(Sb. 1094 - Pl. 656)

- A. 'Rooi-bont bulle word net dan beroemd as hulle vriende het'.  
Beng het hier die betekenis van 'vriende, bure' (vgl. Brown, Secwana Dictionary, bl. 212).

Thamaga 'rooi-bont beeste', hier waarskynlik rooi-bont bulle wat by die Tswana as iets besonder beskou word.

Die beeld: Beeste drom om 'n rooi-bont bul saam, neem hom as leier aan en vorm sy gevolg.

- B. Iemand kan net dan beroemd word as hy 'n gevolg het. 'n Vreemdeling sal niemand hê wathom volg en hom prys nie. Roem en prys is vir 'n mens net by sy eie mense moontlik.

#### 2.1.6.5 Tlou fa e tlodile noka, tlotswana

(Sb. 1120 - alt: AP. bl. 249)

- A. 'Wanneer 'n olifant 'n rivier oorgesteek het, is hy maar net 'n olifantjie'.

Tlou 'olifant' is 'n beeld vir iemand met groot gesag.

Die beeld: 'n Olifant lyk klein oor 'n groot afstand.

- B. 'n Mens kan net by sy eie mense op outoriteit en roem aanspraak maak. 'n Kaptein beskik byvoorbeeld net binne sy eie gebied oor mag en is net onder sy eie mense beroemd en geëerd.

#### 2.1.6.6 Boswa jwa tau ke letlalo

(Sb. 40 - Pl. 57 - Ls. 58)

- A. 'Die erfenis van 'n leeu is (sy) vel'.

Die beeld: 'n Leeu se trots is sy vel. Dit is die erfenis wat hy van sy soort ontvang het. Sy vel is die kenmerk waardeur hy van ander diere onderskei kan word.

- B. 'n Mens behoort trots te wees op dit wat eie aan jou is. Dit verbind jou met jou familie en volk. Die dinge wat deur jou mense geag en geëer word, moet jy ook ag en eer.



### 2.1.7 Die hart en sy gevoelens

Ook vir die Tswana is die hart die setel van sy gevoelens hetsy goed of sleg. Spreekwoorde beklemtoon dat uit die hart van die mens veral boosheid en wraak, en soms ook oordrewe liefde kom. Die mens moet dus sy hart in toom hou, veral as dit teen die reëls en wette van die gemeenskap opstandig word. Die menslike hart is so wispelturig dat dit nie in staat is om hom vir sy handelings en beslissings leiding te gee nie. Dit is die menslike hart wat gelei en aan wet en orde ondergeskik gemaak moet word.

#### 2.1.7.1 Pelo potsana, e tšlwarwa ke mong wa yona (AP. bl. 262 - alt: Sb. 991)

- A. 'Die hart is 'n bokkie, hy word deur sy baas vasgehou'.

Die beeld: 'n Klein onnutsige bokkie spring van die een kant na die ander kant en wil juis daarheen gaan waar hy nie mag gaan nie. Sy baas moet hom dus styf vashou.

- B. 'n Mens mag aan die gevoelens van jou hart nie vrye loop gee nie want die gevoelens van die hart is te onbestendig. Jou emosies moet beheer en aan die wette en reëls van die gemeenskap onderwerp word omdat hulle van baie groter waarde is as die gevoelens van die hart.

#### 2.1.7.2 Modirwa ga a lebale, go lebala modiri (Sb. 765 - Moloto 1963, bl. 47)

- A. 'Diegene aan wie iets gedoen is, vergeet nie, maar hy wat (iemand iets) aangedoen het, vergeet'.

Die spreekwoord veronderstel dat iemand 'n leed of onreg aangedoen is en hy dus 'n wrok koester. Daarenteen het hy wat vir die daad verantwoordelik was, dit lankal vergeet en is nie bewus van die wrok wat die verontregte teen hom koester nie.

- B. Die mens is geneig om 'n wrok oor 'n lang tyd te koester en wraak te neem sodra 'n geleentheid hom voordoet. 'n Mens moet dus op sy hoede wees vir mense wat meen dat hulle 'n onreg aangedoen is.

2.1.7.3 Pelo ya tlhoi ga e na kalafi (Sb. 994)

- A. 'Die hart van 'n hater het geen geneser nie'.

Tlhoi en kalafi word waarskynlik as beknopte vorme in plaas van motlhoi 'hater' en moalafi 'geneser' gebruik.

Die spreekwoord beskou iemand wat haat, as 'n sieke wat aan sy "hart" ly en deur niemand genees kan word nie.

- B. As die haat die hart van 'n mens in besit geneem het, bestaan daar geen moontlikheid om die haat weer uit sy hart te verwyder nie, al doen jy ook wat. Dus moet jy op jou hoede wees vir iemand wat toelaat dat die haat van sy hart besit neem.

2.1.7.4 O se tshege yo o oleng, mareledi a sa le pele  
(Sb. 1073 - Fl. 636 - AP. bl. 243 - Penzhorn  
1926, bl. 75 - alt: Monyaise 1960, bl. 52)

- A. 'Moet nie lag oor iemand wat geval het nie, glyerige plekke lê nog vorentoe'.

Die beeld: Iemand het by 'n glyerige plek geval en iemand anders spot hom. Sulke mense word egter gewaarsku dat hulle self by ander glyerige plekke ook kan val.

- B. Moenie jou oor ander se ongeluk verheug nie want jy kan ook deur 'n ongeluk getref word. Leedvermaak is 'n swakheid van die menslike hart. Dit is egter raadsamer om teen gevare op jou hoede te wees as om jou oor die leed van ander mense te vermaak.

2.1.7.5 Go fa go natha, segolo se sala le mong  
(AP. bl. 245)

- A. 'Om te gee beteken om 'n stuk af te breek, (maar) die groot deel bly by die eienaar'.

Die beeld: Iemand is besig om te eet. 'n Ander een vra hom om sy kos met hom te deel. Hy breek vir die ander een 'n kleiner stukkie af en behou self die groter deel.



'n Mens is verplig om vir jou medemense te gee. Vrygewigheid het egter sy perke. Niemand is veronderstel om homself te kort te doen deur bo sy vermoë aan sy medemense te gee nie.

2.1.7.6 Bopelonomi bo bolaile Mmamasiloanoka  
(Pl. 579 - Ls. 54 - alt: Sb. 990)

A. 'Groothartigheid het Hamerkop doodgemaak'.

Hierdie spreekwoord vorm soos sommige ander spreekwoorde die kern van 'n diereverhaal. Plaatje het dit kortliks aangehaal: 'Hamerkop het in 'n reënstorm so baie diere jammer gekry en in sy huis opgeneem dat hy self nie meer kon binnekom nie en in die reënstorm omgekom het.

B. Groothartigheid en vrygewigheid word heeltemal oordryf as die groothartige self daardeur skadelig.

2.1.8 Ouderdom en dood

By die Tswana word 'n ou mens besonder hoog geag en geëer. Die ouderdom word as dié lewenstydperk beskou wat veral deur wysheid gekenmerk is. Wysheid en ouderdom gaan egter nie noodwendig gepaard met mekaar nie. Spreekwoorde is te realisties om hierdie feit oor die hoof te sien.

2.1.8.1 Lefoko la moswi ga le tlole (D.)

A. 'Die woord van 'n gestorwene spring nie oor nie'.

Tlola 'oorspring' het hier die betekenis van 'nie onvervuld bly nie'.

Die Tswana heg aan die laaste woorde van 'n mens of aan die woorde wat 'n gestorwene in 'n droom aan lede van sy familie sê, groot waarde. Dit hou verband met die groot mag wat aan voorvadergeeste toegeskryf word. 'n Afgestorwene het die mag om aan sy woorde uitvoering te gee hetsy as seën of as vloek.

B. Die woorde van 'n afgestorwene sal verwesenlik word. Dus is dit raadsaam om ou mense goed te behandel en te eër sodat hulle nie 'n vloek oor

hul kinders sal uitspreek ~~die~~. Hulle bevele moet sonder aarseling uitgevoer word selfs al spreek hulle dit na hul dood in drome uit.

Opmerking: 'n Verspreide wisselvorm lui:

Lefoko la moswi ga le tlolewe (D.)

'Die woord van 'n oorledene word nie oortree nie'.

Opperhoof Bathoeng II beweer dat hierdie wisseling (in die lydende vorm) ontstaan het omdat die oorspronklike spreekwoord (in die bedrywende vorm) nie meer deur die mense verstaan is nie.

2.1.8.2 Tedu tshweu ga se botsofe (Sb. 1091 - Pl. 652 - alt: AP. bl. 243)

A. 'n Wit baard is (nog) nie ouderdom nie'.

Botsofe 'ouderdom' is 'n metonimia vir 'wysheid'.

Die beeld: 'n Man het oud en sy baard wit geword. Sy gedrag bewys egter dat hy nogtans nie wys geword het nie.

B. Ouderdom gaan nie noodwendig met wysheid gepaard nie. Anders sou wysheid nie 'n deug wees nie. Ook ou mense gedra hulle soms onverstandig.

Seboni beweer dat die spreekwoord beteken dat sommige mense 'n wit baard kry voor hulle oud geword het.

2.1.8.3 Tlhotsa pele ga se swa pele (Sb. 1117 - Pl. 675 - Penzhorn 1926, bl. 78 - alt: D.)

A. 'Om eerste mank te loop beteken nie om eerste dood te gaan nie'.

Voor tlhotsa 'mank loop' en swa 'doodgaan' ontbreek waarskynlik die infinitief-prefiks go. Dit maak die spreekwoord beknop.

'n Wisselvorm praat van 'n bees wat eerste mank loop. Dus kan veronderstel word dat in die spreekwoord van 'n bees gepraat word.

Die beeld: 'n Bees loop mank, maar word weer beter terwyl 'n gesonde bees doodgaan.

B. Siektes en liggaamlike gebreke lei nie noodwendig tot die dood nie. 'n Mens kan moeilikhede oorkom.



2.1.8.4 Mfinyane o a swa, selepe se sale (Sb. 739)

- A. 'Die bylsteel vergaan, maar die byl bly bestaan'.

Swa 'doodgaan' is 'n metonimia vir 'vergaan'.

Die beeld: Die bylsteel vergaan omdat dit van hout is en dus mettertyd verweer. Daarenteen is die byl self van yster wat bly bestaan nadat die bylsteel vergaan het.

- B. By die afsterwe van 'n mens bly waardevolle dinge oor soos byvoorbeeld sy naam en sy roem. Dit word as troos vir die agterblywendes toegepas, maar dien ook as 'n vermaning om daarvoor te sorg dat jou naam skoon bly en na jou afsterwe jou roem sal bly bestaan.

2.1.8.5 Go swa medimo, go sale medingwana

(Ls. bl. 151 - alt: D.)

- A. 'Die gode sterf, die godjies bly oor'.

Medimo 'gode' en medingwana 'godjies' is hiperbole vir 'mens' en 'mensies'. In Tswana word 'n mens met 'n hoë status soms as 'n teken van besondere verering met modimo 'god' aangespreek.

'n Wisselvorm van hierdie spreekwoord lui:

Go swa motho go sale motho (D.)

'n Mens sterf en 'n mens bly oor'.

Hierdie wisselvorm toon dat in die spreekwoord eenvoudig van mense sprake is, al word daar ook van 'gode' gepraat.

- B. 'n Mens word nie eenvoudig uitgewis wanneer hy sterf nie. Deur die dood word die lewe nie onderbreek nie want die lewenstroom word van die voorvaders oor die hedendaagse geslag tot na die ongebore geslagte voortgesit. Die spreekwoord word as 'n troos vir ou mense gebruik wat sien dat die einde van hulle lewe nader. Die mens leef na sy dood in sy kinders voort. Ook sy werk wat hy nog nie voltooi het nie, sal nie onvoltooid bly nie omdat sy nakomelinge verplig is om dit te voltooi.

## 2.2 DIE MENS IN DIE SAMELEWING

Die lewe van die Tswana is ook vandag nog gekenmerk deur die sterk saamhorigheidsgevoel wat 'n mens tussen die lede van die Tswanagemeenskap aantref. Dit is egter maar net nog 'n swak weerspieëling van die hegte saamhorigheid waarin die Tswana voor akkulturasie geleef het. Die stamgemeenskappe was nie net politiese eenhede nie, maar het die mense ook in die ekonomie, die regspleging, die godsdienst en alle ander kulturele aktiwiteite saamgebind. Die kern van so 'n Tswanastam het uit verwante families bestaan. Verwantskap het in hul lewe 'n besonder groot rol gespeel. Die individualisme, wat elke afsonderlike mens in 'n sekere mate besit, is deur die reëls en wette van die stam baie beperk.

### 2.2.1 Onderlinge hulp binne 'n gemeenskap

Die lewe in so 'n geslote gemeenskap soos die Tswanastam dit vroeër was, het vir die lede daarvan sowel regte asook pligte teenoor mekaar ingehou. Die hoofplig was wedersydse hulp. By die moeilike lewensomstandighede waarin die Tswana meesal geleef het, was so 'n wedersydse hulp noodsaaklik vir die voortbestaan.

#### 2.2.1.1 Kgetsi ya tsie e kgonwa ka go tshwaraganela (Sb. 551 - Pl. 246 - Ls. 244 - alt: Modise 1967, bl. 14)

- A. 'Die sak vir sprinkane kan gehanteer word as daar gesamentlik hand bygesit word'.

Die beeld: Sprinkane word gevang en in 'n sak geplaas om as kos te dien. Iemand alleen kan dit nie regkry nie. Behalwe dié wat sprinkane optel en in die sak sit, moet daar iemand wees wat die sak solank toehou. As iemand alleen dit onderneem om sprinkane te vang, ontsnap dié wat hy in die sak gesit het, terwyl hy probeer om meer sprinkane in te samel. Dus kan sprinkane slegs gevang word indien meer mense daar is wat gesamentlik die werk aanpak.



- B. 'n Moeilike taak verg 'n gesamentlike onderne-  
ming. Deur wedersydse hulp kan ook onder moei-  
like omstandighede sukses behaal word.

2.2.1.2 Leitlho le losi le tshabelelwa ke selabe  
(Sb. 599 - Pl. 220 - Ls. 219 - Modise 1967,  
bl. 44)

- A. 'Na 'n eenoog word altyd deur 'n splint gemik'.  
Selabe is iets, hetsy 'n splint, 'n stofkorrel-  
tjie of 'n insek, wat in 'n oog beland en dit ver-  
blind. Die meeste informante is van mening dat  
in hierdie spreekwoord selabe 'n splint is.  
Die beeld: Iemand het net een oog oorgehou, die  
ander een het hy verloor. As na iemand se oog deur  
'n splint gemik word, sal dit juis die eenoog  
s'n wees, en hy sal daardeur verblind word.
- B. Die spreekwoord dui op die gevaarlike posisie  
van iemand wat geen verwantskap het nie en alleen  
staan. Hy sal nie op die hulp van sy mense kan  
aanspraak maak nie en is dus aan gevare en rampe  
blootgestel.  
Die spreekwoord word ook op 'n enigste kind toe-  
gepas wat gewoonlik deur siektes of ongelukke be-  
dreig word.

2.2.1.3 Segologolo se sa le teng, Modie o sa bonwa  
a belega Modienyane (Sb. 1046 - Pl. 618)

- A. 'Die oue bestaan nog, Modie word nog gesien waar  
hy vir Modienyane dra'.  
Die mening van die informante is dat Modie en  
Modienyane nie historiese persone is nie, al  
verskyn hulle hier ook as eiename. Dit wil voor-  
kom asof die verkleinwoord Modienyane wil aan-  
dui dat hy swakker as Modie is. As dit die ge-  
val is, bedoel die spreekwoord dat die sterker  
persoon die swakker een moet abba.
- B. 'n Belangrike kenmerk van die ou Tswanakultuur  
was die wedersydse hulp binne 'n gemeenskap.  
'n Swak lid van die gemeenskap word nie alleen

gelaat wanneer hy in moeilikhede verkeer nie maar word deur die ander lede van die gemeenskap gehelp.

2.2.1.4 Bongwefela ke bobedi, bonosi loso (Pl. 50 - Ls. 51 - alt: Sb. 29 - AP. bl. 263 - Modise 1967, bl. 15).

- A. 'Eensgesindheid is tweeheid, alleenheid(is)dood'.

Bongwefela 'eensgesindheid' is hier in teenstelling met bonosi 'alleenheid' gebruik.

Opmerking: Dit is opvallend dat in die eerste sinsgedeelte die kopula ke 'dit is' gebruik maar in die tweede gedeelte weggelaat word. Die weglating van die kopula is by Tswanaspreekwoorde 'n algemene verskynsel. Dit wil voorkom asof die kopula in die eerste sinsgedeelte 'n beklemtoning bevat.

Hierdie spreekwoord is een van die min Tswana-spreekwoorde wat abstrakte selfstandige naamwoorde gebruik.

- B. As 'n groep mense eensgesind is, is hulle sterk en kan moeilikhede oorkom. Hulle staan saam en help mekaar. As iemand egter alleen staan en nie op die hulp van 'n gemeenskap staat kan maak nie, is hy in tye van nood meesal verlore en gaan hy dikwels ten gronde.

2.2.1.5 Matlo go ša mabapi (D. - alt: Monyaise 1960, bl. 51 - Sb. 724 - Pl. 368 - Brown, Secwana Dictionary, bl. 172 - Penzhorn 1926, bl. 76 - AP. bl. 256 - Br. 43).

- A. 'Huisse wat langs mekaar staan, brand'.

Die beeld: 'n Huis het aan die brand geslaan en ander huise wat langs die brandende huis staan, word deur spattende vonke aan die brand gesteek.

- B. 'n Gevaar, ongeluk of nood tref die lede van 'n gemeenskap saam. Dus mag niemand sy hulp weerhou nie wanneer iemand van sy mense in nood beland. Die nood van een van jou eie mense moet jy as jou eie nood beskou.



2.2.1.6 Monwana o le mongwe ga o rune nta (D.)

- A. 'n Enkele vinger maak nie 'n luis dood nie'.

Die beeld: 'n Luis word tussen die duimnaels doodgedruk. Een duim kan dit nie sonder die hulp van die ander duim of 'n ander vinger regkry nie. Deur van 'n luis te praat wat 'n mens pla, word op 'n vyand gesinspeel.

- B. Een mens alleen kan teen 'n vyand niks uitrig nie. Dit is dus veral met die oog op vyande belangrik dat jy tydens 'n bedreiging op die hulp van jou mense kan staat maak.

2.2.1.7 Mabogo dinku a thebana (Sb. 664 - AP. bl. 245)

- A. 'Hande is skape, hulle staan kop teen kop'.

Die beeld: Wanneer skape bymekaar staan, is hulle koppe bymekaar. Dit is hulle geliefkoosde posisie. Die hande van mense doen dieselfde.

Mabogo 'hande' is hier 'n sinekdogee omdat nie eintlik hande bedoel word nie maar die hulp wat deur hande verrig word.

- B. Mense onttrek hulle nie selfsugtig van mekaar nie maar help mekaar spontaan en daedwerklik.

2.2.2 Die mens binne 'n sosiale orde

Die Tswanasamelewing het 'n vaste sosiale orde wat volgens 'n feudale stelsel georden is. Elke lid van die gemeenskap het 'n bepaalde status, en volgens sy status weet hy presies waar sy plek in die gemeenskap is. Teenoor sekere mense is hy 'n mindere en teenoor ander is hy 'n meerdere. Hierdie sosiale orde word sonder meer aanvaar. Van hierdie orde lei hy ook af wat sy verpligtinge teenoor sy medemense is en wat hy moet vermy.

2.2.2.1 Molao o tswa ntlongkgolo o ye ntlwaneng  
(Sb. 802)

- A. 'Die wet kom van die groot hut af en gaan na die kleiner hut'.

Die beeld: Die groot hut is die hoofhuishouding van 'n poligame familie en dus die mees senior een. Die enkele gesinne van so 'n poligame familie is volgens status aan mekaar ondergeskik. Van die gesin in die groot hut kom die leiding in alle aktiwiteite van die familie en ook die reëling van al die ander aspekte van die lewe.

- B. Die samelewing berus op die orde van die sosiale status. Die outoriteit van iemand wat volgens status 'n meerdere is, moet sonder meer aanvaar en sy bevele gehoorsaam word.

2.2.2.2 Se botlhoko se lekwa ke ngwanamogolo (Sb. 1041)

- A. 'Iets wat seer maak, word deur die oudste kind aangedurf'

Ngwanamogolo 'oudste kind'. Volgens die informante is dit die oudste seun wat in 'n gesin of 'n poligame familie die sê het. Hy is verplig om die probleme van diegene wat aan hom ondergeskik is, te behartig.

- B. Die status van 'n meerdere hou vir hom nie net eer in nie, maar behels veral 'n groot verantwoordelikheid. Hy is verplig om ook onaangename en moeilike dinge vir hulle te doen. Diegene wat volgens status aan iemand ondergeskik is, het die reg om die meerdere te vra om hulle in hul moeilikhede te help.

2.2.2.3 Mosenakgomo, mosimane (D.)

- A. 'Iemand wat geen bees besit nie, is (net) 'n seun'.

'n Mens se besittings hou ook met sy sosiale status verband. Die spreekwoord druk dit uit deur te beweer dat iemand wat geen bees besit nie, net soos 'n seun geen status het nie.



- B. Die hoë sosiale status van 'n mens is nie net van senioriteit alleen afhanklik nie maar ook van sy besittings. Dit is veral die aantal beeste wat die sosiale status van 'n mens verhoog.

2.2.2.4 Dibaga di tloga baaparing di ye bafololeding  
(Sb. 45 - Pl. 80 - Ls. 80 - alt: Pl. 33 - Ls. 83)

- A. 'Die krale verlaat dié wat (daarop geregtig is om) hulle te dra en gaan na dié wat (verplig is om krale) in te ryg'.

Die beeld: Sekere mense van rang mog krale dra. Daar is ander mense met 'n laer status wat net krale mog inryg, maar nie toegelaat was om hulle te dra nie. In die spreekwoord word die wederregtelike dra van krale deur mense wat slegs toegelaat word om hulle in te ryg, betreur.

Opmerking: Geeneen van die informante het van 'n reëling soos deur hierdie spreekwoord veronderstel word, naamlik dat krale net deur mense met 'n sekere status gedra mag word, kennis gedra nie.

- B. In die samelewing is gesag, sekere regte en sekere werk volgens status verdeel. Hierdie orde moet nie versteur word nie. Mense mag nie posisies beklee wat hulle nie toekom nie.

Seboni pas die spreekwoord - waarskynlik volgens moderne denkwysse - op voorregte toe wat vir sekere verdienste toegestaan word.

2.2.2.5 Motse re feta wa balala, wa baruakgomo re tsena ka ona (D.)

- A. 'By die stat van knegte gaan ons verby, by dié van vee-eienaars gaan ons biane'.

Molala is 'n mindere in status of 'n slaaf. In die spreekwoord word baruakgomo 'vee-eienaars' teenoor balala 'knegte' geplaas. Hiervan kan afgelei word dat knegte gesien word as mense

wat geen beeste besit nie. Dus word in die spreekwoord gesê dat by arm mense verbygegaan maar by ryk mense besoek afgelê word.

- B. As jy iemand besoek, bewys jy aan hom 'n eer. Jy doen dit net by mense wat welgesteld is en dus ook 'n hoë sosiale status het. Daar bestaan 'n verband tussen welstand, status en gasvryheid aan die een kant en armoede, lae status en minagting aan die anderkant.

### 2.2.3 Kapteinskap

'n Kaptein beklee die hoogste posisie in 'n Tswana-stam en staan aan die spits van die samelewing. Sy gesag en verantwoordelikheid strek oor alle aspekte van die samelewing. Hy word geëer en geniet baie voorregte, maar het ook baie pligte. As hy sy pligte nie nakom nie, mag hy gekritiseer word. Hy is dus geen absolute heerser nie.

#### 2.2.3.1 Bogosi ga bo tlole e se letsoku

(Sb. 22 - Pl. 44 - Ls. 43)

- A. 'Kapteinskap word nie aangesmeer nie, dis immers nie rooikleï nie'.

Deur letsoku 'rooikleï' word 'n beeld gesuggerer: Aan jong seuns of meisies word by sekere geleenthede rooikleï gesmeer waardeur hulle uiterlike voorkoms tydelik ingrypend verander word. In die spreekwoord word beweer dat kapteinskap nie so iets uiterliks is wat aangesmeer kan word nie.

- B. Kapteinskap kan aan niemand verleen word aan wie dit nie deur geboorte behoort nie. Dus kan net diegene 'n kaptein word wat volgens afkoms, senioriteit en status daarop geregtig is.

#### 2.2.3.2 Kgosi ke kgosi ka morafe (Pl. 160 - Ls.

257 - alt: AP. bl. 265)

- A. 'n Kaptein is 'n kaptein deur die volk'.



Kapteinskap hang nie uitsluitlik van bloed en status af nie. 'n Kaptein se gesag moet ook deur die volk aanvaar word.

- B. Kapteinskap kan net uitgeoefen word as die volk dit aanvaar. Die volk sal 'n kaptein alleenlik aanvaar as hy die wette en tradisies van die volk eerbiedig. As hy hom nie daarby hou nie, kan die volk hom verwerp.

In die hedendaagse Tswanasamelewing het nog ander leiersposisies bo en behalwe die kapteinskap tot stand gekom. Dus word die spreekwoord ook in 'n baie wyer betekenis toegepas.

#### 2.2.3.3 Kgosi thotobolo, e olelwa matlakala (Is. 259 - Pl. 262 - alt: Sb. 564)

- A. 'Die kaptein is 'n ashoop, op hom word vullis afgegooi'.

Die beeld: Op 'n ashoop word vullis afgelaai. Die 'vullis' van die samelewing, soos byvoorbeeld die wetsoortredings, word na die kaptein toe gebring.

- B. Dit is deel van 'n kaptein se pligte om klagtes oor rusies, oortredings en misdade aan te hoor en in die lekgotla daarvoor uitspraak te gee.

Vandag word hierdie spreekwoord soms aangewend om die pligte van 'n predikant te beskryf.

#### 2.2.3.4 Kgosi e roba morafe (D.)

- A. 'Die kaptein oes (van) die volk'.

Roba 'oes' is 'n metonimia vir 'belasting vra'.

In die spreekwoord word die volk as die landerye voorgestel waarvan die vrugte deur die kaptein geoes word.

- B. Dit is die kaptein se reg om van sy volk belasting te eis. Hierdie reg is aan sy status en sy amp verbonde. Die spreekwoord word soms sarkasties toegepas as die volk oor oormatige eise van die kaptein ontevrede is.

2.2.3.5 Motse ga se wa molamu, o bokwa ka letlhare  
(AP. bl. 267)

- A. 'Die stat word nie (hardhandig) met 'n stok geregeer nie, dit word (skrik gemaak deur dit) met 'n boontakkie te tik'.

Molamo 'stok' is 'n metonimia vir 'hardhandige behandeling'.

Go boka ka letlhare 'met 'n boontakkie tik' is 'n metonimia vir 'versigtig regeer'.

In die spreekwoord word twee beelde gesuggereer:

- (i) 'n Stout seun word met 'n stok gestraf.  
(ii) Beeste word met 'n boontakkie getik om hulle in die regte rigting te lei.

- B. 'n Kaptein mag sy stat nie hardhandig en tirannies regeer nie. Hy moet liewers probeer om deur behoedsame maatreëls en versigtige waarskuwing die volk te lei. Deur so 'n regeringswyse behou hy die guns van die volk.

2.2.4 Verwantskap

By die Tswana speel verwantskap 'n baie groter rol as wat by die Westerse volke vandag die geval is. Verwantskap word by die Tswana ook baie wyer as by die Westerse volke gereken. Die Tswana beklemtoon in verband met verwantskap nie so seer die gevoel van saamhorigheid nie, maar hulle sien in verwantskap eerder 'n regsverhouding tussen bepaalde mense. Regte en pligte speel daarby 'n groot rol. Die wetersydse hulp wat tussen mense van een en dieselfde gemeenskap reeds 'n plig is, word by verwantes in 'n nog groter mate beoefen.

Opmerking: As in hierdie samehang van familie gepraat word, staan dit vir die lede van 'n poligame "grootfamilie".

2.2.4.1 Bana ba motho ba kgaogana tlhogwana ya tsie  
(Ls. bl. 108)

- A. 'Kinders van een mens deel met mekaar (selfs) die klein koppie van 'n sprinkaan'.



Bana ba motho 'kinders van 'n mens' is die kinders van die verskillende gesinne van 'n poligame familie.

Die beeld: Kinders van een familie het ten tye van 'n hongersnood slegs die klein koppie van 'n sprinkaan oor. Hulle deel selfs dit met mekaar. Die spreekwoord gebruik 'n hiperbool as styl-middel.

- B. Tussen naverwante mag geen selfsug heers nie. Hulle behoort alles wat hulle besit, met mekaar te deel.

2.2.4.2 Manong a ja ka ditšhika (Sb. 695 - Pl. 346 - Ls. bl. 178).

- A. 'Aasvoëls vreet saam in families'.

Die beeld: Aasvoëls vreet hulle by 'n prooi dik en keer dan na hulle grotte terug. Daar bring hulle weer op wat hulle gevreet het sodat die jonges en oues wat in die grotte agtergebly het, ook kos kry. Op hierdie wyse deel hulle die kos met mekaar en eet dus as families saam.

- B. Binne die verwantskap moet daar toegesien word dat almal versorg word, veral die kinders, die swakkes en die oues van dae. Almal is vir mekaar verantwoordelik en niemand mag selfsugtig net vir homself sorg nie.

2.2.4.3 Mmetla-nkgwana-ya-mariga o a bo a e betla a e lebisa gabo (D.)

- A. 'Die vervaardiger van die waterhouer van die winter sny dit uit en bestem dit vir sy mense'.

Die beeld: Kalbasse word uitgesny om as houers vir water te dien. As iemand dit nie in die somer doen nie wanneer die kalbasse nog groen is, maar in die winter wanneer hulle hard is, doen hy dit alleenlik vir sy familie omdat hulle die waterhouer dringend benodig.

- B. Elke lid van die familie is vir die welvaart van die hele familie verantwoordelik. Hy moet sy mense met sy kennis en vaardigheid dien en as dit nodig is, ook moeilike take vir hulle aanpak.

2.2.4.4 Kgabutlwe ga a ke a feta ga gabo a re:  
Go maswe (Sb. 543).

- A. 'Rooihasie sal nooit by sy tuiste verbygaan nie en sê: Dit is vuil!'.  
Kgabutlwe is waarskynlik 'n gepersonifiëerde vorm van kgabutla 'n klein rooihasie'.

Kgabutlwe is waarskynlik 'n gepersonifiëerde vorm van kgabutla 'n klein rooihasie'.

Die beeld: Een van die rooihasies het beswaar teen sekere dinge by die lêplek van die rooihasies. Sy familietrots laat dit hom egter nie toe om in openlike protes by hierdie lêplek verby te gaan nie en te sê: Hier kan ek nie bly nie want hier is dit te vuil!

- B. Elke lid van die familie moet die familie-eer beskerm. Die familietrots laat nie toe dat foute van lede van die familie openbaar gemaak en daaroor geskinder word nie.

2.2.4.5 Seboba ke bata sa mokokotlo, sa mpa ke a mpampetsa (Sb. 1035 - Pl. 610 - alt: AR bl. 250 - Malepe 1969, bl. 179 - Modise 1967, bl. 48).

- A. 'Die steekvlieg wat op my rug sit, slaan ek, dié op my maag streel ek'.

Mpa 'maag' word soms ook met die betekenis van baarmoeder gebruik en blyk hier 'n metonimia vir 'verwantskap' te wees.

Seboba 'steekvlieg' is 'n metonimia vir 'kwaaddoener'.

Die beeld: Die steekvlieg op die rug wat geslaan word, beeld 'n boosdoener uit wat nie aan die familie behoort nie. Die steekvlieg op die maag wat gestreel word, dui 'n kwaaddoener aan wat aan die familie behoort.



- B. 'n Lid van die familie geniet altyd voorkeur-behandeling. Dit is selfs ook nog die geval as hy oortree het en gestraf word, want hy sal nie so hard soos 'n vreemde kwaaddoener gestraf word nie.

2.2.4.6 Moenyane o pele lobone lwa wabo (Sb. 771 - Pl. 396 - AP. bl. 264 - Penzhorn 1926, bl. 75)

- A. 'Die vreemdeling wat (voor sy mense op 'n vreemde plek aankom), is 'n lig vir sy mense'.

Lobone 'lig' is 'n metonimia vir 'hulp'.

Die beeld: Iemand verhuis na 'n vreemde plek. Ander lede van sy familie trek later ook daarheen. Hy sal sy mense help om by die vreemde plek aan te pas en hulle bystaan.

- B. Dit is die plig van elke lid van die familie om hulp en bystand aan sy mense te verleen as hy sien dat hulle in moeilikheid verkeer. 'n Mens behoort hulle veral by te staan as hulle by jou woonplek vreemd is. Jy moet ook teenoor hulle uiters gasvry wees.

2.2.4.7 Di-tsa-bana-ba-mpa ga di tsenwe  
(Sb. 89 - Pl. 98 - alt: Sb. 699 - Pl. 717 - Modise 1967, bl. 26)

- A. 'By (rusies) tussen naverwante moet nie tussenbei getree word nie'.

Die veronderstelde onderwerp waarna die klaspre-fiks di- verwys, is waarskynlik dintwa 'rusies'.

Bana ba mpa 'kinders van (een) baar-moeder is 'n metonimia vir 'naverwante'.

- B. Buitestaanders moet hulle nie in rusies tussen naverwante inmeng nie. So 'n inmenging is nie net ongewens nie maar word ook as 'n oortreding beskou. Elke familie is so georganiseer dat rusies ondermekaar deur bevoegde lede self bygelê word.

### 2.2.5 Verhouding tussen man en vrou

Die poligame huwelik was by die ou Tswana 'n algemene verskynsel. As gevolg van die poligamie was 'n persoonlike verhouding tussen man en vrou in 'n groot mate belemmer (vgl. Vilakazi 1962, bl. 36 vlg.). Die huwelikslewe was veral deur regte en pligte gekenmerk. Buitendien was die status van die vrou baie laer as dié van die man. Die vrou het wel die huishouding van 'n gesin in 'n poligame familie behartig, maar kon nooit op 'n gemeenskaplike basis met haar man 'n verantwoordelikheid dra en nooit enige leiersposisie inneem nie.

#### 2.2.5.1 Mosadi ga a na lefoko (D.)

A. 'n Vrou het geen woord nie'.

Lefoko 'woord' is 'n sinekdogee en beteken 'in die lekgotla praat' of 'n beslissing in 'n belangrike saak vel'.

B. 'n Vrou het weens haar lae status geen aandeel aan besprekings en beslissings nie. Sy word nooit 'mondig' nie. Solank sy nog nie getroud is nie, staan sy onder die beheer van haar vader. Sodra sy getroud is, het haar man en sy familie 'n seggenskap oor haar.

#### 2.2.5.2 Ga di ke di etelelwa ke namagadi pele, di a tle di wele ka selomo (Sb. 139 - Pl. 138 - Ls. 138 - alt: Sb. 1133 - Pl. 75 - Ls. bl. 193 - Br. 56 - AP.)

A. (Grootwild) sal nie deur 'n vroulike dier gelei word nie, (anders) sal hulle in 'n afgrond stort'.

Volgens Plaatje word in die spreekwoord van grootwild gepraat. Daar word 'n beeld gesuggereer waar 'n grootwildtrop deur 'n vroulike dier gelei word en as gevolg van die swak leiding in 'n afgrond stort.

B. Dit is die wet en orde van die skepping dat nie 'n vrou nie maar 'n man die leiding in die samelewing neem. Wanneer hierdie natuurwet



verontagsaam word, stuur die gemeenskap op 'n ramp af.

2.2.5.3 Basadi ba baya poo, letsatsi le tswa, e re le tlhatloga, ba e fagola (D.)

- A. 'Die vroue kies 'n bul wanneer die son opkom, maar wanneer die son opstyg, kastreer hulle hom'.

Die beeld: Die spreekwoord hou verband met vee-teelt. 'n Bul word uit die jongvee uitgesoek om as rasbul te dien. As dit egter blyk dat die bul nie goed is nie, word hy later gekastreer.

In die spreekwoord word oor die wispelturigheid van die vrou gespot. Daar word beweer dat vroue 'n bul by sonop kies, maar hom reeds weer kastreer wanneer die son opgestyg het.

- B. Dit is 'n swakheid van vroue om gou van mening te verander. Hulle is veral wispelturig met betrekking tot hulle gunsbewyse teenoor mans. Niemand moet hom dus op die guns van vroue verlaat nie.

2.2.5.4 Banna ga ba na thwadi, ba bonywe ke Mmamariga (Sb. 9 - Pl. 31 - Ls. 31)

- A. 'Mans het geen waarheid nie, hulle is deurgekyk deur Mevrou Winter'.

Die agtergrond van hierdie spreekwoord is waarskynlik dié: Die mans is vir die verskaffing van kosvoorrade vir die winter verantwoordelik. Wanneer die winter kom, moet die vrouens egter uitvind dat die mans hulle beloftes nie nagekom het nie.

Mmamariga 'Mevrou Winter' is 'n gepersonifiëerde vorm en dien as metonimia vir 'wintertyd'.

- B. Mans kan nie altyd vertrou word nie al maak hulle ook beloftes. Dit is beter dat vroue hulle eie planne maak sonder om op die beloftes van die mans staat te maak. Dan sal hulle nie teleurgestel word nie.

2.2.5.5 Motse o lapeng (Sb. 892 - Pl. 470 -  
Penzhorn 1926, bl. 77)

- A. 'Die stat lê in die voorplein'.

Motse 'stat' is 'n sinekdogee, want dit verwys nie net na die opstal nie maar na die gesin wat in die stat bly; ingesluit is ook die eer en aansien van die gesin.

Lapeng 'in die voorplein' is hier 'n metonimia vir die vrou wat in die lelapa haar huishouding waarneem en veral ook vir kos sorg.

- B. Die aansien van 'n stat is op die geaardheid en bekwaamheid van die vrou gegrond. Die eer van die stat hang af hoe sy die huishouding behartig en gaste ontvang.

2.2.5.6 Mosadi tshwene, o jewa mabogo (Sb. 854 -  
Pl. 447 - Ntsime, Pelo, bl. 22. 30)

- A. 'n Vrou is 'n bobbejaan, haar hande word geëet'.

Mabogo 'hande' is 'n sinekdogee waarmee na die kos wat haar hande voorberei, verwys word.

Die Tswana beskou 'n bobbejaan as 'n lelike dier. Al sou 'n mens moet toegee dat 'n sekere vrou, nes die bobbejaan, nie baie mooi is nie, is dit nie die belangrikste eienskap van 'n vrou nie. By 'n vrou is dit belangrik dat sy haar hande kan gebruik om kos voor te berei.

- B. Die waarde van 'n vrou lê in haar vermoë om te werk en die gesin van kos te voorsien. Ander eienskappe van 'n vrou soos byvoorbeeld haar skoonheid is nie belangrik nie.

2.2.5.7 Mosadi mooka, o nya le motshegare  
(Sb. 850 - Pl. 450 - alt: Sb. 851)

- A. 'n Vrou is 'n soetdoringboom, sy drup (ook) smiddags gom uit'.

Die beeld: Die soetdoringboom drup die hele dag gom uit. Hierdie gom is 'n gesogte lekkerny.



Die Tswana eet gewoonlik net twee keer per dag, naamlik in die oggend en in die aand. 'n Goeie vrou is egter soos 'n soetdoringboom wat te eniger tyd kos kan aanbied. 'n Gas kom soms gedurende die middag by die stat aan en moet dan kos kry.

- B 'n Goeie vrou sorg daarvoor dat sy te eniger tyd kos in die huis beskikbaar het. Dan is gaste altyd welkom en kan van kos voorsien word.

2.2.5.8 Mosadi ntša, o okwa ka lerapo  
(Sb. 852 - Pl. 453)

- A. 'n Vrou is 'n hond, sy word met 'n been gelok'.

Die beeld: Die hond is tevrede as hy net 'n been kry. Hy stel nie groot eise nie, maar hy moet kos kry, al is dit maar net 'n been.

Hierdie beeld word 'n hiperbool deur dat dit op die vrou toegepas word.

- B. 'n Vrou is met min tevrede en stel geen groot eise nie. Dit is egter die plig van die man om haar met die nodigste te versorg. Dit is nie net sy plig nie maar dit strek ook tot sy eer.

2.2.5.9 Mogatsa moatla ga a onalelwe (Sb. 780)

- A. 'Die klere van 'n vrou wie se man handig is, verslyt nie'.

Moatla is iemand wat sy hande vaardig en fluks gebruik.

Die beeld: Dit is die werk van die man om klere uit die velle van huisdiere of wilde diere te maak. Dit is sy plig om sy gesin van klerasie te voorsien.

- B. Die voorkoms van die vrou en kinder weerspieël die handigheid en vlyt van haar man. Dit behoort sy plig sowel as ook 'n punt van eer te wees om hulle van die dinge te voorsien wat hulle nodig het.

### 2.2.6 Verhouding tussen ouers en kinders

'n Groot aantal spreekwoorde handel oor die verhouding van ouers tot kinders en omgekeerd. Ouers het pligte teenoor hulle kinders en kinders teenoor hulle ouers. Met betrekking tot hierdie wedersydse verhouding word baie moeilikhede ondervind. Spreekwoorde haal nie net die pligte aan nie maar stel ook die tekortkominge en swakhede van elbei kante aan die kaak.

#### 2.2.6.1 Motsadi mooka, o nya maroku (Sb. 890)

A. 'n Ouer is 'n soetdoringboom, hy drup gom'.

Die beeld: 'n Soetdoringboom drup gedurig gom wat deur mens en dier geëet word. In die spreekwoord word dit op ouers toegepas wat ononderbroke vir hulle kinders sorg.

B. Kinders kan altyd op die hulp van hulle ouers staat maak. Dit is vir ouers onmoontlik om hulp van hulle kinders te weerhou. Hulle maak nog onder die ongunstigste omstandighede 'n plan om hulle kinders te versorg.

#### 2.2.6.2 Ngwana o sa lelang, o swela tharing

(Sb. 935 - Pl. 510 - Penzhorn 1926, bl. 76 - Ls. bl. 89 - AP. bl. 258 - Monyaise 1960, bl. 6)

A. 'n Kind wat nie huil nie, sterf in die abbavel'.

O swela tharing 'hy sterf in die abbavel' is 'n hiperbool.

Die beeld: 'n Kind word deur sy moeder in die draagvel geabba. Wanneer hy honger is of siek voel, huil hy en trek sodoende die moeder se aandag op sy behoefte.

B. As iemand sy behoeftes nie aan sy mense bekend stel nie, kan hy nie gehelp word nie. Elkeen kan daarop vertrou dat hy van sy mense hulp sal ontvang as hy sy nood aan hulle bekend stel.



2.2.6.3 Mmangwana o tshwara thipa ka fa bogaleng  
(Sb. 746 - Moloto 1963, bl. 43 - alt: Pl.  
345 - Ls. bl. 174 - Monyaise 1960, bl. 42)

- A. 'n Kind se moeder gryp die mes aan die skerp kant'.

O tshwara thipa ka fa bogaleng 'sy gryp die mes aan die skerp kant' is 'n metonimia vir 'die gevaar afwend, al moet jy self daardeur ly'.

Die beeld: 'n Kind word met 'n mes bedreig. Die kind se moeder gryp na die mes om haar kind te beskerm. Sy gee nie om nie as sy self seer kry deurdat sy die mes aan die skerp kant gryp nie.

- B. Ouers beskerm hulle kinders onder alle omstandighede, al kry hulle self seer. Hulle liefde vir hul kinders is groter as die liefde vir hulle self.

Opmerking: Alle informante wat ek gevra het of hierdie spreekwoord miskien verband hou met Koning Salomo se oordeel in 1 Koning 3, het dit ontken en beweer dat die spreekwoord oorspronklik Tswana is.

2.2.6.4 Mafura a ngwana ke go rongwa (Sb. 679)

- A. 'Vet van (= vir) 'n kind is om gestuur te word'.

Mafura 'vet' is 'n metonimia vir 'voorreg'.

Die beeld: Iemand is bevoorreg as hy 'n mooi vet stuk vleis kry.

- B. Dit is vir 'n kind nie 'n las nie, maar dit is 'n voorreg as hy vir sy ouers opdragte mag uitvoer.

2.2.6.5 E maši ga e itsale (Sb. 118 - Pl. 117 -  
Ls. 117 - Malepe 1969, bl. 179 - Penzhorn  
1926, bl. 78 - Br. 28)

- A. '(n Koei) wat goed melk gee, herskep haarself nie in haar kalf nie'.

Die beeld: Daar is 'n koei wat uitstekend melk gee. Haar kalf aard egter nie na haar ma as dit groot word nie, want dit gee minder melk.

- B. Kinders van goeie ouers aard dikwels nie na hulle ouers nie. Hulle doen hulle ouers verdriet aan en steek hulle dikwels in die skande.

2.2.6.6 Tau e iphutha metlhala e le yosi, e na le bana, mafaratlhatlha (Sb. 1083 - Pl. 643 - Penzhorn 1926, bl. 77 - AP.)

- A. 'n Leeu loop in sy spore solank hy alleen is, maar wanneer hy sy kinders by hom het, is dit 'n deurmekaarspul'.

Die beeld: Eers word van 'n leeu wat alleen loop, gepraat. Hy kan op sy hoede wees omdat hy net vir homself hoef op te pas. In teenstelling daarmee word die leeu uitgebeeld wanneer hy met sy kleintjies op pad is. Omdat hulle nog spelerig is, kan hy hulle nie in toom hou nie en is saam met hulle aan gevare blootgestel.

- B. Ouers wat self in hulle lewe onberispelik wandel, word soms deur hulle kinders in verleentheid gebring en aan gevare blootgestel. Die spreekwoord word ook aangewend met die betekenis dat geheime verklap word as kinders dit te wete kom.

2.2.6.7 Setlhare ga se tlhoiwe ka dikala  
(Penzhorn 1926, bl. 75)

- A. 'n Boom word nie weens sy takke gehaat nie'.

Die beeld: Ook 'n mooi boom het gewoonlik 'n paar slegte takke. Dit doen egter nie afbreuk aan die boom nie.

- B. Die kinders van 'n goeie man aard soms nie na hom nie. Die skuld hiervoor moet egter nie eenvoudig op die skouers van die ouers geplaas en die ouers daarvoor verwyt word nie.

2.2.6.8 Ka tlhagolela mookana, ya re o gola, wa ntlhaba (Sb. 535 - Ls. bl. 157 - Br. 25 - AP. bl. 243 - Penzhorn 1926, bl. 77)

- A. 'Ek het om 'n soetdoringboompie geskoffel, (maar) toe hy groot word, steek hy my'.



Die beeld: Iemand skoffel om 'n soetdoringboom-  
pie omdat hy later gom van hom kan verwag. Hy  
moet egter die smartlike ondervinding opdoen  
dat die soetdoringboom hom steek, toe hy groot  
geword het.

- B. Ouers moet soms by hulle kinders die smartlike  
ondervinding opdoen dat die kinders die baie  
moeite wat die ouers aan hulle bestee het, nie  
waardeer nie en hulle in hul ouderdom minag en  
verwaarloos.

2.2.6.9 Go lemala ga namane ke go lala le mmayo  
(Sb. 185 - Br. 46 - Penzhorn 1926, bl. 77 -  
Moloto 1963, bl. 10 - AF. bl. 262 - alt: Pl.  
198 - Ls. 197)

- A. 'Dit is 'n (slegte) gewoonte van 'n kalf om  
by sy moeder te slaap'.

Die beeld: 'n Kalf wat toegelaat word om by sy  
moeder te slaap, sal te eniger tyd wanneer hy  
dors is, aan sy ma wil suip. Dus sal die koei  
wanneer sy gemelk word, nie melk oor hê nie.  
'n Koei sal nie vanself die kalf verhinder om  
te suip nie. Dus word 'n kalf nie toegelaat  
om by sy ma te slaap nie.

- B. Ouers is soms té toegewend teenoor hulle kinders  
en bederf hulle. Daardeur word slegte gewoontes  
by die kinders aangekweek en hulle kan later nie  
weer daarvan ontslae raak nie.

2.2.6.10 Lore lo ojwa lo sa le metsi (Sb. 648,-  
Br. 1 - Pl. 311)

- A. 'n (Stok) word gebuig solank hy nog nat is'.

Die beeld: 'n Mens wil 'n stok hê wat in 'n se-  
kere posisie gebuig is. Hy kap 'n tak en buig  
dit in die gewenste posisie. 'n Droë tak kan  
nie meer so gebuig word nie.

- B. 'n Kind se opvoeding moet vroeg begin want hy  
kan nog gevorm word solank hy jonk is. By vol-  
wassenes is daar geen hoop meer dat leiding nog  
sal slaag nie.

2.2.6.11 Letlaleanya, nwa (Sb. 633 - Pl. 303)

- A. 'n Stiefkind beteken rusie'.

Letlaleanya is 'n saamgestelde naamwoord wat 'n hele sin bevat, naamlik: Le tla le anya 'dit kom en drink'. Die veronderstelde onderwerp van hierdie sin is lese 'jong kind'. Die saamgestelde naamwoord letlaleanya beteken 'stiefkind'.

Die beeld: 'n Stiefkind word in 'n gesin opgeneem maar gee daar aanleiding tot rusie.

- B. 'n Stiefkind het nie dieselfde regte as eie kinders nie. As 'n stiefkind in 'n gesin opgeneem word, gee hy gewoonlik aanleiding tot rusie. Die spreekwoord word as waarskuwing gebruik as 'n man van plan is om met 'n vrou te trou wat kinders in die huwelik saambring.

2.2.6.12 Ga se wa 'Keotlile', ke wa 'Ketsetse'

(D. - alt: AP.)

- A. 'Die (kind) behoort nie aan (hom wie se naam is) 'Ek-het-groot-gemaak' nie, maar aan (hom wie se naam is) 'Ek-het-gebaar'.

Die naamwoord waarna die skakel wa verwys, is ngwana 'kind'.

Die beeld: Iemand het 'n kind groot gemaak wat nie sy eie is nie. Later wil die familie aan wie die kind volgens geboorte behoort, hom terug hê en bring die saak voor die lekgotla, waar die saak ten gunste van dié familie aan wie die kind volgens geboorte behoort, beslis word.

'n Opvallende stylmiddel is die eiename wat gevorm is uit die bewerings wat die strydende partye respektieflik voor die lekgotla maak, naamlik "Ke otlile" 'Ek het groot gemaak' en "Ke tsetse" 'Ek het gebaar'.

- B. Sy ouers het die eerste reg op 'n kind. As jy 'n vreemde kind groot maak, kan jy tog nie op ouerskap aanspraak maak nie.



### 2.2.7 Gaste, vreemdelinge en reisigers

Die Tswanawoord moeng beteken sowel 'gas' asook 'vreemdeling' en 'reisiger'. Vir 'n moeng het die Tswanagemeenskap twee maatstawwe waarvolgens hy behandel word. Vir sover hy 'n 'gas' is, word hy met blydskap opgeneem, van kos voorsien en sy geselskap geniet. Vir sover hy egter 'n 'vreemdeling' is, het hy geen aandeel aan die voorregte wat die lede van die gemeenskap geniet nie. Dus behoort hy versigtig te wees met alles wat hy doen en sê om nie aanstoot te gee nie.

#### 2.2.7.1 Moeng, goroga, re je nama (Sb. 769 - Pl. 394 - alt: Seboni, Rammone, bl. 25)

- A. 'Gas, arriveer, dat ons vleis (kan) eet!'

In die spreekwoord word die gasvryheid wat by die Tswana beoefen word, weerspieël. Wanneer 'n gas kom, word daar 'n bees geslag. Daardeur kry nie slegs die gas nie, maar ook die gasheer kos. Kos is in hierdie verband sinoniem met vreugde en geselligheid.

- B. Hierdie is een van die min spreekwoorde wat blykbaar nie 'n didaktiese strekking het nie. Dit word toegepas om 'n gas welkom te heet en uit te druk dat dit 'n voorreg is om 'n gas op te neem en van kos te voorsien.

#### 2.2.7.2 Moeng ngaka, o sidila babobodi (Sb. 770 - Pl. 395)

- A. 'n Gas is 'n dokter, hy masseer die siekes'.

Die beeld: 'n Dokter is veronderstel om siekes te masseer en vir hulle beterskap te bring.

'n Soortgelyke funksie word in die spreekwoord aan die besoek van 'n gas by 'n sieke toegeskryf.

- B. Die besoek van 'n gas het 'n sielkundige uitwerking op 'n sieke. Dit beur hom op en laat hom sy pyn en siekte vergeet.

2.2.7.3 Nkgodi go lelalwa yo o tshotseng  
(Sb. 957 - Pl. 517)

- A. '(Net) by 'n valk wat (kos) het, word aandete genuttig'.

Die beeld: Valke vergader by dié een wat iets gevang het om saam met hom te vreet.

- B. Jy kan net by mense kuier wat in staat is om jou kos te gee. As jy by mense wat self nie kos het nie, gaan kuier, bring jy hulle in verleentheid en laat hulle skaam voel. Om te onthaal, is 'n eer vir die gasheer. Dit kan egter slegs deur welaf mense gedoen word.

2.2.7.4 Moeng o dinaka tse di khutshwane  
(Sb. 772 - alt: Br. 16)

- A. ''n Vreemdeling het kort horings'.

Die beeld: 'n Bees se horings is afgesny. Hy kan dus nie soos beeste wat nog lang horings het, baklei nie.

- B. As jy 'n vreemdeling is, mag jy jou gasheer nie kritiseer of met hom rusie maak nie. Die familie van die gasheer sal teen jou as vreemdeling saamstaan en jy sal aan die kortste end trek.

2.2.7.5 Lesepa le golo la moeng, la mong gae pipitlwane (Sb. 622 - AP. bl. 264)

- A. 'Die ontlasting van 'n vreemdeling is 'n grote, maar dié van die huisbaas is 'n nietigheid'.

Die beeld: 'n Vreemdeling het hom aanstootlik gedra (= hom ontlas) en word dus berispe. As 'n soortgelyke aanstootlike handeling deur die huisbaas gedoen word, word dit oor die hoof gesien.

- B. 'n Lid van die gemeenskap geniet voorkeurbehandeling, veral as hy 'n hoë status het. Van 'n fout van 'n vreemdeling word 'n groot ophef gemaak. As iemand van jou eie mense egter fouteer, word dit gekondoneer.



2.2.7.6 Motlhopa-ntsi ke yo o kgorang (Ls. bl. 104)

- A. 'n Vlieguitsoeker is iemand wat versadig raak'.

Die beeld: In die kos wat aan 'n gas aangebied is, het 'n vlieg geval. Die gas soek 'n ver-skoning om nie meer verder te eet nie en hou hom besig om na nog meer vlieë in die kos te soek.

- B. As 'n gas nie van kos hou wat aan hom voorgesit is en dit nie wil eet nie, moet hy maar honger bly. As jy op 'n plek vreemd is, mag jy nie kieskeurig wees ten opsigte van dinge wat jou aangebied word.

2.2.7.7 Moeng wa mariga o adingwa mpa, dikobo a tle le tsone (D. - alt: Sb. 768 - Ls. bl. 76)

- A. 'Aan 'n gas wat in die winter kom kuier, word die maag geleen, komberse moet hy self saambring'.

O adingwa mpa 'aan hom word die maag geleen' is 'n metonimia vir 'aan hom word kos gegee'.

Die beeld: 'n Gas kom gedurende die snerpende winterkoue kuier. Hy kan altyd van sy gasheer kos verwag, maar nie komberse nie, omdat die gasheer al sy komberse self nodig het.

- B. Gasvryheid word altyd graag beoefen, maar het ook sy perke. 'n Gas kan nie verwag dat sy gasheer weens die onbedagsaamheid van sy gas hom verontrief nie.

2.2.7.8 Go tsamaya bobbe ke go lata diphatsa (Sb. 205)

- A. 'Om baie te reis beteken om die ongeluk te agtervolg'.

Diphatsa 'splinters' is 'n metonimia vir 'ongeluk'.

Die beeld: Iemand wat baie reis, loop gevaar om in meer ongelukke betrokke te raak as wanneer hy tuis bly.

- B. Iemand wat baie reis, moet verwag om onaangename ondervindings op te doen. 'n Mens sal dit vermy as jy by die huis bly.

## 2.3 DIE MENS EN SY TEKORTKOMINGS EN OORTREDINGS

Weens hulle didaktiese neiging behandel spreekwoorde die negatiewe sy van die menslike samelewing besonder breedvoerig. Dit word in die groepe spreekwoorde wat oor swakhede en foute, die oortredings en boosheid van die mens gaan, duidelik weerspieël.

In verband met die houding van die Tswana teenoor hierdie negatiewe verskynsels in die samelewing is daar sekere basiese beginsels wat 'n mens moet ken, om die spreekwoorde te verstaan. So is byvoorbeeld die moraalkode van die Tswana deur die gemeenskapsin bepaal. Oortredings binne die gemeenskap word anders as oortredings buite die gemeenskap beoordeel (vergeelyk 2.2.7.5). By die veroordeling van 'n oortreding en die bepaling van die straf word eerder die skade wat aan 'n lid van die gemeenskap of aan die gemeenskap as sodanig berokken is, in aanmerking geneem as die kwade voorneme van die oortreder.

'n Geslote gemeenskap soos dié van die ou Tswana-stamme is teenoor oortredings baie gevoelig. 'n Sekere oortreding raak nie net die beperkte gebied waar dit gepleeg is nie, maar het altyd ook 'n skadelike uitwerking op die ander gebiede van die samelewing omdat alle afdelings van 'n geslote gemeenskap so nou met mekaar verbonde is.

### 2.3.1 Die waarskuwende gewete

Aan Tswanakinders word van kleins af die wette en gewoontes van hulle gemeenskap geleer, en hulle word teen oortredings gewaarsku. Ook later in die lewe gaan die oues nog voort om die jonges te leer. Dit is hier waar spreekwoorde 'n groot rol speel. Hulle word gedurig gebruik en oefen 'n didaktiese en waarskuwende invloed op die mense uit. So word die gewete gevorm wat die mens teen oortredings waarsku en hom leer wat reg en wat verkeerd is.

#### 2.3.1.1 Thaga e ja e gadima, e boifa mong wa tshimo (Sb. 1092 - Pl. 654)

- A. 'Die vink vreet terwyl hy oor sy skouer loer,  
(want) hy is bang vir die baas van die land'.



Die beeld: Die vink vreet in die koringlande. Hy is egter op sy hoede en loer oor sy skouers sodat hy gou kan wegvlieg wanneer die baas van die lande opdaag.

- B. Iemand wat kwaad doen, is bewus daarvan dat hy onreg doen. Hy het gevolglik 'n slegte gewete.

2.3.1.2 Matlho go seba magolo, ga a gake (Sb. 726)

- A. 'Oë skinder wanneer hulle groot is, hulle ver-geet nie'.

Die beeld: Iemand het 'n oortreding begaan. Sy oë is groot omdat hy vrees dat hy uitgevind sal word. Hulle 'skinder' en verrai hom. Die vrees dat sy daad miskien ontdek mag word, word weerspieël in sy oë.

- B. 'n Oortreder kry dit nie reg om sy daad heeltemal weg te steek nie. Sy oë verrai hom wanneer sy gewete hom pla.

2.3.1.3 Es re go umaka itlho, Itlho a itshose  
(Sb. 107 - Pl. 690 - alt: AP. bl. 248)

- A. 'Wanneer oor 'n skeel oog gepraat word, skrik Skeeloog'.

Itlho 'oog' dui volgens Plaatje 'n skeel oog aan.

Die beeld: Iemand het 'n opmerking oor 'n skeel oog gemaak. Onder die toehoorders is iemand wat self 'n skeel oog het en dus 'Skeel-oog' genoem word. Die opmerking tref 'Skeel-oog' onaangenaam en hy voel asof almal nou na sy skeel oog kyk.

Opmerking: Die tweede 'Itlho' in die spreekwoord is volgens hierdie verklaring 'n eienaam en word dus met 'n hoofletter geskryf.

- B. As iemand 'n oortreding begaan het, en die oortreding genoem word, verrai sy slegte gewete hom daardeur dat hy skrik.

### 2.3.2 Die klein swakhede van die mens

Geen mens is volmaak nie, almal het klein swakhede. Spreekwoorde verwys graag na die feit dat die mens sy eie swakhede nie self kan waarneem nie, maar dat hy gevoelig is en nie daarvan hou as na sy swakhede verwys word nie.

#### 2.3.2.1 Motse mongwe le mongwe o na le segole (D.)

- A. 'Elke stat het sy kreupele'.

Segole 'kreupele' is 'n metonimia vir iemand wat sedelike swakhede loon.

In die spreekwoord word beweer dat daar geen stat bestaan wat nie iemand met sedelike swakhede het nie.

- B. Dit is 'n algemene verskynsel dat mense fou-teer. Dit is onnodig om 'n groot lawaai oor klein menslike swakhede wat niemand enige skade berokken nie, te maak.

#### 2.3.2.2 Ga go na motse o sa kueng mosi (D.)

- A. 'Daar is geen stat waaruit nooit rook opstyg nie'.

Go kua mosi 'rook styg op' word in die spreekwoord as metonimia vir 'meningsverskil hê' of 'onenig wees' gebruik.

- B. Dit gebeur in elke gesin dat onenigheid ontstaan en wrywings voorkom.

#### 2.3.2.3 Moremogolo go betlwa wa taola, wa motho o a ipetla (Ls. bl. 70. 125 - alt: D.)

- A. 'Die dolos Moremogolo word (uit 'n hoof) uitgesny, dié wat 'n mens is, sny homself uit'.

Die beeld: Die hoofdolos Moremogolo word uit 'n beeshoef uitgesny en kry so sy bepaalde vorm. In die spreekwoord word gesê dat in teenstelling met die dolos Moremogolo die mens dit nie toelaat dat ander mense hom vorm nie, maar dat die mens homself vorm.

- B. Die natuurlike aanleg van 'n mens kan nie deur ander mense verander word nie. Die mens vorm



homself volgens sy innerlike aanleg. Hierdie feit word op sy goeie handelinge, maar ook op sy swakhede en foute toegepas. Veral kan niemand van buite af die foute van 'n mens uit hom uit kry nie.

2.3.2.4 Setlhotsa go fola sa podi, sa motho ga se fole (Sb. 1068)

- A. 'n Mank bok word gesond, 'n (mank) mens word nie gesond nie'.

Setlhotsa sa motho 'n mens wat mank loop' is 'n metonimia vir 'n mens met morele gebreke.

Die beeld: 'n Bok het seer gekry en loop mank. Hy word egter gewoonlik gou weer gesond. 'n Mens wat mank loop (= wat morele gebreke het), so beweert die spreekwoord, word nie gesond nie.

- B. 'n Mens kry dit nie reg om van slegte gewoontes ontslae te raak nie. Dit bly vir altyd die swak punt in sy lewe.

2.3.2.5 Molstathaga o ja natso (D.)

- A. 'Die vinkjaer eet saam met hulle'.

Die beeld: Iemand is aangestel om vinke uit die lande te verwilder. Maar pleks van dat hy sy plig doen en hulle wegjaag, eet hy saam met hulle.

- B. Sommige mense is onbetroubaar. Hulle misbruik die vertroue wat in hulle gestel word. Hulle begaan self die oortredings wat hulle veronderstel is om teen te staan.

2.3.2.6 Tshwene ga e ipone mariba (Sb. 1138 - Pl. 66 - Ls. 66)

- A. 'Bobbejaan sien nie sy uitstaande oogbanke nie'.

Die beeld: 'n Bobbejaan het lelike oogbanke. Maar al staan hulle ook uit, kan hy hulle nogtans nie raaksien nie.

- B. Al is jou eie swakhede en foute nog so duidelik, is 'n mens blind daarvoor en sien hulle nie raak nie.

2.3.2.7 Tshwene ga e nke e re:"Ga ke pila" (Br. 69)

- A. 'Bobbejaan sal nooit sê:"Ek is nie mooi nie"',  
Die Tswana beskou die bobbejaan nie as 'n mooi dier nie. Die spreekwoord maak die stelling dat 'n bobbejaan ook nooit self kan sien dat hy lelik is nie.
- B. 'n Mens glo van homself altyd maar net die beste. Hy bedrieg homself oor sy ware geaardheid.

2.3.2.8 Le nakedi a re: "Ga ke nkge" (Br. 49)

- A. 'Selfs die muishond sê:"Ek stink nie!'"  
Die beeld: Die muishond is bekend vir die stank wat hy afgee. Hierdie stank is vir ander diere onaangenaam, maar hyself is daarteen ongevoelig.
- B. 'n Mens verbeel hom so maklik dat hy geen foute het nie, al is hulle ook so duidelik en ooglopend dat dit ander mense baie hinder.

2.3.2.9 Ntho e monate e ngaiwa ke mong

(Pl. 530 - alt: Penzhorn 1926, bl. 77 - AP.)

- A. 'Die (jeukende) wond voel lekker wat deur sy eie baas gekrap word'.  
Die beeld: 'n Wond wat besig is om te genees, jeuk. Dit voel lekker as jy self daaraan krap. As egter iemand anders daaraan raak, is dit baie gevoelig.
- B. Kritiek wat 'n mens oor sy eie swakhede uitspreek, maak hom nie seer nie. 'n Mens geniet dit selfs. As iemand anders hom egter kritiseer, is hy baie liggeraak en neem dit maklik as 'n belediging op.



### 2.3.3 Handelinge wat die gemeenskap skade berokken

Spreekwoorde wat onder hierdie hoof gegroeper is, kritiseer dié handelinge wat nie meer as blote swakhede beskou kan word nie omdat hulle die gemeenskap skade berokken. Daar moet in ag geneem word dat in die Tswana-gemeenskap die plek wat 'n mens inneem, nie volgens verdienste of meriete nie, maar volgens status bepaal is. Die gemeenskap is so georden dat geen status aan 'n ander een gelyk is nie, maar die mense volgens status aan mekaar ondergeskik is. Dus word in die spreekwoorde ook nie positief oor mededinging en wedywering geoordeel nie. Wedywerende partye loop te gou gevaar om met die posisie en status wat hulle deur geboorte verkry het, nie meer tevrede te wees nie. Dit sou dan steuringe binne die gemeenskap veroorsaak.

In spreekwoorde word selfsug skerp afgekeur. Dit word verwag dat 'n mens die belange van die gemeenskap bo die eie plaas. Die gemeenskap beland dikwels in haglike posisies of word aan natuurrampe blootgestel. Onder sulke omstandighede kan die gemeenskap alleen bly bestaan as almal onbaatsugtig saamwerk om die nood die hoof te bied.

In spreekwoorde word skinderpraatjies en die aanhits van rusies baie skerp veroordeel. Hierdie oortredings is daarom so gevaarlik vir die gemeenskap omdat die oortreders nie maklik betrap kan word nie en hulle oortredings die gevaar van skeurings in die gemeenskap kan meebring.

#### 2.3.3.1 Poo ga di ke di tlhakanela lesaka

(Sb. 77 - Pl. 597 - alt: Ap. bl. 263 - Sb. 76)

- A. 'Bulle sal nooit hulle kraal (met ander bulle) deel nie'.

Die beeld: Bulle kan saam in die veld wei sonder dat hulle met mekaar baklei. Wanneer hulle egter saam in een beeskraal kom, kan hulle nie in vrede met mekaar leef nie, maar sal baklei.

- B. Outoriteite moet aan mekaar ondergeskik wees, anders ontstaan daar ongesonde mededinging, rusies en twis wat die gemeenskap skaad en vermy moet word.

2.3.3.2 Diselammapa ga di ratane (Sb. 82 - Pl. 95 - Penzhorn 1926, bl. 77 - Moloto 1963, bl. 17 - Modise 1967, bl. 31)

- A. 'Hulle wat langsmekaar (bessies) versamel, is nie vir mekaar lief nie'.

Diselammapa 'hulle wat langsmekaar bessies versamel' is 'n saamgestelde selfstandige naamwoord in die se-klas. Daaruit kan afgelei word dat die vrugteversamelaars eksperte in hulle werk is.

Die beeld: Vrugteversamelaars is besig om langsmekaar bessies te versamel. Hulle is egter nie lief vir mekaar nie maar toon afguns omdat seker van hulle meer sukses in hulle werk behaal as andere.

- B. Medywering en kompetisie bevorder nie 'n goeie gees in die samelewing nie maar bring spanninge. Dit moet liewers vermy word.

2.3.3.3 Moilakgaka monwamoro (Sb. 789 - Pl. 404 - alt: Sb. 788 - Br. 60)

- A. 'Die tarentaalhater is die sopdrinker'.

Die beeld: Iemand is te lui om die moeite te doen om self 'n tarentaal te jag. Nadat die ander wat dit wel gedoen het, van die jagtog teruggekeer en die tarentaal gekook het, wil die lui aard ook sop daarvan hê.

- B. Dit is laakbare selfsug as iemand wil deel in die voordele van die gemeenskap waarin hy leef, sonder om die verpligtinge te aanvaar wat uit 'n lewe in 'n gemeenskap voortspruit.

Die spreekwoord word ook gebruik om uit te druk dat dinge wat saam hoort, nie geskei mag word nie. 'n Mens kan byvoorbeeld nie iemand haat en terselfdertyd by hierdie persoon gaan kuier nie.



2.3.3.4 Monna yo o nkgang, o nkgale dilo tsa gagwe  
(Sb. 825 - Br. 59)

- A. 'n Man wat stink, stink saam met sy besittings'.  
Nkgale 'stink' is 'n metonimia vir 'ongewild wees'.  
Die beeld: Iemand hou nie van 'n persoon nie en maak daar ook geen geheim van nie. Sodra hy egter uit hierdie man waarvan hy nie hou nie, voordele kan trek, doen hy dit sonder om te huiwer. In die spreekwoord word hierdie houding as selfsugtig afgekeur.
- B. Dit is onopreg en selfsugtig om iemand net vir jou eie voordele te gebruik sonder om ook sy tekortkominge te aanvaar.

2.3.3.5 Lefoko ga le boe, go boa monwana (Sb. 614 - Pl. 282 - Modise 1967, bl.18 - alt: Pl. 292 - Penzhorn 1926, bl. 76 - Motlhasedi 1964, bl. 6)

- A. 'n Woord kom nie terug nie, 'n vinger kom terug'.  
Monwana 'vinger' is 'n sinekdogee vir 'na iemand wys'. In Tswana word dit as ongemanierd beskou om met 'n vinger na iemand te wys. Dit word soms selfs as toordery geag.  
Lefoko 'woord' is 'n sinekdogee vir 'skinderpraatjies' en 'vloek'.  
In die spreekwoord word beweer dat om met 'n vinger na iemand te wys net 'n klein oortreding is in vergelyking met skinderpraatjies en vloek. Die skinder- of vloekwoord gaan van mond tot mond en kan nooit weer tot stilstand gebring word nie. Met 'n vinger kan nie permanent na iemand gewys word nie. Na 'n tyd sal die persoon wat wys, daarvan moet afsien.
- B. Oortredings met die woord, hetsy deur te skinder of deur te vloek, berokken groot en onherstelbare skade omdat dit nie weer ongedaan gemaak kan word nie. Dus is oortredings deur die woord erger as onvriendelike of beledigende dade.

2.3.3.6 Lomao lo ntlha pedi, lo tlhaba kobo le moroki  
(Sb. 646)

- A. 'Die naald het twee punte, dit steek die karos en die naaldwerker'.

Die beeld: 'n Tswananaald wat uit hout vervaardig is, het twee punte. Die oog is in die middel van die naald. Hierdie naald is in die spreekwoord 'n beeld vir 'n aanhitser van stryd. Net soos die naald sowel die karos asook die naaldwerker steek, so steek 'n kwaadstoker twee partye teen mekaar op en maak altwee seer.

- B. Die kwaadstoker praat uit twee monde en blaas vyandigheid onder die partye aan. Albei partye ly skade. Veral word die hele gemeenskap daardeur bedreig omdat aanhitsing rusies en skeurings as gevolg kan hê.

2.3.3.7 Leina le senya motse (Sb. 598 - Pl. 287. 218 -  
Ls. 217 - AP. - Monyaise 1960, bl. 18. 22 -  
alt: D.)

- A. 'n Naam verwoes die stat'.

Leina 'naam' is 'n sinekdogee vir 'skinderpraatjies' waardeur iemand se naam beswadder word.

Senya 'verwoes' is 'n hiperbool vir 'onenigheid en stryd veroorsaak'.

In die wisselvorm kom mokete 'iemand' in plaas van leina 'naam' voor. Dit dui daarop dat skinderpraatjies selfs sonder die vermelding van die naam van die betrokke persoon ook skade aan die persoon en die gemeenskap kan veroorsaak.

- B. Om te skinder is 'n oortreding wat die gemeenskap groot skade berokken omdat die eenheid daarvan bedreig word. Elke lid van die gemeenskap is veronderstel om te help om die gemeenskap saam te bind. Die geskinder wat onenigheid in die gemeenskap ten gevolg mag hê, is dus 'n ernstige oortreding.



#### 2.3.4 Rusie, haat en vyandskap

Rusie en stryd word in die Tswanagemeenskap nie as 'n privaatsaangeleentheid van 'n individu beskou nie omdat dit tot skeurings kan lei en die eenheid van die gemeenskap bedreig. As daar rusies ontstaan word hulle deur die lekgotla bespreek en pogings aangewend om hulle te besleg. Rusies en stryd ontstaan dikwels as iemand kwaad word en dan dinge sê of doen waaroor hy later spyt is. Dus word 'n mens dikwels in spreekwoorde vermaan om jou humeur in toom te hou.

##### 2.3.4.1 Bo a re bo tsholwa go le bolelo, e re ka moso bo bo bo fodile (Sb. 16 - AP. bl. 256)

- A. 'Wanneer die (pap) opgeskep word, is dit warm, die volgende oggend is dit koud'.

Die veronderstelde onderwerp waarna die skakel bo verwys, is bogobe 'pap'.

Die beeld: Pap is warm wanneer dit opgeskep word. As daar van die pap wat vir aandete gekook is, oorbly, is dit die volgende oggend koud.

- B. 'n Mens moet jou humeur in toom kan hou en jou nie laat verlei om in jou toorn iets te sê of te doen waaroor jy later spyt sal wees. Dit is raadsaam om jou woede eers oornag te laat afkoel. Dan sal jy nugter kan dink en die regte dinge kan doen en sê.

##### 2.3.4.2 Legala le tsala molora (D.)

- A. ''n Brandende kool bring as voort'.

Die beeld: 'n Brandende kool kan net as voortbring. Dit kan niks produseer nie, dit kan slegs vernietig.

- B. Die spreekwoord is in sy geheel 'n metonimia vir woede en sy vernietigende gevolge. Woede kan net onaangename en ramspoedige dinge voortbring. Dus moet dit onderdruk word.

2.3.4.3 Ga o ka ke wa tima molelo ka molelo (D.)

- A. 'Jy kan nie vuur met vuur blus nie'.

Die spreekwoord veronderstel 'n onsinnige handeling, naamlik dat iemand probeer om vuur met vuur te blus. Niemand sal werklik so iets doen nie. In die spreekwoord word vuur as 'n metonimia vir woede gebruik.

- B. As iemand vir jou kwaad is, help dit niks dat jy ook kwaad word nie. Jy kan eers dan iets by hom bereik wanneer hy nie meer kwaad is nie.

2.3.4.4 Letlametlwana ga le itse go bopa le nnetswe (Sb. 634)

- A. 'Die brulpaddatjie kan nie "brul" as iemand voor hom sit nie'.

Die verkleinwoord letlametlwana 'brulpaddatjie' is as 'n verkleinerende spot gebruik.

Die beeld: 'n Brulpadda kweek net wanneer hy alleen is. As iemand egter naby hom kom, bly hy stil.

- B. Die spreekwoord word toegepas op iemand wat in sy woede onbeteueld skel en te kere gaan. Sodra hy egter in die lekgotla teenoor die ander party gestel word, laat vaar hy sy onbeheersdheid omdat hy daar vir elke woord wat hy uit, verantwoording moet doen. Dus moet strydende partye met mekaar gekonfronteer word sodat strydsake op 'n beheersde wyse bygelê kan word.

2.3.4.5 More wa mafoko ke go buiwa (Sb. 841 - Pl. 438)

- A. 'n Geneesmiddel vir woorde is as hulle bespreek word'.

Mafoko 'woorde' is 'n sinekdogee vir 'strydsake'. More 'geneesmiddel' is 'n metonimia vir 'oplossing'.

- B. Strydsake moet besleg word deur hulle in die lekgotla te bespreek. Om daaroor te baklei is geen oplossing nie. Hulle mag egter ook nie eenvoudig op sy geskuif en oor die hoof gesien word nie maar móét bespreek word.



2.3.4.6 Borumolano bo kgaogangwa ke selepe

(Moloto 1963, bl. 20 - alt: Sb. 644 - AP.  
bl. 257)

- A. 'Wedersydse uittarting word deur 'n byl geskei'.

Die beeld: Tussen twee families is daar 'n nimmer-eindigende wedersydse uittarting. Dit word oorkom deurdat hulle van mekaar geskei word. Een van die families word deur 'n beslissing van die lekgotla beveel om weg te trek en op 'n ander plek 'n nuwe opstal op te rig. Daarby word die byl gebruik om bome vir die bou van huise en van 'n beeskraal te kap. Die woorde ke selepe 'deur die byl' klink net in die eerste oomblik na 'n gewelddadige oplossing. In werklikheid is 'n uiters vreedsame oplossing bedoel omdat selepe 'byl' 'n metonimia vir 'oprigting van 'n nuwe opstal' is.

- B. Wanneer uittartings en rusies nie anders oorkom kan word nie, moet die strydende partye van mekaar geskei word. Daardeur word die aanleiding vir verdere rusies hulle ontnem.

2.3.5 Boosheid

Boosheid is opsetlike oortreding van die wet. Dus is boosheid die laakbaarste van alle handeling wat die gemeenskap bedreig. Boosheid begin reeds by minagting en roekeloosheid omdat dit nie aan swakheid te wyte is en dus nie verontskuldig kan word nie. Wanneer boosheid in die gemeenskap opgemerk word, mag niemand aarsel nie, elkeen moet onmiddellik en daadwerklik die boosheid bestry.

2.3.5.1 Lonyatso ga lo na seipato (Sb. 617 - Pl. 307)

- A. 'Minagting het geen verskoning nie'.

Lonyatso 'minagting' beteken hier die weiering om iemand wat weens sy status jou meerdere is, te eerbiedig, te gehoorsaam en onderdanig te wees. Hiervoor bestaan daar geen verskoning nie. Daardeur word veronderstel dat vir ander oortredings wat uit swakheid begaan word, verskonings bestaan.

- B. Minagting is 'n bese daad omdat dit opsetlike verson teen die outoriteite wat die gemeenskap saambind, verteenwoordig. Dit moet dus hard gestraf word.

2.3.5.2 Ka bomo e senya dilo (Sb. 533 - Pl. 222)

- A. 'Moedswilligheid verniel goedere'.

Bomo 'moedswilligheid': Iemand gee nie om as goedere wat hy hanteer, beskadig of verniel word nie. Hy doen dit selfs opsetlik.

Dilo 'goedere': Bedoel word goedere wat die gemeenskaplike besit van 'n familie of 'n stam is.

- B. Elkeen is verantwoordelik vir die eiendom van die gemeenskap. As hy dit moedswillig beskadig, begaan hy 'n oortreding en moet gestraf word.

2.3.5.3 Motlhodi wa motho o gaisa wa ting  
(Sb. 888 - AP. - alt: D.)

- A. 'Suurdeeg van 'n mens oortref dié van suurpap'.

Die beeld: Die suurdeeg in pap maak die hele pap suur. Dit word as 'n beeld gebruik vir die invloed wat 'n mens se bese dae in die gemeenskap uitoefen.

- B. Die slegte invloed van bese mense brei vinnig onder hulle medemense uit. Dus mag bese mense nie deur die gemeenskap geduld word nie. Hulle moet gestraf word sodat hulle slegte invloed daardeur gestuit word.

2.3.5.4 Go lepa go dia (Sb. 186 - Pl. 199 - Ls. 198)

- A. 'Afwag en toekyk vertraag'.

Die beeld: Daar is duidelike tekens dat boosheid in die gemeenskap aan die toeneem is. Die mense wat beheer uitoefen, is egter nie heeltemal seker nie en huiwer dus om stappe daarteen te doen.

- B. By die bestryding van boosheid moet daadwerklike stappe sonder versuim gedoen en geen tyd gemors word nie. Dit kan gou te laat word om boosheid te stuit wat aan die toeneem is.



2.3.5.5 Thukhwi o rile: "Ke lebelo." Marota a re:  
"Ke namile." (Sb. 1100 - Pl. 664 - alt:  
 Ls. bl. 18 - D.)

- A. 'Die thukhwi-hiëna het gesê: "Ek is vinnig."  
 Die vlaktes sê: "Ons is uitgestrek."

Die beeld: Die thukhwi-hiëna word agtervolg en probeer om sy wegkruipplek te bereik. Die lang afstande op die vlaktes put hom egter uit sodat hy op die ou end tog nie kan ontsnap nie.

- B. 'n Oortreder kan sy straf nie ontduik nie. Dit agtervolg en haal hom in. Niemand moet homself bedrieg deur te glo dat boosheid voordelig is. Die straf sal hom gewis en seker inhaal.

2.3.5.6 Mateane a a megatla meleele a feny a a megatla mekhutshwane (Sb. 714 - Pl. 360 - Modise 1967, bl. 29)

- A. 'Wilde honde met lang sterte wen dié met kort sterte'.

Megatla meleele 'lang sterte' is 'n metonimia vir 'groter liggaamlike bou' en megatla mekhutshwane 'kort sterte' die teenoorgestelde.

Die beeld: Wilde honde agtervolg 'n prooi. Dié wat groot is, kan lenger met die agtervolging aanhou as dié wat kleiner is.

- B. Ook onder boewe en skurke is daar jaloesie en wedywering. Die een probeer om die ander een te bedrieg. Dikwels kry boewe hulle straf wanneer hulle deur ander boewe uitoorlê en vernietig word.

2.3.5.7 Lefifi le jele ngwana wa lona (Sb. 589 - Pl. 281 - alt: Moloto 1963, bl. 40)

- A. 'Die duisternis het sy kind opgevreet'.

Lefifi 'duisternis' is 'n metonimia vir skurkery. In die spreekwoord word die 'skurkery' gepersonifiër deur die voorstelling dat hy 'n kind het. Hy versorg hom egter nie maar vreet hom op.

- B. As iemand hom met boosheid inlaat, sal dit hom vernietig, Niemand moet verwag dat boosheid voordelig is nie.
- 2.3.5.8 Moepa-lemena o a bo a le ikepela (D. - AP. bl. 245 - alt: Moloto 1963, bl. 23 - Sb. 261)
- A. 'Iemand wat 'n vanggat grawe, grawe dit vir homself'.
- Die beeld: Iemand is daarop uit om hom op iemand anders te wreek. Hy grawe 'n vanggat om sy vyand te vang, maar deur 'n onversigtige beweging val hy self daarin.
- B. 'n Kwaaddoener word dikwels daardeur gestraf dat sy bese planne vir homself 'n strikval word in plaas van vir dié teen wie dit beraam was.
- 2.3.5.9 Sekukuni ga se ke se tlhoka sebatladi (Sb. 1054 - Pl. 624 - Monyaise 1960, bl. 4 - alt: AP. bl. 245 - Modise 1967, bl. 46)
- A. 'Iemand wat skelm sluip, sal nie iemand wat op sy maag lê (= 'n bespieder) vryspring nie'.
- Die beeld: Iemand probeer om skelm kwaad te doen. Iemand anders kom dit egter agter en loer hom af.
- B. Skurkery bly nie verborge nie maar word altyd ontdek. Dit is nie die moeite werd nie omdat dit altyd deur straf gevolg word.
- 2.3.5.10 Magodu ga a ke a tswana (Sb. 676 - Pl. 331)
- A. 'Diewe sal mekaar nie verrai nie'.
- Wanneer diewe verhoor word, weier hulle om hul medepligtiges te verrai.
- B. As 'n dief ontken dat hy medepligtiges het, kan dit nie eenvoudig aanvaar word nie. Gevolglik moet 'n manier gevind word om vas te stel wie die medepligtiges is.



## 2.4 DIE MENS EN SY REGSPLEGING

Die regspleging was vir die Tswana 'n deel van hulle alledaagse lewe. Kennis van die reg en die wette en die toepassing daarvan was nie die voorreg van 'n klein groepie deskundiges nie. Dit was die reg en plig van elke volwasse man om aan die besprekings van regsake in die lekgotla deel te neem. So is die wet toegepas sowel in elke aparte familie asook in die stam as geheel. Hierdie toepassing van die wet het die onreëlmatighede en oortredings in die gemeenskap in toom gehou.

By die besprekings in die lekgotla het spreekwoorde 'n groot rol gespeel. Die regspleging was veral op regspreedende uit die verlede gebaseer. Spreekwoorde het die regstradisie besonder goed bewaar omdat hulle 'n betreklik vaste vorm het. 'n Opperhoof wat die Bangwaketse in Kanye in Botswana 40 jaar geregeer het het op grond van sy jarelange ondervinding berig dat 'n beslissing in die lekgotla meesal dan vir die betrokke mense oortuigend en aanvaarbaar was as dit deur 'n spreekwoord gestaaf kon word.

### 2.4.1 Reg met betrekking tot besittings

Oor vaste besittings soos byvoorbeeld 'n stuk grond word daar uit die aard van die saak selde gestry of rusie gemaak omdat elkeen weet aan wie dit behoort. Gewoonlik is dit los eiendom waaroor daar stryd ontstaan. So 'n rusie word deur die toepassing van sekere beginsels besleg.

#### 2.4.1.1 Kgomo e itsiwe ka letshwao (D.)

- A. 'Die bees word aan sy merk uitgeken'.

Die beeld: Die beeste van 'n familie of dikwels ook dié van 'n hele stam het 'n sekere merk waaraan hulle uitgeken word. Meesal is dit die oor van die bees wat die merk dra.

- B. By elke besitting is daar een of ander kenmerk waaraan die regmatige eienaar dit kan uitken. Daar behoort dus geen onsekerheid oor besitreg te bestaan nie.

2.4.1.2 Boswa jwa motho a tshela ga bo jewe (Sb. 39)

- A. 'Die erfenis van 'n mens wat nog leef, word nie geëet nie'.

Go ja boswa 'die erfenis eet' is 'n metonimia vir 'die erfenis aanvaar'.

By die Tswana geskied die erflating eers met die afsterwe van die erflater.

- B. Solank die erflater nog leef, beskik 'n erfgenaam nog nie oor die erfenis wat vir hom bestem is nie. Met hierdie spreekwoord word erfgename vermaan om voorlopig vir hulle eie onderhoud te sorg. Sodoende word moeilikheid aan albei kante voorkom.

2.4.1.3 Phofu ya kganelo ke ya kgosi (Sb. 1003 - D.)

- A. ' 'n Eland waarop gestry word, is die koning s'n'.

Die beeld: Tydens 'n jagtog is 'n eland doodgemaak, maar daar word gestry oor wie die eland gaan kry. As die besitter nie bo alle twyfel vasgestel kan word nie, kry die kaptein die bok.

- B. As daar gestry word oor wie die eienaar van 'n sekere voorwerp is, gaan die betrokke voorwerp in die besit van die kaptein oor.

Opmerking: Oor die reg aan wie 'n kind behoort, vergelyk 2.2.6.12.

2.4.2 Beginnels vir die regspraak in die lekgotla

Die Tswanaregspraak ken sekere beginsels vir die prosedure van die regspraak, al was hulle in die ou Tswana ook nie op skrif gestel nie. Daar het dus geen onduidelikheid of twyfel bestaan oor wat die regte en die paslike prosedure in verband met regspraak was nie.

2.4.2.1 Masepa a ntša a dujwa a sa le metsi

(Sb. 708 - AP. - alt: Penzhorn 1926, bl.77)

- A. 'Die uitwerpsel van 'n hond word gebrei solank dit nog nat is'.

Masepa a ntša 'uitwerpsel van 'n hond' is 'n metonimia vir 'oortredings van skurke'.



dujwa < duba 'brei' is 'n metonimia vir 'deeglik ondersoek word'.

A sa le metsi 'terwyl dit nog nat is' is 'n metonimia vir 'nog vars in die geheue van die mense wees'.

- B. Oortredings van kwaaddoeners moet onmiddellik ondersoek word solank dit nog vars in die geheue van diegene is wat as getuies sal moet optree en die besonderhede van die oortreding nog nie vervaag het nie.

2.4.2.2 Kromo e tshwarwa ka dinaka, motho o tshwarwa ka mafoko (Sb. 556 - Moloto 1963, bl. 25 - alt: Ls. bl. 77 - AP. bl. 247)

- A. 'n Bees word by sy horings gegryp, 'n mens word by sy woorde gegryp'.

Die beeld: As 'n bees gevang word, word 'n riem om sy horings gesit en vasgetrek. Die spreekwoord vergelyk hiermee die ondervraging van 'n man.

- B. As 'n beskuldigde in verband met 'n sekere oortreding in die lekgotla ondervra word, moet hy sy woorde versigtig stel, want daar word gepoog om sy skuld uit sy eie woorde te bewys.

Leseyane sien die betekenis van die spreekwoord blykbaar daarin dat iemand vermaan word om 'n belofte wat hy gedoen het, na te kom.

2.4.2.3 Legodu ke le le tshwerweng ka morwalo (D. - alt: Sb. 595 . Pl. 283. 284 - AP.)

- A. 'Diegene wat met die (gesteelde) drag betrap is, is die dief'.

Niemand mag 'n dief genoem word omdat mense net vermoed dat hy steel nie. Alleenlik dié persoon wat gesteelde goed by hom gehad het toe hy gevang is, mag 'n dief genoem word.

- B. Slegs dié persoon wie se oortreding duidelik en bo alle twyfel bewys kan word, mag 'n oortreder genoem word. Deur hierdie spreekwoord word onbewese beskuldigings afgekeur.

2.4.2.4 Molato o losiwa ke ditshoswane  
(Sb. 805 - AP. bl. 259)

- A. 'n Misdad word deur miere bestry'.

Ditshoswane 'miere' is 'n metonimia vir 'gewone lede van die stam'.

Elke gewone stamlid neem in die lekgotla deel aan die bespreking en bestryding van misdad.

- B. Die ondersoek van onreg en die toepassing van die wet in verband daarmee is nie die taak van deskundiges nie. Dit is die reg en die plig van elke lid van die stam om aan die regspraak deel te neem. Die hele gemeenskap is dus by die regspraak betrokke.

2.4.2.5 Mafoko a matlhong (Sb. 669 - Pl. 327)

- A. 'Woorde lê in die oë'.

Mafoko 'woorde' is 'n sinekdogee vir 'bespreking van 'n geskilpunt'.

Matlhong 'in die oë' is 'n metonimia vir 'konfrontering'.

Dit is 'n basiese vereiste vir 'n regs ondersoek dat die twee strydende partye met mekaar gekonfronteer word.

- B. 'n Ondersoek sal eensydig en dus waardeloos wees solank die klaer en die beskuldigde nie met mekaar gekonfronteer word nie. Veral moet die beskuldigde die geleentheid gegee word om hom te verdedig voor 'n oordeel uitgespreek mag word.

2.4.2.6 Lefoko la maabanyane ga le tlhabe kgomo  
(Sb. 592 - Pl. 134 - Ls. 134 - alt: Pl. 294)

- A. 'n Woord in die laataand slag nie 'n bees nie'.

Lefoko 'woord' is 'n sinekdogee vir 'belofte'.

Ga le tlhabe kgomo 'dit slag nie 'n bees nie' is 'n metonimia vir: 'dra geen regsgevolge nie'.



Die beeld: By 'n informele gesprek laat in die aand het iemand 'n belofte gemaak, maar het sy belofte nie nagekom nie. In die spreekwoord word gesê dat hy daarvoor nie verantwoordelik gehou kan word nie.

- B. 'n Belofte by 'n informele geleentheid is nie regsgeldig nie. Niemand kan op grond van so 'n belofte 'n klag indien nie. In teenstelling met moderne regsprosedure moet by die Tswana iets wat veronderstel is om regsgeldige gevolge te hê, uiters formeel gedoen word.

#### 2.4.2.7 Nama e a bola, mafoko ga a bole (D.)

- A. 'Vleis word vrot, woorde word nie vrot nie'.

Die vergenklieke vleis is as kontras gesien teenoor strydsake wat nie vanself opgelos word nie.

- B. Al is daar reeds 'n lang tyd sedert die ontstaan van 'n strydsak verstreke, mag dit nogtans nie geïgnoreer of vergeet word nie. Dit moet formeel deur middel van 'n regsprosedure besleg word.

#### 2.4.3 Getuienis in 'n regsak

'n Belangrike aspek van die regsprosedure is die aflê van getuienis. 'n Beskuldiging wat ontken word, moet deur getuies of gestaaf of verwerp word. Getuienis oortuig egter alleenlik wanneer dit aan sekere vereistes voldoen.

##### 2.4.3.1 Nko ga e dupelele (Sb. 961)

- A. 'Die neus volg nie 'n reuk nie'.

Go dupelele 'n reuk uitsnuffel' is 'n metonimia vir: 'n vermoede in plaas van 'n bewys volg'.

Die neus wat 'n reuk uitsnuffel, is 'n beeld vir 'n mens wat, op grond van slegs 'n vermoede, iemand beskuldig.

- B. 'n Vermoede wat nie bewys kan word nie, is as getuienis waardeloos. 'n Getuienis mag nie op vermoede nie, maar moet op feite gegrond wees.

Seboni pas die spreekwoord toe op iemand wat as ooggetuie inligting verskaf aan mense wat 'n sekere saak nie bygewoon het nie.

2.4.3.2 Mafoko ke a pele, a morago dithuthuntshwane  
(Sb. 672 - AP)

- A. 'Woorde is dié wat in die begin (gesprek) word, dié wat agterna (gesprek) word, is paddastoele'.

Mafoko 'woorde' is 'n sinekdogee vir 'getuienis'. Dithuthuntshwane 'paddastoele' is 'n metonimia vir 'waardelose getuienis'.

Die beeld: By 'n regsak in die lekgotla is die getuies teenwoordig en hoor wat gesê word. As hulle aan die begin van 'n ondersoek getuig, het hulle getuienis nog waarde. As iemand egter later in die verloop van die ondersoek nog wil getuig, het die getuienis geen waarde meer nie omdat hy die voorafgaande getuienis reeds aangehoor het en gevolglik nie meer objektief kan getuig nie.

- B. Nie alle getuienis is gelykwaardig nie. Aan die begin van 'n ondersoek is die getuienis nog objektief. Getuienis wat later gelewer word, dra nie dieselfde gewig nie.

2.4.3.3 Di pedi, fela ga di utlwele gongwe (D. -  
Sb. 91 - Modise 1967, bl. 29)

- A. '(Die ore) is twee, maar hulle hoor nie eners nie'.

Die veronderstelde onderwerp waarna die skakel di verwys, is ditsebe 'ore'.

Die beeld: 'n Mens het twee ore. In die spreekwoord word beweer dat hulle nie eners hoor nie.

- B. Twee mense wat dieselfde hoor, interpreteer dit nie op dieselfde manier nie. Dus stem die getuienis van twee mense, wat een en dieselfde ding gesien of gehoor het, dikwels nie ooreen nie. In so 'n geval word meer getuies benodig om 'n afgeronde beeld van 'n sekere gebeurtenis te verkry.



2.4.3.4 Monwana ga o ke o itshupa (Sb. 829)

- A. 'n Vinger wys nooit na homself nie'.

Die beeld: 'n Vinger kan net na iets anders, maar nie na homself wys nie. In hierdie samehang is 'vinger' 'n metonimia vir 'getuie'.

- B. Van 'n getuie word nie verwag dat hy homself deur sy getuienis inkrimineer nie. Dus kan niemand gedwing word om getuienis wat later teen homself gebruik kan word, af te lê nie.

2.4.4 Straf, berou en skadevergoeding

Wanneer die lekgotla iemand weens 'n oortreding skuldig bevind het, moet die oortreder 'n straf opgelê word of hy moet skadevergoeding betaal. Berou alleen wis nie die skuld van 'n oortreder uit nie want die oortreding is begaan en die skede is berokken. Buitendien dien die straf ook as 'n afskrikmiddel vir ander oortreders.

2.4.4.1 More go alafa o botlhoko (Sb. 836 - Fl. 435)

- A. 'n Geneesmiddel wat seer maak, genees'.

Die beeld: Die medisyne wat aan siekes toegedien word, is doeltreffend wanneer hulle bitter is. Dit word as 'n beeld gebruik vir straf wat seer maak, maar veroorsaak dat die oortreder hervorm.

- B. Dit is verkeerd om met 'n oortreder sagkens om te gaan. Die straf is veronderstel om hom tot inkeer te bring. Dus moet dit drasties wees.

2.4.4.2 Moamoga-tshwene-lerutla o e lebatsa ka mogwang  
(Sb. 760)

- A. 'Iemand wat van 'n bobbejaan 'n klapper wegneem, laat hom (die verlies) vergeet deur (hom) 'n mieliblaar (te gee)'.

Die beeld: Iemand het van 'n bobbejaan 'n klapper weggeneem en vervang dit met iets anders. Al is die vergoeding miskien ook nie gelykwaardig nie, simboliseer dit nogtans 'n vergoeding.

- B. As iemand oortree en daardeur iemand anders skade berokken, is hy verplig om die skade te vergoed. Die skadevergoeding is nie veronderstel om die ewewig van die besittings noodwendig te herstel nie, maar dit sal die verontregte persoon tevrede stel.

2.4.4.3 Boikwatlhao bo siame, fela ke namane ya morago ke gale (Moloto 1963, bl. 13 - alt. Br. 42 - AP)

- A. 'Berou is goed, maar dit is altyd 'n kalf van agterna'.
- Namane ya morago 'n kalf van agterna' is 'n pleonasme vir: 'te laat kom'.
- B. Berou is wenslik en word nie afgewys nie. Om na 'n oortreding en 'n daaropvolgende veroordeling berou te toon, is egter te laat en die oortreder sal die straf ten volle moet ondergaan.

2.4.4.4 Makgoa ga a golege ka kgole, a golega ka lokwalo (D.)

- A. 'Die blankes boei nie met 'n tou nie, hulle boei met 'n brief'.
- Lokwalo 'brief' is 'n sinekdogee vir 'lasbrief'.
- Dit is een van die min spreekwoorde wat eers na die akkulturasie van die Tswana ontstaan het. Dit verwys na die wyse waarop die Tswana 'n boef vasbind, naamlik deur hom met 'n tou te boei, en stel daarteenoor die wyse van die blankes om iemand deur middel van 'n lasbrief in hegtenis te laat neem.
- B. Die blankes se hantering en toepassing van die wet is nie so pynlik soos dié van die Tswana nie.



## 2.5 WERK EN EKONOMIE

In die ou Tswanasamelewing het werk en ekonomie slegs één aspek van hulle kultuur gevorm en het in teenstelling met die neiging van die moderne samelewing nie swaarder geweeg as die ander vertakkings van die kultuur nie.

Om die benadering van die ou Tswana tot werk en ekonomie te kan verstaan, moet ons besef dat hulle dit nooit aan die maatstawwe van tyd en geld gemeet het nie. Hulle het nie gewerk met die doel om te produseer en die produkte te verkoop nie. Werk en ekonomie het slegs ten doel gehad om die gemeenskap van alle lewensbehoefte te voorsien.

### 2.5.1 Gemeenskaplike werkverrigting

Die Tswana het gemeenskaplike werkverrigting sterk beklemtoon. In die familiekring is werk meesal gemeenskaplik aangepak. By sekere groot take is hulp ook van buite die familiekring ingeroep. By sekere geleenthede is alle mans van die stam vir 'n gesamentlike taak opgeroep.

#### 2.5.1.1 Molapo o tladiwa ke melatswana

(D. - alt: Sb. 959 - Fl. 524)

- A. 'n Rivier word deur riviertjies gevul'.

Die beeld: 'n Rivier word deur sy sytakke gevoed. Baie sytakke maak 'n groot rivier.

- B. Mense kan groot dinge verrig slegs wanneer hulle saam staan en saam werk.

#### 2.5.1.2 Bontsi bo bolaya noga (Penzhorn 1926, bl.

75 - AP.)

- A. 'n Menigte maak die slang dood'.

Die beeld: 'n Gevaarlike slang word opgemerk. Die bure kom help en die slang word gesamentlik doodgemaak.

- B. 'n Moeilike taak word deur samewerking van baie mense maklik. Ook gevare kan afgeweer word as mense saamstaan.

2.5.1.3 Bayatlhatsweng ba laana kgale  
(Penzhorn 1926, bl. 76)

- A. 'Hulle wat na die stamvrugboom gaan, (om die vrugte te versamel), spreek dit voorheen met mekaar af'.

Die beeld: Die vrugte van die stamvrugboom is ryp en mense is van plan om hulle te gaan pluk. Hulle spreek met mekaar af om gesamentlik stamvrugte te gaan versamel.

- B. Gemeenskaplike werk moet onderlings bespreek word om daarvan 'n sukses te maak.

2.5.1.4 Moipolai ga a lelelwe (Sb. 790 - Pl. 405 - Malepe 1969, bl. 182 - Modise 1967, bl. 11)

- A. 'Iemand wat homself doodmaak, word nie bejammer nie'.

Moipolai 'selfmoordenaar' is 'n metonimia vir: 'iemand wat hom doodwerk omdat hy sy medemense nie om hulp wil vra nie'.

- B. Dit is 'n minagting van die gemeenskap waarin jy lewe as jy nie om hulp wil aanklop wanneer jy die werk nie alleen kan behartig nie. As iemand dus nie om hulp wil vra nie, moet hy nie bejammer word as hy swaar kry nie.

2.5.1.5 Ga ke thata ke le nosi, ke thata ka lentswe  
(Sb. 162 - Pl. 151 - alt: Pl. 150 - Ls. 15 )

- A. 'Ek is nie sterk wanneer ek alleen is nie, ek is sterk deur die stem'.

Ka lentswe 'deur die stem' is 'n sinekdogee vir: 'deur hulp van my medemense te vra'

Die beeld: Iemand is swak wanneer hy alleen 'n moeilike taak moet verrig. Hy kan egter welslae behaal as hy sy medemense vra om hom te help.

- B. 'n Mens is veronderstel om by die uitvoer van moeilike take van die hulp van jou medemense gebruik te maak. Die hulp van die gemeenskap maak jou sterk.



2.5.1.6 Mokoduwe wa kgomo go tsosiwa o o itsosang  
(Sb. 797 - Kgasi 1951, bl. 37 - alt: Seboni  
1961, bl. 49)

- A. 'n Maer bees word opgehelp as hy self probeer opstaan'.

Die beeld: 'n Bees word as gevolg van droogte maer. Nou het hy skaars krag om self op te staan. Die bees probeer egter om op die been te kom en hy word gehelp om dit reg te kry.

- B. Die hulp wat die gemeenskap aan 'n swak medemens verleen, kan net dan slaag as hy ook self probeer om sy moeilikhede te bowe te kom. Hy kan alleenlik op die hulp van sy medemens staat maak, as hy bereid is om ook van sy kant sy beste te doen.

2.5.1.7 "Mpepi" e a ipelegisiwa (Sb. 908 - Fl. 476)

- A. "'Abba my" word gehelp om homself te abba'.

Ipelegisiwa 'gehelp word om homself te abba' is 'n metonimia vir: 'gehelp word om op eie voete te staan'.

Die beeld: 'n Kind wat reeds so groot is dat hy nie meer gedra hoof te word nie, hou aan soebat om gedra te word. Maar hy moet nou leer om self te loop en staat te maak op die ander lede van die gesin om dit reg te kry.

- B. As iemand te lui is om self iets te doen en aanhou om sy medemens om hulp te vra, word nie aan sy versoek voldoen nie, maar hy word geleer om homself te help. Hulp is nie wenslik as dit luiheid aanmoedig nie.

2.5.2 Inspanning en teleurstelling wat met werk verbonde is

Sonder harde werk en inspanning kan niemand iets in die lewe bereik nie. Dit is egter ook 'n feit wat nie weggeredeneer kan word nie dat 'n hardwerkende mens nie altyd die vrugte van sy werk en inspanning kan pluk nie.

2.5.2.1 Moletangwedi o leta lefifi (Sb. 814 - alt: Monyaise 1965 A, bl. 10)

- A. 'Wie op die maan wag, wag op duisternis'.

Ngwedi 'maan(lig)' en lefifi 'duisternis' is metonimieë vir 'geluk' en 'ongeluk'

Die beeld: Iemand wag daarop dat die maan moet opkom sodat hy 'n sekere taak kan uitvoer. Hy wag egter tevergeefs. Dit bly donker.

- B. As 'n werk gedoen moet word, is dit verkeerd om te wag en te talm. As jy 'n taak onder die knie wil kry, moet jy dadelik en met mening aan die werk spring. Versal is dit verkeerd om op geluk te wag in plaas van om die werk onmiddellik en sonder aarseling aan te pak.

2.5.2.2 Mofufutso go jelwa wa phatla, wa kgodugotshwane ga o jelwe (D. - alt: Sb. 785 - Pl. 378 - AP. bl. 247 - Kgasi 1951, bl. 39 - Merriweather 1965, bl. 3)

- A. 'Die sweet van jou voorkop word geëet, die van jou agterkop se holte word nie geëet nie'.

Mofufutso wa phatla 'sweet van die voorkop' is 'n metonimia vir 'harde werk', mofufutso wa kgodugotshwane 'sweet van die agterkop se holte' is 'n metonimia vir 'luiheid' omdat 'n mens daar sweet sonder om te werk.

Go jelwa 'geëet word' is 'n metonimia vir 'n bestaan maak'.

Die beeld: Mense wat hard werk, sweet gewoonlik op hulle voorkop. By die agterkop se holtes sweet ook luiards. Dit is alleenlik dié wat hard werk wat 'n bestaan kan maak.



- B. Net deur harde en vermoeiende werk kan 'n mens 'n bestaan maak en voorspoed hê. 'n Luiaard kan nie verwag om in die lewe iets te bereik nie.

2.5.2.3 Phokojwe go ja yo o diretsenyane (Sb. 1005 - Pl. 587 - Penzhorn 1926, bl. 76 - Kgasi 1951, bl. 39 - Ls. bl. 35 - alt: Monyaise 1960, bl. 35 - Malepe 1969, bl. 179)

- A. 'n Modderige jakkals eet'.

Diretsenyane 'modderig' is 'n metonimia vir: 'nie bang wees vir werk wat jou vuil maak nie'.

Die beeld: 'n Jakkals wil ten alle koste genoeg kry om te vreet. Hy gee nie om as hy vuil word nie solank hy net sy kos kan kry.

- B. As iemand 'n doel wil bereik, moet hy nie vir harde werk stuit nie. Harde werk lei tot vooruitgang.

2.5.2.4 Modisa ga a na setlhare sa bothito (D.)

- A. 'n Beeswegter het nie 'n warm boom nie'.

Die beeld: Mense word in die veld deur 'n haelbui oorrampel. Hulle soek skuiling egter 'n boom waar hulle 'warm' kan bly. 'n Beeswegter mag gedurende 'n storm egter nie sy trop alleen laat en die beskutting van 'n boom opsoek nie, want hy dra die verantwoordelikheid vir die beeste.

- B. As iemand vir 'n taak die verantwoordelikheid dra, moet hy ontberinge wat daarmee gepeard gaan, kan verduur.

2.5.2.5 Ngaka e sa sweng, e a eta (Sb. 926 - Pl. 499 - AP.)

- A. 'n Dokter wat nie dood gaan nie, (is besig om te) reis'.

Ngaka e sa sweng 'n dokter wat nie doodgaan nie' is 'n metonimia vir: 'n dokter wat nie honger ly nie, maar 'n bestaan kan maak'.

Die beeld: 'n Dokter moet uit die aard van sy werk baie reis. As hy dit nie doen nie, kan hy nie 'n bestaan maak nie. Om te reis was in die ou dae nie aangenaam nie en boonop was ook gevare daaraan verbonde. 'n Dokter moes hierdie onaangenaamhede egter verduur om 'n bestaan te maak.

- B. 'n Mens moet bereid wees om onaangenaamhede te verduur as jy deur middel van jou werk 'n goeie bestaan wil maak. 'n Luiaard kan nie voorspoed verwag nie.

#### 2.5.2.6 Mokgathathithe ga se mofodi (Sb. 795 - Pl. 407)

- A. 'Iemand wat braakland bewerk, is nie die dorser nie'.

Die beeld: Iemand het braakland bewerk en daarop gesaai. Nieteenstaande sy baie moeite word dit egter nie aan hom vergun om die vrugte daarvan te pluk nie.

- B. Harde werk word nie altyd met sukses bekroon nie. 'n Mens moet met die moontlikheid rekening hou dat teleurstellende resultate op jou harde werk mag volg.

#### 2.5.3 Regte en verkeerde houding teenoor en metodes van werk

As 'n mens wil hê dat werk goeie resultate moet lewer, is dit nie voldoende as jy slegs hard werk nie. Dit is net so belangrik dat jy jou werk ook met die regte gesindheid aanpak en die regte metodes toepas. Eers dit verseker jou van goeie resultate.

##### 2.5.3.1 Ga e ke e gangwa ka mogogorwane namane e le fa (Sb. 147 - Pl. 141 - Ls. 141)

- A. 'n Koei word nie met 'n opgestopte kalf gemelk terwyl die kalf daar is nie'.

Die beeld: As 'n kalf doodgaan, word die koei met 'n opgestopte kalf gekul sodat sy kan sak. So 'n opgestopte kalf word natuurlik nie gebruik as die kalf nog lewe nie.



- B. Werk moet altyd behoorlik en op die regte manier gedoen word. As daar iemand is wat 'n taak reg kan doen, moet dit nie deur iemand aangepak word wat dit minder goed of glad nie kan doen nie.

2.5.3.2 Mmesatsie ga a bonya (Penzhorn 1926, bl. 76)

- A. 'n Sprinkaanbraaier talm nie'.

Die beeld: Sprinkane word gevang en oor die vuur gebraai. Die sprinkaanbraaier moet rats wees en hulle vinnig omdraai anders verbrand hulle.

- B. By sekere take moet jy vinnig te werk gaan anders sal jy geen sukses behaal nie. 'n Mens pak 'n stukkie werk fluks en met ywer aan, veral as daar 'n aantreklike beloning op jou wag.

2.5.3.3 Letsema le epa le bona mong wa tshimo  
(Sb. 639 - Pl. 280)

- A. 'Die werkspan grawe terwyl hulle die baas van die land sien'.

Die beeld: Iemand het 'n werkspan ingeroep om sy land te bewerk. Hy is self ook teenwoordig sodat die werkspan hom altyd kan sien.

- B. Toesig is 'n voorvereiste vir goeie resultate. 'n Mens kan nie goeie resultate by 'n taak verwag as jy nie 'n oog oor die verrigting daarvan hou nie.

2.5.3.4 Monna ga a rongwe gabedi (Penzhorn 1926, bl. 78)

- A. 'n Man word nie twee keer gestuur nie'.

Die beeld: 'n Seun kan gestuur word om die taak wat hy nie ordentlik gedoen het nie, nog 'n keer aan te pak. Hy is nog 'n seun en moet nog leer hoe om werk ordentlik te doen. 'n Man daarenteen is veronderstel om uit die steanspoor 'n opdrag behoorlik en so volmaak soos moontlik uit te voer.

- B. 'n Man is veronderstel om nie net hard nie maar ook behoorlik te werk sodat sy werk nie weer oordoen moet word nie.

2.5.3.5 Ngwana ga a sugelwe thari mpeng (D. - alt: Sb. 463 - Pl. 12. 716 - Ls. 12 - AP. bl. 263)

- A. 'Vir 'n kind word die draagvel nie gebrei (so-lank hy nog) in die moederskoot (is nie)'.

Die beeld: Vir die Tswana was dit taboe om vir 'n bevalling enige voorbereidings te tref. Dus mog ook die draagvel waarin die moeder haar kind abba, nie voor die geboorte van die kind gebrei word nie.

- B. By die verrigting van enige werk moet die regte volgorde gehandhaef word. Dit is dwaas om planne te beraam vir dinge wat nog onseker is. In sekere gevalle mag dit selfs nadelig wees om te haastig te werk te gaan.

2.5.3.6 Khudutlou e robetse, bolobeto ba ipha naga (Sb. 567 - Pl. 266 - Ls. 264 - alt: Sb. 914. 1099 - Pl. 662)

- A. 'Die reuseskilpad is aan die slaap en die klein skilpaaie speel baas op die veld'.

Die beeld: Die reuseskilpad oefen beheer oor die klein skilpaaie uit. Hulle mag nie naby sy plek op die veld kom nie. Wanneer die reuseskilpad egter aan die slaap is, speel die klein skilpaaie baas op die veld.

- B. Tekortkominge van en gebrek aan toesig het onreëlmatighede ten gevolge. Dit is belangrik dat in 'n gemeenskap of by werk voldoende beheer en toesig is.

2.5.4 Voldoende kos as 'n voorvereiste vir goeie werk

In die ou tyd het die Tswana sonder loon werk vir 'n medemens gedoen. Die vooruitsig op loon het dus as stimulus weggeval. Daar was egter 'n ander stimulus wat mense getrek het om by 'n werkspan aan te sluit, naamlik die vry kos wat aan die werkspan voorsien is. As iemand 'n werkspan wou oproep, was dit 'n voorvereiste dat hy voldoende kos vir hulle sou gee. Omdat die kosvoorsiening dikwels groot probleme veroorsaak het, is so 'n werkspan nie te dikwels opgeroep nie.



2.5.4.1 Tsie e fofa ka moswang (Br. 40 - Motlhasedi 1964, bl. 7 - alt: Ls. bl. 105 - Ntsime, Pelo, bl. 80)

A. 'n Sprinkaan vlieg met wat hy in sy maag het'.

Moswang 'pensmis' is 'n sinekdogee vir: 'krag wat uit die kos in die maag kom'.

Die beeld: As 'n sprinkaan geen kos gehad het, het hy geen krag om te vlieg nie.

B. 'n Werker kan sy taak alleenlik dan behoorlik verrig as hy voldoende kos kry.

2.5.4.2 Kgomo e sisa e fudile (Merriweather 1965, bl. 47)

A. 'n Koei gee baie melk as sy (goeie) weiding gehad het'.

Die beeld: 'n Koei kan 'n groot hoeveelheid melk gee as goeie weiding vir haar beskikbaar is.

B. Goeie werkresultate is van voldoende kosvoorsiening afhanklik.

Merriweather berig dat die Tswana die spreekwoord gebruik wanneer 'n moeder haar baba soog en dus goed van kos voorsien moet word.

2.5.4.3 Go ja ga go die, go dia go dira  
(Sb. 179 - Pl. 191 - Ls. 190)

A. 'Om te eet, vertraag nie (die werk nie), om te werk vertraag'.

Die beeld: Die werk word onderbreek wanneer kos opgeskep word. Nogtans beteken die etenspouse eintlik geen vertraging van werk nie omdat die werkers daarna met nuwe krag aan die werk sal spring. Daarenteen sal werkers wat op 'n leë maag moet werk, stadig werk en die werk meer vertraag as 'n etenspouse dit sou doen.

B. Dit is dwaas om honger mense te laat werk, omdat dit slegte resultate sal oplewer. Goeie kosvoorsiening waarborg goeie resultate.

2.5.4.4 Maboga a mantsi ke a rata tirong, dikgobeng ga ke a rate (Sb. 663 - Pl. 321 a - Penzhorn 1926, bl. 75)

- A. 'By die werk hou ek van baie hande, by die (pep)eet hou ek nie daarvan nie'.

Die beeld: 'n Werkspan is opgeroep en baie hande is besig om 'n taak te verrig. Dit verbly die baas van die werkspan. Hy is egter daarvan bewus dat al die werkers honger is. Die baie hande wat gewerk het, sal dan ook by die pappotte wees. Dit besorg hom hoofbrekings.

- B. Dit is maklik om 'n werkspan op te roep, maar dit is 'n ander saak om die werkspan te voed. Pleatje verstaan die spreekwoord so dat almal maar te bly is as mense met die werk help, maar dat niemand daarvan hou as mense net kom kuier om jou kos op te eet.

## 2.6 DIE MENS EN DIE BONATUURLIKE

Spreekwoorde is in die algemeen nie op diep filosofiese meditasies ingestel nie. Gewoonlik word dinge uit die alledaagse lewe van die mens daarin uitgebeeld. Dit is dus nie verbasend dat net betreklik min spreekwoorde oor die mens en sy verhouding tot die bonatuurlike handel nie. Spreekwoorde het geen belang by die bonatuurlike as sodanig nie, maar behandel dit net vir sover dit die mens en die dinge van die menslike lewe raak.

Vir die Tswana is die lewe vol van onverstaanbare dinge. Hulle aanvaar bonatuurlike dinge sonder om hulle daarvoor te kwel of hulle logies verklaarbaar is. Die bonatuurlike vorm 'n integrerende deel van hulle konsepsie van die lewe en die wêreld. Die omgang met die bonatuurlike kan nie uit hulle doen en late weggedink word nie.



### 2.6.1 Ongeluk, geluk en toeval

Met begrippe soos geluk en toeval verbind die Tswana 'n dieper betekenis as wat die "verligte" Westerling dit vandag doen. Toeval, geluk en ongeluk is vir hom verskynsels met 'n bonatuurlike samehang. Hy sien in hierdie dinge die uitwerking van magte waarteen hy op sy eie magteloos en waarvan hy in 'n groot mate afhanklik is. Weens hierdie sienswyse sou die Tswana nooit 'n spreekwoord kon vorm soos die Duitse een wat lui: "Jeder ist seines Glückes Schmied" (Seiler 1967, bl. 347).

#### 2.6.1.1 Ina lebe seromo (Sb. 597 - Pl. 217 - Ls. 216 - Motlhasedi 1964, bl. 6)

- A. 'n Slegte naam is 'n merk'.

Serômo < go rôma 'n merk op die liggaam maak'.  
Serômo 'n merk op die liggaam' is 'n metonimia vir 'ongeluk, slegte omen'.

Die Tswana beskou dit as gevaarlik of selfs as noodlottig as 'n bose woord, 'n vloek of net 'n skeldnaam teenoor 'n mens uitgespreek word. Hulle glo dat dit nie sonder gevolge bly nie. Vergelyk die spreekwoorde 2.1.8.1 en 2.3.3.5.

- B. 'n Slegte woord of 'n skeldnaam moet teen niemand uitgespreek word nie want dit sal hom skaad. Veral moet dit nie teenoor 'n kind geboen word nie omdat dit hom in dié rigting wat deur die slegte naam aangedui word, sal laat ontwikkel.

#### 2.6.1.2 Mogoa-Modimo o a o ikgoela (AP. bl. 245 - Monyaise 1965 B, bl. 8)

- A. 'Iemand wat God aanroep, roep vir homself'.

Volgens Pilane en ander informante veronderstel die spreekwoord dat iemand God aanroep om 'n medemens deur 'n vloek skade aan te doen. God kan egter geen boosheid verdra nie en laat die vloek soos 'n boemerang werk.

- B. 'n Ongeluk wat 'n mens op iemand anders toewens, val op hom self neer. God straf diegene wat ander mense vloek.

2.6.1.3 Se sa feleng se a tlhola (Sb. 1062 - Br. 70 -  
Seboni 1961, bl. 22 - Moloto 1963, bl. 13 -  
Monyaise 1960, bl. 7 - Ntsime, Pelo, bl. 4)

- A. 'Iets wat nie eindig nie, kondig onheil aan'.  
Alle dinge wat bestaan, is aan die wet van ver-  
ganklikheid onderworpe. Wanneer vooruitgang en  
welvaart baie lank voortduur, is dit 'n waarsku-  
wing om voorsorg te tref vir slegte tye wat  
noodwendig sal volg.
- B. Niemand moet daarop vertrou dat die geluk wat  
hy geniet, vir altyd sal aanhou nie. Iedere  
geluk word deur 'n ongeluk gevolg.  
Boewe word gewaarsku dat die voordele wat hulle  
uit oortreding van die wet kan behaal, altyd  
deur 'n swaar straf gevolg sal word.

2.6.1.4 Diphologolo di atlanagela batsomane (Sb. 75 -  
Pl. 93 - Ls. 93)

- A. 'Diere kom in skare na jagtertjies toe'.  
Die verkleinwoord batsomane 'jagtertjies' druk  
verkleinering uit.  
Die beeld: By 'n jagtog gebeur dit dat diere  
in groot menigtes op plekke aangetref word  
waar onervare jagers aangesê is om te jag.
- B. Sukses en geluk gaan dikwels nie met ondervin-  
ding of bekwaamheid gepaard nie, maar val die-  
gene te beurt vir wie dit volgens 'n bonatuur-  
like en onverklaarbare lotsbeskikking voorbe-  
stem is.

2.6.1.5 Di sa itsaneng di a welana (Sb. 81 - Pl.  
94 - Ls. 94 - Monyaise 1960, bl. 5)

- A. 'Dié wat nie van mekaar weet nie, kom toevallig  
op mekaar af'.  
Die veronderstelde onderwerp waarna die skakel  
di verwys, is waarskynlik dipoo 'bulle'. Hulle  
word egter as 'n metonimia vir sterk mans ge-  
bruik.



Die beeld: Sterk mans het as gevolg van hulle krag en waaghalsigheid baie gevegte gewen en is dus verwaand. Hulle behoort egter versigtig te wees omdat daar ander sterk mans is wat hulle tot dusver nog nie ontmoet het nie. Hierdie mans kan selfs nog sterker en waaghalsiger wees en as hulle toevallig op mekaar afkom, kan die verwaande mans hulle roem ontnem word.

- B. Niemand mag op grond van sy sukses hoogmoedig word nie. Hy moet liewers daarmee reken dat hy in 'n ongeluk mag beland. 'n Ongelukkige toeval kan 'n hoogmoedige wat onverskillig is, diep verneder.

#### 2.6.2 Voortekens en voorgevoel

Die verskynsel van voortekens en voorgevoel is van oudsher by alle volke bekend, al het die "verligte" Westerling dit vandag in 'n groot mate verloor. By die Tswana is dit vandag nog baie aktief en speel veral by sekere besluite 'n groot rol.

##### 2.6.2.1 E re o gopola tshukudu, o ikanye setlhare (Sb. 125 - Penzhorn 1926, bl. 75 - Malepe 1969, bl. 179)

- A. 'Wanneer jy aan 'n renoster dink, vertrou dan op 'n boom'.

Die beeld: 'n Mens loop deur die veld en word plotseling deur die gedagte getref dat hy 'n gevaarlike renoster mag teëkom. Dadelik kyk hy rond vir 'n geskikte boom waarin hy kan klim as die gevaarlike renoster werklik sou opdaag.

- B. Die voorgevoel dat jy deur 'n gevaar bedreig word, moet as 'n waarskuwing wat jou op bonatuurlike wyse bereik, beskou word. Dit is raadsaam om op so 'n voorgevoel ag te slaan.

2.6.2.2 Tshwene yo o boboa bo ntlha, o a ikilela  
(Sb. 1139 - Fl. 65 - alt. Ls. bl. 9)

- A. 'n Bobbejaan wie se hare maklik rys, is versigtig'.

Die bobbejaan word hier soos in dierestories gepersonifiseer. Vandaar die skakels yo o en o.

Die beeld: 'n Bobbejaan ervaar gevaar en as gevolg daarvan rys sy hare. Hy is dus baie versigtig.

- B. By 'n voorgevoel van gevaar behoort jy dubbel versigtig te wees om sodoende die gevaar te ontdek. So 'n voorgevoel kom nie toevallig nie maar moet as 'n bonatuurlike waarskuwing beskou word. Hierdie verklaring word deur Leseyane en deur die meeste van die informante voorgestaan. Seboni haal 'n verskillende verklaring aan. Hy bring die bobbejaan met die rysende hare **in verband** met iemand wat met sy swakhede en foute mense aanstoot gee en as gevolg daarvan vyande het. Hy word deur middel van hierdie spreekwoord vermaan om in sy optrede versigtig te wees om sodoende ongewildheid te vermy.

2.6.2.3 Ngwana wa ga mme ga ke a mmolelelwa, ke mo utlwile ka bafeti ba tsela (Sb. 938)

- A. '(Oor) 'n kind van my moeder word my nie vertel nie, ek het hom gehoor deur die verbygangers op die pad'.

Ga ke a mmolelelwa 'my is nie oor hom vertel nie' is 'n sinekdogee vir: 'sy siekte of dood is nie aan my gerapporteer nie'.

Ke mo utlwile ka bafeti ba tsela 'ek het hom gehoor deur die verbygangers op die pad' is 'n metonimia vir: 'ek het 'n telepatiese gevoel hiervan wat ek liggaamlik waarneem'.

'n Verklaring hoekom die 'verbygangers op die pad' 'n telepatiese kontak uitdruk, kon nie verkry word nie.



Die beeld: Iemand is siek of het gesterwe. Dit is nie nodig dat die sieke of oorledene se naverwante 'n formele boodskap hiervan ontvang nie want hulle voel dit as gevolg van 'n telepatiese voorgevoel aan.

- B. Naverwante is deur 'n telepatiese gevoel met mekaar verbonde. Hulle voel dit liggaemlik aan as iemand in nood is, of in siekte verkeer, of gesterf het.

### 2.6.3 Onpersoonlike bonatuurlike kragte

Die Tswana ken 'n reeks bonatuurlike kragte wat latent aanwesig is, maar slegs deur kenners gehanteer kan word. Hierdie kragte word vir die genesing van siekes, as middel teen plaë en as beskerming teen ongeluk en gevare toegepas, maar hulle word ook vir towerery gebruik om ander mense skade te doen. In spreekwoorde kom hierdie bonatuurlike kragte egter selde voor.

#### 2.6.3.1 "Ke bonye" e tswana le "Ke-tlholetswe" (Sb. 538 - Fl. 225 - Ls. 223)

- A. "'Ek-het-ondervind" staan gelyk aan "Ek-is-getoor"'.  
 "Ke-bonye" en "Ke-tlholetswe" is gepersonifiseerde uitroepe.

"Ke-bonye" 'Ek het ondervind' is 'n sinekdogee vir: "'ek het swaar gekry"' of "'ek het moeilikhede ondervind"'.  
 Die beeld: Iemand het moeilikhede ondervind en teenspoed gehad. Hy neem vanselfsprekend aan dat dit deur 'n vyand se towerery veroorsaak is.

- B. As iemand in nood verkeer, glo hy gewoonlik dat hy deur 'n vyand getoor is in plaas van om homself af te vra of hy nie self vir die moeilikhede verantwoordelik is nie.

2.6.3.2 Setlhare ga se alafe ka bontsi (D.)A. ''n Geneesmiddel help nie deur sy hoeveelheid nie

Die beeld: 'n Dokter het vir 'n sieke medisyne gebring. Dit is belangrik dat die regte hoeveelheid, soos deur die dokter aangewys, toegedien word. As te veel medisyne gegee word, kan dit skadelik wees.

## B. As jy wil hê dat geneesmiddels doeltreffend moet wees, moet jy alle aspekte in ag neem soos die regte hoeveelheid, die regte tyd en regte manier. 'n Groot hoeveelheid alleen bring nie noodwendig genesing nie. Inteendeel, dit kan skadelik wees. Die spreekwoord word ook op hulp wat nie uit medisyne bestaan nie, toegepas.

2.6.3.3 Ga go gane pula, go gana mong wa yone (D.)

## A. 'Dit is nie die reën wat weier nie, dit is sy baas wat weier'.

Ten tye van droogte maak die Tswana staat op reënmagie. Dit is belangrik dat die regte procedure gevolg en by die regte instansies aansoek gedoen word. Die mans moet 'n versoek aan die kaptein rig. As die kaptein hierdie versoek aanvaar, ontbied hy die moroka (die deskundige vir reënmagie) om die reënmagie uit te voer. Dit was ongeoorloof om oor die afwesigheid van reën te murmureer. 'n Gesegde wat miskien nie heeltemal die kwaliteit van 'n spreekwoord het nie, lui: Pula ga e ngongoregelwe, 'oor die reën word nie gemurmureer nie'.

## B. Dit is ongeoorloof om te murmureer as die reën wegbly. Die kaptein is die aangewese instansie waar vir reën aansoek gedoen moet word. Onder Christelike invloed word hierdie spreekwoord op God betrek wat weier om aan die mense reën te gee as hy hulle vir hulle boosheid wil straf.



#### 2.6.4 Die wese en handelwyse van God

Benewens die onpersoonlike bonatuurlike kragte het die ou Tswana persoonlike bonatuurlike wesens geken waarvan die hoogste Modimo 'God' genoem is. Hulle het ook verskeie semigode geken. In spreekwoorde wat ek tot dusver teëgekrom het, kom egter alleenlik Modimo voor.

Die hedendaagse Tswana dra amper geen kennis meer van wat hulle voorouers oor Modimo gedink het nie. Daar bestaan slegs enkele spreekwoorde wat na die wese en handelwyse van Modimo verwys. Die spreekwoord 2.6.1.2 maak dit duidelik dat Modimo beslis teen boosheid gekant is en dit hard straf. Van ander spreekwoorde kan nog meer wesenstrekke van Modimo afgelei word.

##### 2.6.4.1 Molelo wa Modimo ga o tingwe (Sb. 812 - Pl. 419 - AP.)

###### A. 'Die vuur van God word nie geblus nie'.

As metonimieë vir molelo 'vuur' word verskeie wesenstrekke van God aangegee. Seboni praat van die wil van God. Ander segsmanne het van die geregtigheid of die goedertierenheid van God gepraat. Eerw. Makgotlho van Krugersdorp het 'n alternatiewe vorm van die spreekwoord aangehaal, naamlik:

Molelo wa Modimo ga o tingwe ke o monswa  
'Die vuur van God kan nie deur 'n ander vuur geblus word nie'.

Hy het die beeld soos volg verklaar: 'n Veldbrand kan deur 'n voorbrand geblus word. Die brand van God kan nie deur enigiets tot stilstand gebring of geblus word nie. Die vuur van God het hy as 'n beeld vir die goedertierenheid van God wat deur niks gekeer kan word nie, geïnterpreteer.

###### B. God verander nie sy wesenstrekke nie. Hy sal regverdig en barmhartig bly en alle teenstand van die kant van die bose in die mens oorwin.

2.6.4.2 Modimo ga o ke o ja nkabo (Sb. 763 - Wonyaise 1965 A, bl. 29 - Sandilands 1953, bl. 294 - Brown, Secwana Dictionary, bl. 228 - alt: Pl. 389 - AP. bl. 255)

A. 'God is nie partydig nie'.

Go ja nkabo 'steel en skelmpies eet' is 'n metonimia vir: 'partydig wees en iemand voortrek' (vergelyk: Brown, Secwana Dictionary, bl. 228).

Die wesenstrekke van God word beskryf deur hulle in teenstelling met die swakhede van die mens uit te beeld. God handel nie soos mense wat 'steel en skelmpies eet' nie. Hy word nie deur geskenke omgekoop en trek niemand voor nie.

B. Op God kan jy altyd vertrou. God laat sy mense nooit in die steek nie. Hy is nie wispelturig nie maar 'n anker met betrekking tot geregtigheid en goedertierenheid vir almal.

2.6.4.3 Bana ba bua le Modimo (Sb. 3-- Pl. 27 - Ls. 27)

A. 'Die kinders praat met God'.

Kinders is nog nie soos volwassenes deur die bese aangetas nie. Dus het hulle verbinding met God nog nie verbreek nie en kan hulle nog vryelik met God in verbinding tree.

B. Kinders is nog onskuldig en hulle verhouding tot God is nog nie deur die bese vertroebel nie. Daarom word hulle ook teen ongeluk beskerm.

2.6.4.5 Ga Modimo ga go itsiwe (Sb. 165 - Pl. 155)

A. 'Die verblyfplek van God is onbekend'.

Ga Modimo 'verblyfplek van God' is volgens Seboni en ander informante nie op die verblyfplek beperk nie maar omvat alle wesenstrekke van God.

B. Die wese en die handelwyse van God bly vir die mens verborge. Die mens kan God nie begryp nie. Sy handeling is vir hom ondeurgrondelik.



HOOFSTUK 33 SAMEVATTENDE OPMERKINGS

Die inhoud van die spreekwoord in Tswana is op grond van 'n beperkte aantal spreekwoorde ondersoek. Daar is gepoog om die spreekwoorde wat geannoteer sou word, so te kies dat soveel aspekte van die Tswanakultuur as moontlik geraak word. Die doel daarvan was om sodoende sekere trekke wat in Tswanaspreekwoorde bevat is, na vore te laat kom. Spreekwoorde kan besonder betroubare inligting oor die gedagtes en die karakter van die ou Tswana gee omdat hulle vyandig staan teenoor veranderinge wat in die proses van akkulturasie by die Tswana voorgekom het (vergelyk 1.6).

3.1 DIE OORHEERSENDE ROL VAN DIE GEMEENSKAP

Die ou Tswana het in geslote stamgemeenskappe geleef. Daarin was min ruimte vir individualisme. Die lewe van elke lid was in 'n groot mate deur die gemeenskap bepaal. Die individu kon net in 'n baie beperkte mate doen wat hy as individu wou doen.

In die eerste plek was dit sy familie wat sy lewe en sy doen en late bepaal het. Hy moes al sy planne aan hulle wat met betrekking tot status sy meerderes was, meedeel en deur hulle laat goedkeur. Die bepalende rol wat die familie in sy lewe gespeel het, het egter ook groot voordele vir hom ingehou. Wanneer hy moeilikhede ondervind het, het hy nooit alleen gestaan nie. Alle lede van die familie was verplig om hom te help. Hoe ver die verpligting tot wedersydse hulp binne die familiekring gegaan het, word byvoorbeeld duidelik in die spreekwoord 2.2.4.1:

Bana ba motho ba kgaogana tlhogwana ya tsie.

'Kinders van een mens deel met mekaar (selfs)  
die klein koppie van 'n sprinkaan'.

Die groot rol wat die gemeenskap in die lewe van die Tswana gespeel het, kan veral by die spreekwoorde opgemerk word wat onder die onderhoofde: Onderlinge hulp binne 'n gemeenskap (2.2.1) en: Verwantskap (2.2.4) gegroepeer is. Maar ook by die ander spreekwoorde

moet die rol wat die gemeenskap gespeel het, altyd in ag geneem word.

In die lewe van die hedendaagse Tswana het die rol wat die gemeenskap speel, sterk afgeneem. As gevolg van akkulturasie is hulle lewe reeds in 'n groot mate individualisties gevorm. As gevolg daarvan ondergaan die Tswanaspreekwoord, hoewel die bewoording meesal onveranderd bly, in sy betekenis en toepassing vandag 'n verandering in die rigting van individualisme.

As ons die Tswanaspreekwoorde egter in hulle oorspronklike betekenis wil verstaan, moet ons die oorheersende rol wat die gemeenskap by die ou Tswana gespeel het, voor oë hou. 'n Interessante apreekwoord wat hierdie groot rol van die gemeenskap goed illustreer, word deur Plaatje aangehaal (Pl. 646):

Tau e rile: "Ke motho ke le nosi". E nngwe ya re:  
"Ke motho ka ba bangwe".

'n Leeu het gesê: "Ek is 'n mens terwyl ek alleen is". 'n Ander (leeu) sê: "Ek is 'n mens deur ander mense".

### 3.2 DIE ROL VAN WET, STATUS EN GESAG

Die ingewikkelde organisasie van die ou Tswanastamme was gegrond op die wet, sosiale status en gesag. Dit kon alleenlik funksioneer as die wet nagekom en gesag uitgeoefen is. Dit is uitgeoefen deur mense wat volgens hulle status daartoe bevoeg was.

Die tradisionele Tswana het geen skryftaal ontwikkel nie. Die reëls en wette van die Tswanakultuur is deur mondelinge tradisie bewaar en oorgedra. Daarby het spreekwoorde 'n belangrike rol gespeel. Weens hulle vaste en betreklik onveranderlike vorm was spreekwoorde die geskikte houers om wette en gedragsreëls van geslag tot geslag oor te dra. 'n Hele aantal spreekwoorde het selfs die funksie gehad om as "regsuitsprake" te dien. 'n Voorbeeld hiervan is die spreekwoord 2.4.2.3:

Legodu ke le le tshwerweng ka morwalo.

'n Dief is die een wat met die (gesteelde) drag gevang is'.



Hierdie regsprekwoorde is egter nie net in die lekgotla nie, maar ook in alledaagse gesprekke gebruik. Deur hierdie alledaagse gebruik van die spreekwoorde is die aanvaarde norme van wet en gesag en die regte uitoefening daarvan in die geheue van die mense ingeprent. Die regsprekwoorde was nie in wetboeke geskryf waartoe slegs regsgeleerdes toegang sou gehad het nie, maar hulle het as spreekwoorde in die alledaagse gesprekke van die volk gelewe. Naomi Mitchison skryf oor hierdie aspek van die spreekwoord in Tswana soos volg:

"We think that the main impression is of a society with a set of checks and balances which are not codified into laws or rules, but are a part of the social ambience. They are not enforced, but people who lapse are reminded, through the proverbs, of correct behaviour. There is a constant stress on friendliness and the making up of quarrels." (Mitchison 1967, bl. 242).

Tswanasprekwoorde is egter nie net versigtig en beleef nie maar ook openhartig en reguit. Die regsprekwoorde is in 'n besondere mate in die lekgotla tuis waar hulle sonder twyfel dien om die reg te verduidelik en dwang op die handhawing van die wet uit te oefen.

Omdat hulle help om wet en gesag toe te pas, staan die spreekwoorde in diens van die gemeenskap en help om dit te beskerm. Deur spreekwoorde word die aanvoeling vir reg en onreg by die mense aan die lewe gehou.

Die mate waarin wet en gesag in 'n Tswanagemeenskap toegepas word, hou blykbaar ook verband met die mate waarin spreekwoorde in die alledaagse lewe van die stam gebruik word. In baie Tswanastamme het die gesag vandag in 'n groot mate verdwyn, en dienooreenkomstig het ook die gebruik van spreekwoorde grootliks afgeneem. Daarenteen het byvoorbeeld die gesag in die betreklik afgeleë Tswanastamme van Botswana baie beter bewaar gebly. Daarmee gepaardgaande het ook die gebruik van spreekwoorde daar nie in so 'n groot mate afgeneem nie.

### 3.3 POSITIEWE EN NEGATIEWE LEWENSBEKOUINGS

In spreekwoorde word die lewensbeskouings van die Tswana duidelik weerspieël. Daar is byvoorbeeld 'n aantal spreekwoorde wat die regte houding teenoor werk aantoon. In ander spreekwoorde word maniere aangedui hoe moeilikhede en nood baasgeraak kan word. 'n Baie bekende spreekwoord dui aan dat harde inspanning gewoonlik met sukses bekroon word. Hierdie spreekwoord lui (2.5.2.3):

Phokojwe go ja yo o diretsenyana.

'n Modderige jakkals eet'.

Wanneer iemand teëspoed gehad het en moed verloor, word hy aangemoedig deur die volgende spreekwoord (2.1.3.6):

Phiri o rile: "Ga bo se gangwe."

'Die wolf het gesê: "Dit word nie net eenmalig nie."'

In spreekwoorde word ook die trots op die Tswana-kultuurerfenis uitgedruk. 'n Mens word vermaan om jou kultuurerfenis te bewaar en nie verlore te laat gaan nie. 'n Gepaste spreekwoord lui (2.1.6.6):

Boswa jwa tau ke letlalo.

'Die erfenis van 'n leeu is (sy)vel'.

As 'n mens die aantal spreekwoorde wat 'n positiewe lewensbeskouing uitdruk, soos dit byvoorbeeld in bogenoemde spreekwoorde weerspieël word, vergelyk met die aantal spreekwoorde waaruit 'n negatiewe lewensbeskouing spreek, is dit verbasend hoeveel groter laasgenoemde is. In baie spreekwoorde word die moeilike lewensomstandighede waarin die Tswana in die halfwoestyn-landstreke verkeer, weerspieël. Plae en droogtes belemmer voortdurend die vooruitgang en is dikwels ook 'n bedreiging vir die lewe self. Baie spreekwoorde vermaan die mens om nie die hoop op toekomstige dinge te vestig nie. 'n Voorbeeld is die volgende (2.1.3.1):

Sedibana se pele ga se ikanngwe.

'n Putjie wat vorentoe lê, moet nie vertrou word nie'.



Dit is opmerklik hoe skepties die mens in spreekwoorde bejeën word. Onaangename ervarings met die swakhede en booshede van die mens het aanleiding tot die ontstaan van baie spreekwoorde gegee. In spreekwoorde word beweer dat mense met morele gebreke nie verander kan word nie, soos uit die volgende spreekwoord blyk (2.3.2.4):

Setlhotsa go fola sa podi, sa motho ga se fole

'n Mank bok word (weer) gesond, 'n (mank) mens word nie (weer) gesond nie'.

Groot teleurstelling word in Tswanaspreekwoorde oor die ondankbare houding van kinders teenoor hulle ouers uitgespreek. Die versorging van ouers deur hulle kinders word in die Tswana-etiek as 'n belangrike plig beskou. Die ouers het baie moeite gedoen om hulle kinders groot te maak. Hulle het dus 'n reg op dankbaarheid en op versorging in die ouderdom. Ouers wag egter dikwels tevergeefs op dankbaarheid en word in hulle ouderdom dikwels deur hulle kinders verwaarloos. Die teleurstelling hieroor spreek uit die volgende spreekwoord (2.2.6.8):

Ka tlhagolela mookana, ya re o gola, wa ntlhaba.

'Ek het om 'n soetdoringboompie geskoffel, (maar) toe hy groot word, steek hy my'.

In verband met Duitse spreekwoorde wys Seiler ook op die verskynsel van die negatiewe lewensbeskouing en beweer dat die spreekwoord in die algemeen "eine stark pessimistisch gefärbte Weltanschauung" toon (Seiler 1967, bl. 320). Die pessimistiese en fatalisties-gelate lewensbeskouing is myns insiens by die Tswanaspreekwoord in 'n groter mate as byvoorbeeld in die Duitse spreekwoord aanwesig.

#### 3.4 ETIESE TREKKE

Tswanaspreekwoorde het grotendeels 'n sterk didaktiese strekking (vergelyk 1.4). Van die lesse wat in Tswanaspreekwoorde aangetref word, kan sekere etiese houdings en benaderings afgelei word.

### 3.4.1 Die verskil tussen handeling binne en buite die gemeenskap

'n Lid van die gemeenskap waarin jy lewe, behandel jy anders as 'n vreemdeling. As een van jou eie mense in nood verkeer, sal jy hom help sonder om te aarsel. Veral tree die voorkeurbehandeling na vore as dit oortredings raak. Die oortreding van een van jou eie mense weeg nie so swaar soos dié van 'n vreemdeling nie. 'n Duidelike voorbeeld hiervan is die spreekwoord wat lui (2.2.7.5):

Lesepa le golo la moang, la mong gae pipitlwane.

'Die ontlasting van 'n vreemdeling is 'n grote, maar dié van die huisbaas is 'n nietigheid'.

Ooreenkomstig hiermee word 'n lid van die gemeenskap nie so swaar gestraf soos 'n vreemdeling nie. Teenoor hom word enige versagtende omstandighede in ag geneem terwyl 'n vreemdeling 'n swaar straf opgelê word. Dit word by die volgende spreekwoord duidelik (2.2.4.5):

Seboba ke bata sa mokokotlo, sa mpa ke a mpampetsa.

'Die steekvlieg wat op my rug sit, slaan ek, dié op my maag streel ek'.

Die Tswana gebruik dus volgens hulle spreekwoorde verskillende etiese maatstawwe by die beoordeling van oortredings deur lede van die eie gemeenskap teenoor dié deur vreemdelinge.

### 3.4.2 Ontbrekende idealisme by etiese handeling

Idealistiese en humanistiese gedagtes en handeling kan as gevolg van die Christelike invloed nie meer uit die etiek van die Westerse kulture weggedink word nie. Met idealistiese en humanistiese gedagtes en handeling word onder andere bedoel dat iemand sy eie belange en voordele teenoor dié van iemand anders in die agtergrond skuif en iemand anders onbaatsugtig help. Sulke idealistiese handeling is by die Tswana onbekend. Tswanaspreekwoorde ken wel die onbaatsugtige handeling van ouers teenoor hulle kinders. Die rede hiervoor is egter nie idealisme nie, maar wel die voorkeurbehandeling



wat jou eie mense geniet. Tswanaspreekwoorde pas die etiese beginsels van "do, ut des", 'ek gee, sodat jy gee' (Büchmann 1958, bl. 392) toe. 'n Spreekwoord wat dit sonder enige eufemisme uitdruk, lui:

Ke fa yo o mphang, ke hutisa yo o nkhutisang (D.).

'Ek gee aan diegene wat my gee, ek stop vir diegene kos in die mond wat vir my kos in die mond stop'.

Tswenaspreekwoorde keur onbaatsugtigheid en oordrewe liefde af. 'n Mens is wel veronderstel om jou eie mense te help, maar ook hierdie hulp moet so beperk word dat jy nie aan die kortste end trek nie. Die volgende spreekwoord spreek dit onomwonde uit (2.1.7.5):

Go fa go natha, segolo se sala le mong.

'Om te gee, beteken om 'n stuk af te breek, (maar) die groot deel bly by die eienaar'.

Hoe onsinnig 'n oordrewe idealisme in die etiek van die Tswana beskou word, word in die dierestorie van Mmamasiloanoka 'Hamerkop' uitgebeeld. Hierdie dierestorie word in 'n spreekwoord saamgevat wat gewoonlik sarkasties gebruik word en lui (2.1.7.6):

Bopelonomi bo bolaile Mmamasiloanoka.

'Groothartigheid het Hamerkop doodgemaak'.

### 3.4.3 Die bewaring van die menslike lewe as etiese norm

Die Tswana het dapperheid in oorlogstye gewaardeer. Dit word ook in spreekwoorde weerspieël. Die deugde van vredeliewendheid word egter as belangriker beskou (vergelyk Plaatje 1916, bl. 2). Die behoud van die menslike lewe het in die Tswanaspreekwoord 'n belangrike plek soos die volgende spreekwoord duidelik toon (2.1.6.1):

Marope a bagale melora, ba bonolo ba phela ka bonolo jwa bona.

'Die ruïnes van kwaai mense is ashope, (maar) die sagmoediges leef deur hulle sagmoedigheid'.

As die Tswanaspreekwoord van die "lewe" praat, is daarmee nie noodwendig die lewe van 'n individu bedoel nie. Die Tswana dink daarby eerder aan 'n "mitiese lewenstroom" wat van die voorouers oor die hedendaagse geslag tot by die ongebore geslagte vloei. In een van die spreekwoorde word dit soos volg uitgedruk (2.1.8.5):

Go swa medimo, go sale medingwana.

'Die gode sterf, die godjies bly oor'.

Hierdie diepgaande filosofiese gedagtes oorskry reeds die gebied wat gewoonlik deur spreekwoorde gedek word. Tswanaspreekwoorde stel meer belang in die alledaagse lewe van die mens, en die gedagtes en lesse van die spreekwoorde word ook by voorkeur in die stoflike dinge van die Tswanakultuur geklee.



BIBLIOGRAFIE

- Brown, J.T. Secwana Dictionary (The London Missionary Society, Tigerkloof 1965)
- Brümmerhoff, O. Tswana Sprichwörter (Manuskrip)
- Büchmann, G. Geflügelte Worte und Zitatenschatz (J. Asmus Verlag Stuttgart 1958)
- Cole, D.T. An Introduction to Tswana Grammar (Longmans, Green and Co. London-Cape Town - New York 1955)
- Guma, S.M. The Form, Content and Technique of Traditional Literature in Southern Sotho (J. L. van Schaik, Pretoria 1967)
- Junod, H.P. The Wisdom of the Tonga-Shangaan People (Pretoria 1936)
- Kgasi, M. Thutô ke eng? (The Lovedale Press 1949)
- Kgasi, M. Thulaganyô ya Dipolêlô (The Lovedale Press 1951)
- Kriel, T.J. The New English-Sesotho Dictionary (A F B 1958)
- Kritzinger, Afrikaanse Spreekwoorde en Utdrukkings  
M.S.B. & N.G. (J. L. van Schaik Pretoria 1967)
- Sabbagha
- Mabille, A & Southern Sotho-English Dictionary  
H. Dieterlen (Moriya Sesuto Book Depot, Morija 1961)
- Leseyane, P. Letlhaku le legologolo (J. L. van Schaik, Pretoria 1969)
- Leseyane, P. Buka ya go buisa 5 & 6 (J. L. van Schaik, Pretoria 1964)
- Malepe, A.T. Setswana sa borre (Better books, Pretoria 1969)
- Merriweather, Medical Phrasebook & Dictionary  
A.M. (Bechuanaland Book Depot, Lobatsi 1965)
- Mhlatsywa, <sup>Mesatya</sup> Izaci namaqhalo Esixhose  
E.W.M. (Longmans, Green & Co, Cape Town 1954)

- Mitchison, N. & A.K. Pilane The Bakgatla of South-east Botswana As seen through their proverbs (Folklore, Volume 78, Winter 1967)
- Motlhasedi, G.C. Moepatshipi ga a bone (J. L. van Schaik, Pretoria 1964)
- Modise, D.P. Gareng ga metswi (J. L. van Schaik, Pretoria 1967)
- Moloto, D.P. Motimedi (APB-Bona Press 1963)
- Monyaise, D.P.S. Omphile Umphi Modise (A P B Johannesburg 1960)
- Monyaise, D.P.S. Marara (J. L. van Schaik, Pretoria 1965 A)
- Monyaise, D.P.S. Ngaka mosadi mooka (J. L. van Schaik, Pretoria 1965 B)
- Ntsimane, J.M. Pelo e ja serati (Via Afrika, Cape Town - Bloemfontein - Johannesburg)
- Nyembezi, C.L.S. Zulu Proverbs (Witwatersrand University Press, Johannesburg 1954)
- Penzhorn, J.C.E. Meleso (Hermannsburg Mission Moorleigh 1926)
- Plaatje, S.T. Sechuana Proverbs With Literal Translations And their European Equivalents (Kegan Paul, Trench, Trubner & Co, London 1916)
- Rakoma, J.R.D. Marema-ka-dika (J. L. van Schaik, Pretoria 1970<sup>5</sup>)
- Sandilands, A. Introduction to Tswana (London Missionary Society, Tigerkloof 1953)
- Schapera, I. (red) The Bantu Speaking Tribes of South Africa (Maskew Miller Limited, Cape Town 1959)
- Seboni, M.O.M. Diane le Meele a Setswana (The Lovedale Press 1962)
- Seboni, M.O.M. Ramone wa Kgalagadi (Via Afrika Publishers Bloemfontein - Cape Town - Johannesburg)
- Seboni, M.O.M. Kgosi Isang Pilane (A P B Johannesburg - Cape Town 1967)





## OPSOMMING

Die doel van hierdie ondersoek is om die inhoud van die spreekwoord in Tswana te analiseer. Onder "inhoud" word die bewoording, betekenis en toepassing van die spreekwoord verstaan.

Die verhandeling word in drie hoofstukke ingedeel. In die eerste hoofstuk word inleidend die navorsingsterrein beskryf en metodologiese opmerkings gemaak. Daarna word verskeie verskynsels van die Tswanaspreekwoord nagegaan, en die volgende is vasgestel:

Tswanaspreekwoorde is dikwels nie maklik verstaanbaar nie omdat hulle soms argaïese woorde bevat of na vergete historiese gebeurtenisse verwys. Ook die stilistiese vorm verminder die verstaanbaarheid.

'n Aantal spreekwoorde het 'n ongesofistikeerde inhoud en bevat selfs gemeenplase. Die meeste spreekwoorde bevat egter dieper gedagtes wat selde abstrak bewoord word.

Die oorspronklike betekenis van 'n spreekwoord wissel namate die omstandighede waarop dit toegepas word, ook wissel. Die betekenisnuanses verskil egter min van mekaar.

Nieteenstaande die neiging van spreekwoorde om vyandig teenoor veranderings te staan, kom daar baie wisselings in hulle bewoording voor.

Spreekwoorde gebruik dikwels 'n figuurlike spreekwyse. By 'n groot aantal spreekwoorde word ook 'n letterlike of gedeeltelik figuurlike spreekwyse aangetref.

Die hoofkenmerk van spreekwoorde is hulle didaktiese strekking, al word die lesse ook soms net geïmpliseer.

Daar bestaan ooreenkomste tussen Tswanaspreekwoorde en dié van ander volke. As dit Bantoevolke is, dui dit waarskynlik op 'n gemeenskaplike kultuurtradisie.

Tswanaspreekwoorde is deurgaans oud en moet teen die agtergrond van die tradisionele Tswanakultuur verstaan en verklaar word.

Spreekwoorde dek 'n wye veld van voorwerpe en gedagtes, maar almal hou verband met die mens wat in die middelpunt daarvan staan.



In die tweede hoofstuk word 'n aantal spreekwoorde geannoteer. Hulle is gekies om verteenwoordigend te wees van soveel terreine as moontlik uit die Tswanakultuur. Die hoofgroepe waarin die spreekwoorde ingedeel word, is die volgende:

- Algemene aspekte van die menslike lewe
- Die mens in die samelewing
- Die mens en sy tekortkomings en oortredings
- Die mens en sy regspleging
- Die mens en sy werk en ekonomie
- Die mens en die bonatuurlike

Hierdie hoofgroepe word weer onderverdeel. Sodoende word 'n oorsig verkry oor verskeie lewensaspekte wat deur die spreekwoord gedek word.

In die derde hoofstuk word gepoog om sekere karaktertrekke van die tradisionele Tswana na aanleiding van hulle spreekwoorde saam te vat. Die volgende is vasgestel:

Die Tswana se daaglikse lewe is in 'n groot mate deur die gemeenskap bepaal. In hulle samelewing was daar min plek vir individualisme. Die gemeenskap het aan sy mense die nodige hulp en beskerming verleen.

Die samelewing was feudaal georden. Gesag is volgens status verdeel en die mense was ook volgens status aan mekaar ondergeskik.

Die wêreldbeskouing van die tradisionele Tswana was oorwegend negatief. Moeilike lewensomstandighede waarin hulle geleef het, het daartoe aanleiding gegee.

Die volgende etiese beginsels word by Tswanasprekwoorde opgemerk:

Binne 'n gemeenskap en daarbuite word nie dieselfde etiese beginsels toegepas nie.

Etiek word nie op idealisme nie, maar op realisme gegrond.

Dit wat die lewe van die mens bewaar, word as goed beskou.